# DIE PROBLEMATIEK VAN DIE KORTTERMYNGEVANGENE TYDENS EERSTE GEVANGESETTING : DIE BEHANDELING DEUR 'N MAATSKAPLIKE WERKER

HESTER SOPHIA BEZUIDENHOUT

BA (MW)

VERHANDELING VOORGELê VIR DIE GRAAD

MAGISTER ARTIUM (MAATSKAPLIKE WERK)

in die

FAKULITEIT LETTERE EN WYSBEGEERTE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

VIR CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

Studieleier : Prof. H Strydom

Potchefstroom

1991

OPGEDRA AAN

MY EGGENOOT, KOBUS

EN MY OUERS

## DANKBETUIGING

Hiermee betuig ek opregte dank aan almal wat op een of ander wyse tot die voltooiing van hierdie verhandeling bygedra het:

* In die besonder wil ek graag my studieleier, Prof. Herman Strydom, opreg bedank vir sy belangstelling, hulpvaardigheid, aanmoediging en opbouende kritiek.
* Graag wil ek vir Dr. Anna-Marie Bisschoff vir die taalkundige versorging van die verslag bedank.
* Dank aan mev. Engela van der Walt vir die kontrolering van die bronnelys.
* Aan Prof. A.L. Combrinck opregte dank vir die kontrolering van die Engelse opsomming.
* Dank aan Gerhard Stoop vir die opstel van die tabelle en grafiese voorstellings.
* Geldelike bystand gelewer deur die Instituut vir Navorsingsontwikkeling vir hierdie ondersoek word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is die van die ondersoeker en moet nie aan die Instituut vir Navorsingsontwikkeling toegeskryf word nie.
* Die Departement van Korrektiewe Dienste wat goedkeuring verleen het dat die ondersoek in die gevangenisopset uitgevoer kon word. Menings in die ondersoek uitgespreek is die van die ondersoeker en huldig die Departement nie noodwendig dieselfde uitgangspunte nie.

* Die aantal korttermyngevangenes wat in die ondersoek benut is, sonder wie geen resultate moontlik kon gewees het nie, word ook bedank.

* 'n Groot dank aan my eggenoot, Kobus wat dit vir my moontlik gemaak het om die ondersoek te kan onderneem, deurdat hy my voortdurend gemotiveer het, ondersteun en gehelp het.
* Dank aan my ouers, Willem en Essa Otto, vir hul aanmoediging en belangstelling.
* Dank aan my skoonouers, Koos en Annatjie Bezuidenhout, vir hul belangstelling.
* Bowenal my opregte dank en erkenning aan my Hemelse Vader, wat my die krag en deursettingsvermoë gegee het.

SOLI DEO GLORIA

## SUMMARY

## PROBLEMS FACING THE SHORT-TERM PRISONER DURING HIS FIRST IMPRISONMENT : TREATMENT BY A SOCIAL WORKER

The purpose of the investigation was to evaluate the results of the treatment of a short-term prisoner's social functioning.

The investigation initially focussed on the motives for punishment and imprisonment and subsequently on the services rendered to the prisoner by the prison.

Secondly the investigation focussed on the etiological factors of the phenomenon of crime. Factors relating to the crime and those relating to the criminal were discussed independently.

The investigation also focussed on the problems experienced by the prisoner. In this discussion the focus was directed at the prison subculture and the deprivations caused by imprisonment. The prisoner's reaction to, inter alia, the loss of his freedom was discussed and, then his self-image and his motivation for receiving treatment.

The social case-work method was utilized in the application of the treatment programme. Self-image, self-maintenance, dealing with conflict and problem solving were highlighted. The programme was implemented for twelve weeks, after which

the prisoner was prepared for release. Measuring scales were utilized throughout to evaluate the change and growth in the prisoner. In the application of the programme the single system design was utilized to gather empirical data.

From a literature study it becomes clear that during his first imprisonment the short-term prisoner has a need for social work services. The short-term prisoner experiences imprisonment as a crisis and this influences his self-image and consequently his ability to assert himself.

Social work treatment can enable the prisoner to improve his self-image and to act more assertively in order to improve his social functioning and to promote reintegration into the community and counteract recidivism.

## INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1**........................................1

**ALGEMENE INLEIDING**........................................1

1. PROBLEEMFORMULERING........................................1
2. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP..........4
3. DOEL VAN DIE ONDERSOEK........................................5
4. HIPOTESE........................................6
5. TERREINAFBAKENING........................................7
6. VOORONDERSOEK........................................8
   - 6.1 Literatuurstudie........................................8
   - 6.2 Ervaring van kenners........................................9
   - 6.3 Verkenningstudies........................................9
   - 6.4 Intensiewe studie van strategiese eenhede......10
7. NAVORSINGSONTWERP........................................11
   - 7.1 Beskrywende fase........................................11
   - 7.2 Verklarende fase........................................12
8. METODES VAN ONDERSOEK........................................12
   - 8.1 Literatuurstudie........................................13
   - 8.2 Enkelstelselontwerp........................................13
9. ONTLEDING EN METING VAN GEGEWENS........................................19
10. BEPERKINGS EN LEEMTES VAN DIE ONDERSOEK............20
11. BEGRIPSOMSKRYWINGS........................................22
    - 11.1 Misdaad........................................22
    - 11.2 Korttermyngevangene........................................23
    - 11.3 Maatskaplike Gevallewerk........................................23

11.4 Assessering....................................24

11.5 Nasorg........................................25

12. INDELING VAN DIE VERHANDELING......................26

HOOFSTUK 2..........................................29

DIE MOTIVERING VIR GEVANGENISSTRAF EN DIE BEHANDELINGS-DIENSTE DEUR DIE DEPARTEMENT VAN KORREKTIEWE DIENSTE...........................................29

1. INLEIDING........................................29

2. DOELSTELLINGS EN ELEMENTE VAN STRAF..............31

2.1 Doelstellings van straf.........................31

2.2 Elemente van straf..............................33

2.3 Doelstellings van gevangenisstraf...............36

3. MOTIVERING VIR GEVANGENISSTRAF...................37

3.1 Afskrikking.....................................38

3.1.1 Individuele afskrikking.......................38

3.1.2 Algemene afskrikking..........................39

3.2 Voorkoming......................................39

3.2.1 Spesifieke voorkoming.........................40

3.2.2 Algemene voorkoming...........................41

3.3 Vergelding......................................42

3.4 Rehabilitasie...................................43

4. BEHANDELINGSDIENSTE DEUR DIE DEPARTEMENT VAN KORREK-TIEWE DIENSTE.......................................45

4.1 Dienste waarop die gevangene geregtig is........46

4.2 Konvensionele behandeling.....................48
4.2.1 Fisiese versorging.........................49
4.2.2 Werk en vryetydsbesteding....................50
4.2.3 Mediese dienste............................53
4.2.4 Godsdiensorg...............................54
4.3 Psigo-sosiale behandeling......................55
4.3.1 Onderwys- en opleidingsprogramme............56
4.3.2 Sielkundige en geestesgesondheidsdienste.....58

5. SAMEVATTING......................................61

**HOOFSTUK 3**.......................................63

**ETIOLOGIESE FAKTORE VAN DIE MISDAADVERSKYNSEL**...........63

1. INLEIDING........................................63
2. SOORTE MISDADIGERS...............................64
2.1 Die toevallige misdadiger......................65
2.2 Die geleentheidsmisdadiger.....................65
2.3 Die oombliksmisdadiger.........................66
2.4 Die residivis..................................66
2.5 Die gewoontemisdadiger.........................67
2.6 Die professionele misdadiger...................67
2.7 Die wit-boordjie misdadiger....................68
2.8 Die misdadiger in bendeverband.................68

3. HUIDIGE BENADERINGS TOT DIE ETIOLOGIE VAN MISDAAD....................................69
3.1 Biofisiese benadering..........................70
3.2 Intra- en interpsigiese benaderings............71
3.3 Sosiologiese benadering........................72
3.4 Meganiese- en fisiesemilieu-benadering.........73
4. ETIOLOGIESE FAKTORE WAT MET DIE MISDADIGER VERBAND HOU..............................74
4.1 Die gesin......................................75
4.1.1 Armoede......................................77
4.1.2 Die ouers van die misdadiger.................80
4.1.2.1 Wangedrag van die misdadiger se ouers......81
4.1.2.2 Die ouers se opvoedingstaak................82
4.1.3 Gesinsonvolledigheid en gesinsonenigheid.....86
4.1.3.1 Moederlike deprivasie......................87
4.1.3.2 Vaderlike deprivasie.......................87
4.1.4 Die kind se reaksie op negatiewe ervarings...90
4.1.5 Die kind se keuse............................92
4.2 Die skool......................................93
4.2.1 Skoolvordering...............................94
4.2.2 Wangedrag op skool...........................95
4.3 Die gemeenskap.................................96
5. SAMEVATTING....................................99

HOOFSTUK 4 ........................................... 101

DEPRIVERENDE OMSTANDIGHEDE IN DIE GEVANGENIS EN DIE KORTTERMYNGEVANGENE SE REAKSIE OP HIERDIE OMSTANDIGHEDE ........................................... 101

1. INLEIDING ........................................... 101
2. DIE GEVANGENISSUBKULTUUR ........................................... 103
2.1 Die ontstaan van die gevangenissubkultuur ........... 105
2.1.1 Die importasiemodel ........................................... 105
2.1.2 Die deprivasiemodel ........................................... 106
2.2 Kenmerke van die gevangenissubkultuur ............... 107
2.2.1 Gevangenekodes ........................................... 107
2.2.2 Groepvorming ........................................... 109
2.2.3 Rolverdeling ........................................... 110
2.2.4 Leierskap onder gevangenes ........................... 112
2.3 Faktore wat die ontstaan van die gevangenis-subkultuur kan beïnvloed ........................... 113
3. DEPRIVERENDE OMSTANDIGHEDE IN DIE GEVANGENIS ......... 114
3.1 Ontbering van vryheid ........................................... 115
3.2 Ontbering van goedere en dienste ..................... 116
3.3 Ontbering van heteroseksuele verhoudings ........... 117
3.4 Ontbering van sekuriteit ........................................... 117
3.5 Ontbering van outonomie ........................................... 118
4. DIE KORTTERMYNGEVANGENE SE BELEWING EN MOONTLIKE REAKSIES OP DIE DEPRIVERENDE OMSTANDIGHEDE ........... 119

4.1 Stadiums in die belewing van gevangesetting........120
4.1.1 Opname........................................121
4.1.2 Die aanhoudingstydperk........................122
4.2 Die reaksies van die korttermyngevangene..........123
4.2.1 Onttrekking...................................123
4.2.2 Ontkenning....................................124
4.2.3 Aggressie.....................................126
4.2.4 Manipulering..................................127
4.3 Die gevolge van hierdie reaksies..................129
4.3.1 Houding teenoor die self......................129
4.3.2 Houding teenoor behandeling...................130
4.3.2.1 Redes waarom gevangenes gemotiveerd is.........131
4.3.2.2 Redes waarom gevangenes nie gemotiveerd is nie.132

5. SAMEVATTING.........................................133

**HOOFSTUK 5**..........................................136

**DIE BEHANDELING VAN DIE KORTTERMYNGEVANGENE DEUR 'N MAATSKAPLIKE WERKER**..........................................136

1. INLEIDING.........................................136
2. DIE DOELSTELLINGS VAN BEHANDELING..................138
3. EIENSKAPPE VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER.............143
3.1 Stremmende eienskappe.........................143
3.1.1 Die invloed van eksterne faktore............144
3.1.2 Die invloed van modelle.....................145
3.1.3 Inbeslagneming van die self.................146
3.2 Instaatstellende eienskappe...................148

3.2.1 Emosionele warmte..........................148

3.2.2 Opregtheid..................................149

3.2.3 Empatie.....................................150

4. SELEKTERING VAN GEVANGENES VIR BEHANDELING........152

4.1 Agtergrondsgegewens...........................152

4.2 Motivering....................................154

5. ASSESSERING VAN GEVANGENES.......................158

5.1 Doelstellings van assessering.................158

5.2 Werkwyses in assessering......................160

5.2.1 Onderhoudvoering............................160

5.2.2 Vraelyste...................................161

5.2.3 Direkte waarneming..........................161

6. DIE BEHANDELINGSPROSES..........................163

6.1 Probleemidentifisering........................164

6.1.1 Redes waarom gevangenes nie hul probleme kan identifiseer nie........................165

6.1.2 Stappe tydens probleemidentifisering........166

6.2 Kontraksluiting...............................169

6.3 Probleemoplossing.............................172

6.3.1 Programontwikkeling.........................172

6.3.2 Programimplementering.......................175

7. ONTSLAGVOORBEREIDING VAN DIE GEVANGENE.............176

7.1 Behoeftes van gevangenes voor vrylating.......176

7.1.1 Werk-, woonplek en finansiële probleme......177

7.1.2 Gesins- en familieverhoudings...............179

7.1.3 Die realiteit................................180

7.2 Doelstellings van ontslagvoorbereiding........181

7.3 Die inhoud van die ontslagvoorbereidingsprogram........................................182
7.4 Parool en nasorgdienste........................184

8. DIE EVALUERING VAN DIE GESLAAGDHEID OF MISLUKKING VAN BEHANDELING....................................186
8.1 Kriteria vir die bepaling van mislukking......187
8.1.1 Terugval in misdaad...........................187
8.1.2 Onsuksesvolle inskakeling by die gemeenskap.188
8.2 Struikelblokke in die bereiking van sukses....188
8.2.1 Verskil in lewenswêrelde tussen die maatskaplike werker en die gevangene............189
8.2.2 Die gemeenskap...............................189
8.2.3 Ander faktore................................190
9. SAMEVATTING......................................192

HOOFSTUK 6.........................................194

EMPIRIESE BEVINDINGS...............................194

1. INLEIDING..........................................194
2. KENMERKE VAN DIE ENKELSTELSELONTWERP...............195
2.1 Spesifiseer die probleem.........................196
2.2 Basislynfase.....................................196
2.3 Meting van die probleem..........................197

2.3.1 Die Heimlerskaal.............................197
2.3.1.1 Die satisfaksieskaal.......................199
2.3.1.2 Die frustrasieskaal........................200
2.3.1.3 Die sinteseskaal...........................201
2.3.1.4 Die verwerking van die skale...............201
2.3.2 Die selfbeeldskaal van Hudson...............202
2.4 Herhaalde metings.............................204
3. STAPPE VAN DIE ENKELSTELSELONTWERP.................204
3.1 Omskrywing van die afhanklike veranderlike.....205
3.2 Omskrywing van die onafhanklike veranderlike...205
3.3 Die intervensiefase............................206
3.4 Die opstel van 'n verslag......................206
4. DIE ONTLEDING VAN GEGEWENS.........................206
4.1 Tabelle en Grafiese voorstellings..............208
4.2 Interpretasie..................................225
5. SAMEVATTING.......................................225

HOOFSTUK 7...........................................227

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS..........227

1. SAMEVATTING VAN DIE ONDERSOEK.....................227
1.1 Die doel van die ondersoek.......................227
1.2 Die metodes van die ondersoek....................228
1.2.2 Literatuurstudie...............................228
1.2.2 Enkelstelselontwerp............................228

2. GEVOLGTREKKINGS.................................229
2.1 Literatuurstudie.................................229
2.1.1 Die problematiek van die korttermyngevangene.....229
2.1.2 Die teorie van maatskaplike gevallewerk..........231
2.2 Die Enkelstelselontwerp..........................232
2.2.1 Die toepassing van die behandelingsprogram.......232
2.2.2 Metingskale......................................232
3. AANBEVELINGS.....................................234
3.1 Literatuurstudie.................................234
3.1.1 Die problematiek van die korttermyngevangene.....234
3.1.2 Die teorie van maatskaplike gevallewerk..........235
3.2 Die Enkelstelselontwerp..........................236
3.2.1 Die toepassing van die behandelingsprogram.......236
3.2.2 Metingskale......................................237
3.3 Aanbevelings vir verdere navorsing...............238
4. SLOTOPMERKINGS...................................239

**BIBLIOGRAFIE**.....................................240

**LYS VAN BYLAES**...................................258
BYLAE A : Werksooreenkoms/kontrak....................258
BYLAE B : Index of self-esteem (ISE).................260
BYLAE C : Heimler scale of social functioning........262

**LYS VAN TABELLE**

TABEL 1 : Opsomming van die resultate van die
Heimlerskaal.........................................208

TABEL 2 : Opsomming van die resultate van die selfbeeldskaal van Hudson..............................209
TABEL 4 : Verskille in gemiddelde tellings tydens elke meting van die selfbeeld, maatskaplike funksionering, frustrasies en sintese.........224

## LYS VAN GRAFIESE VOORSTELLINGS

Grafiese voorstelling 1: Toepassing van die enkelstelselontwerp.................................18
Grafiese voorstelling 2: Benutting van Hudson se selfbeeldskaal vir die meting van selfbeeld.............210
Grafiese voorstelling 3 : Meting van gevangene A se selfbeeld en maatskaplike funksionering.................211
Grafiese voorstelling 4 : Meting van gevangene B se selfbeeld en maatskaplike funksionering.................212
Grafiese voorstelling 5 : Meting van gevangene C se selfbeeld en maatskaplike funksionering.................213
Grafiese voorstelling 6 : Meting van gevangene D se selfbeeld en maatskaplike funksionering.................214
Grafiese voorstelling 7 : Meting van gevangene E se selfbeeld en maatskaplike funksionering.................215
Grafiese voorstelling 8 : Meting van gevangene F se selfbeeld en maatskaplike funksionering.................216
Grafiese voorstelling 9 : Meting van gevangene G se selfbeeld en maatskaplike funksionering.................217

Grafiese voorstelling 10 : Meting van gevangene H se selfbeeld en maatskaplike funksionering................218
Grafiese voorstelling 11 : Meting van gevangene I se selfbeeld en maatskaplike funksionering................219
Grafiese voorstelling 12: Meting van gevangene J se selfbeeld en maatskaplike funksionering................220
Grafiese voorstelling 13: Gemiddelde meting van gevangenes se selfbeeld en maatskaplike funksionering.............221
Grafiese voorstelling 14 : Meting van gevangenes se belewing van frustrasies met behulp van die Heimler-skaal.............................................222
Grafiese voorstelling 15 : Meting van gevangenes se globale persepsie oor die toekoms met behulp van die Heimlerskaal......................................223

# HOOFSTUK 1

## ALGEMENE INLEIDING

### 1. PROBLEEMFORMULERING

Die omvang van misdaad in Suid-Afrika is kommerwekkend. Volgens die jongste verslag van die SA Gevangenisdiens vir die tydperk 1 Julie 1989 tot 30 Junie 1990 (1990:58,64) was die totale gevangenesbevolking in Suid-Afrika 110 000. Vanuit hierdie totaal het 31,19% gevangenes 'n vonnis van minder as twee jaar. Dit bevestig dat korttermyngevangenes 'n groot deel van die gevangenesbevolking uitmaak.

Daaglikse koerantopskrifte beklemtoon die intensiteit en omvang van misdaad. Die realiteit, dat alle mense potensiële misdadigers en ook potensiële slagoffers kan wees, is soms vir die gemeenskap onaanvaarbaar. Die mense in die gemeenskap verkies om nie met misdaad geassosieer te word nie. Juis vanweë hierdie onbetrokkenheid het misdaad toegeneem en is die gevolge van misdaad soms onherstelbaar.

Die misdaadprobleem is dus nie net die regstelsel of die Departement van Korrektiewe Dienste se verantwoordelikheid nie. Die gemeenskap bestaan uit individue wat elk 'n taak ten opsigte van die voorkoming en bekamping van misdaad het. Ten spyte van die emosionele en fisiese skade wat

misdaad vir die gemeenskap inhou, behels dit ook finansiële implikasies. Die eenheidskoste per gevangene per dag gedurende 1989/90 beloop R18,61 (SA Gevangenisdiens, 1990:65). Gevolglik is dit die belastingbetaler se verantwoordelikheid.

Verskeie alternatiewe is beskikbaar om misdaad te voorkom. Die ondersoeker is van mening dat die belangrikste alternatief die behandeling van die gevangene is, en dan veral die korttermyngevangene. Die oplegging van gevangesetting as vonnis het bepaalde motiewe. Daar word aanvaar dat alle alternatiewe strafvorme oorweeg is voordat 'n toepaslike straf ten opsigte van die misdaad en die misdadiger opgelê kan word.

Korttermyngevangenisstraf impliseer 'n gevangenistermyn van minder as twee jaar. Die belewing van hierdie vonnis kan vir verskeie gevangenes traumaties wees en werklik 'n keerpunt in hul lewe beteken. Vir ander gevangenes kan dit slegs 'n tydperk wees wat deur 'n langtermynvonnis opgevolg gaan word. Die belewing van gevangenisstraf, traumaties of nie, sal die korttermyngevangene se motivering vir behandeling bepaal.

Die ondersoeker is van mening dat die korttermyngevangene baiekeer as die vergete gevangene beskou kan word. Vandag word hy in die Gevangenis aangehou, môre kan hy moontlik vrygelaat word. Die kort duur van die vonnis bemoeilik

sinvolle beplanning en uitvoering van maatskaplikewerk-dienslewering. Korttermyngevangenes word by verskeie gevangenisse reg oor die land opgeneem. By kleiner gevangenisse is daar nie altyd 'n maatskaplike werker wat dienste lewer nie. Langtermyngevangenes word meestal na groter Gevangenisse oorgepláas vir assessering en behandeling. Gevolglik geniet die individuele problematiek van die korttermyngevangene selde aandag. Indien hierdie problematiek nie hanteer word nie, kan die korttermyngevangene die langtermyngevangene van môre word.

Die ondersoeker is van mening dat die korttermyngevangene misdaad pleeg as gevolg van individuele problematiek wat hy nie kan oplos nie. Die etiologiese faktore in die veroorsaking van misdaad is uiteenlopend en dit noodsaak intensiewe bestudering van die korttermyngevangene as mens in wisselwerking met sy omgewing.

Maatskaplikewerk-behandeling in die Gevangenis vir die korttermyngevangene kan eerstens bydra tot die voorkoming van misdaad en herhaalde gevangesetting. Tweedens kan dit die algehele funksionering van die korttermyngevangene sodanig verbeter dat hy doeltreffend funksioneer. Deur middel van behandeling kan sy selfbeeld verbeter en kan hy probleemsituasies beter hanteer.

## 2. MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Die motivering vir die keuse van die onderwerp spruit eerstens uit die opregte belangstelling in die gevangene as mens en sy behandeling ten einde sy problematiek te verlig en verdere misdaad te voorkom.

Tweedens is die ondersoeker se belangstelling verder geprikkel na aanleiding van dienslewering as maatskaplike werker in die Departement van Korrektiewe Dienste. Dienslewering as maatskaplike werker het te Potchefstroomgevangenis 'n aanvang geneem en die behoeftes van die korttermyngevangene by hierdie gevangenis is geïdentifiseer. Die identifisering van die problematiek van die korttermyngevangene het die vraag laat ontstaan of die oplegging van korttermyngevangenisstraf nie met korrektiewe toesig vervang kan word nie.

Derdens is die korttermyngevangene, en dan in die besonder die gevangene wat vir die eerste keer in die gevangenis opgeneem word, se belewing van gevangesetting traumaties. Hierdie belewing het tot gevolg dat die gevangene vanweë sy nood gemotiveerd is om by die behandeling in te skakel om sy lewe so te verbeter.

Vierdens is die ondersoeker van mening dat die maatskaplike werker reeds tydens opname die gevangene moet motiveer, behandeling inisieer en beplan. Indien behandeling nie vroegtydig geïnisieer word nie, kan die gevangene 'n goed-

gekeurde vrylatingsdatum ontvang wat sy ingesteldheid teenoor die behandeling drasties kan beïnvloed. Die korttermyngevangene word kort na opname in die gevangenis vir vrylating oorweeg. Vanweë bogenoemde en die voortdurende wisseling van gevangenes is daar op gevallewerk as metode tydens behandeling gefokus.

In die vyfde plek bestaan daar beperkte navorsing oor die problematiek en behandeling van die korttermyngevangene en 'n ondersoek in hierdie verband is noodsaaklik. Metingskale is in die ondersoek benut en die ondersoeker is van mening dat die meting van die resultate van die behandelingsprogramme van kardinale belang is in die uitbouing van die Maatskaplikewerk-professie.

## 3. DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die primêre doel van hierdie ondersoek is om te bepaal of die benutting van maatskaplikewerk-behandeling die korttermyngevangene se maatskaplike funksionering kan verbeter. Om groter duidelikheid oor bogenoemde doelstelling te verkry, word die volgende doelwitte onderskei:

* Om die motivering van straf en in die besonder, gevangenisstraf te bepaal;
* om die etiologiese faktore wat met misdaad en die misdadiger verband hou te identifiseer;
* om die problematiek van die korttermyngevangene as

gevolg van die belewing van die depriverende omstandighede te beskryf;

* om die maatskaplike werker se behandeling, en spesifiek die toepassing van gevallewerk met die korttermyngevangene te bespreek; en
* om die resultate van behandeling te kan bepaal.

## 4. HIPOTESE

Hipoteses stel 'n tentatiewe oplossing van 'n probleem of die verklaring van 'n verskynsel voor. Die onderhawige studie is verklarend van aard, en die volgende hipotese is geformuleer, naamlik:

Indien sekere korttermyngevangenes aan 'n maatskaplikewerk-behandelingsprogram onderwerp word, kan maatskaplike funksionering verbeter word.

Die volgende sub-hipoteses is geformuleer:

* Die oplegging van gevangenisstraf het sekere positiewe doelstellings wat in die motiewe van gevangesetting na vore kom;
* korttermyngevangenes beleef die eerste gevangesetting as 'n krisis en die meeste gevangenes is gemotiveerd om by maatskaplikewerk-behandeling in te skakel;
* die gevangenis het verskeie depriverende omstandighede. Maatskaplikewerk-behandeling kan die korttermyngevangene help om gevangenisstraf positief te benut;

* maatskaplikewerk-behandeling het positiewe resultate tot gevolg wat betref die verbetering van die korttermyngevangene se selfbeeld en maatskaplike funksionering.

## 5. TERREINAFBAKENING

Ten einde die ondersoek prakties uitvoerbaar te maak, is die studieveld begrens. Daar is grootliks op die problematiek van die korttermyngevangene gefokus waarna die maatskaplike werker se behandeling in die Departement van Korrektiewe Dienste in 'n mindere mate bespreek is.

Alhoewel beide groepwerk, gevallewerk en verskeie ander metodes soos gesinsterapie deur maatskaplike werkers in die gevangenisopset benut word, fokus die ondersoeker slegs op gevallewerk. Die benutting van 'n selfhandhawingsprogram soos deur die ondersoeker opgestel, is tydens gevallewerk met die korttermyngevangene gebruik.

Maatskaplikewerk-dienste aan die gevangene in die gevangenis word meestal deur vroulike maatskaplike werkers gelewer en daarom word in die ondersoek na die vroulike maatskaplike werker verwys.

Ten spyte daarvan dat maatskaplike werkers aan alle etniese groepe dienste lewer, fokus die ondersoek op blanke korttermyngevangenes met 'n vonnis van tussen ses en drie-en-twintig maande. Slegs gevangenes wat vir die eerste keer

tot gevangenisstraf gevonnis is, is in die ondersoek gebruik. Die voorondersoek is te Potchefstroomgevangenis onderneem en die hoofondersoek te Pretoria Sentraalgevangenis, weens praktiese reëlings - verhuising.

## 6. VOORONDERSOEK

Die funksie van die voorondersoek is om die duidelike formulering van die vraagstuk moontlik te maak, en om 'n verkenningstudie te doen om nuwe idees ten opsigte van die probleemsituasie te vind. Vier aspekte van die voorondersoek word deur Cilliers (1973:132) onderskei, wat vervolgens bespreek word.

### 6.1 Literatuurstudie

Die doel van literatuurstudie is om vorige navorsing oor die onderwerp te bestudeer. Strydom (1984:26) beweer dat die navorser "alle beskikbare literatuur wat spesifiek betrekking het op die onderwerp van sy studie sal nagaan". Cilliers (1973:133-134) beweer dat literatuurstudie die duidelike formulering van 'n probleem moontlik maak en 'n bron van inligting ten opsigte van die beplanning en uitvoering van die voorgestelde ondersoek is.

Die biblioteekkatalogus van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys asook 'n rekenaardrukstuk van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing is deur die ondersoeker bestudeer om vas te stel

watter onderwerpe reeds in die betrokke navorsing hanteer is. Sodoende is reeds afgehandelde navorsing oor die studieonderwerp aan die ondersoeker bekend gestel en kon bepaal word watter bevindings en aanbevelings van vorige ondersoeke op die ondersoek van toepassing is. Beskikbare literatuur is bestudeer en afgebaken om te verseker dat die ondersoek relevant is.

### 6.2 Ervaring van kenners

Volgens Cilliers (1973:136) kan kenners veel daartoe bydra om die probleem duideliker af te baken. Hulp en leiding ten opsigte van die tegniese en praktiese aspekte van die beplanning van die vooronderse kan ook verskaf word.

Maatskaplike werkers in diens van die Departement van Korrektiewe Dienste is genader. Na deeglike bespreking is dit duidelik dat daar 'n groot behoefte ten opsigte van navorsing oor die korttermyngevangene bestaan. Die afhandeling van behandeling in 'n bepaalde tydperk is verder as 'n navorsingsprioriteit geïdentifiseer.

### 6.3 Verkenningstudies

Verkenningstudies is veral belangrik ten opsigte van die praktiese beplanning en opstel van 'n werkprogram van die voorgestelde navorsing (Strydom, 1984:30). Die beplanning van die ondersoek het die volgende behels:

* goedkeuring deur die Departement van Korrektiewe Dienste om gevangenes by die ondersoek te betrek;
* die skriftelike erkenning deur elke proefpersoon dat hul vrywillig by die behandelingsprogram betrek is;
* die suksesvolle voltooiing gedurende 1989 van 'n kursus deur M. A. van Zyl aangebied vir die benutting en verwerking van die Heimlerskaal.

## 6.4 Intensiewe studie van strategiese eenhede

Tydens die voorondersoek is twee korttermyngevangenes betrek en in die hoofondersoek tien korttermyngevangenes. Die implementering van behandeling is benut aan die hand van 'n selfhandhawingsprogram wat deur die ondersoeker opgestel is.

Die behandeling van elke proefpersoon tydens die voor- en hoofondersoek is oor 'n tydperk van 12 weke voltooi. Hierdie behandeling het vir die volgende voorsiening gemaak:

* selektering en assessering van gevangenes - week 1;
* die benutting van die selfhandhawingsprogram - week 2 tot 8;
* die implementering van ontslagvoorbereiding week 10 tot 11, na afhandeling van admininstratiewe reëlings in week 9;
* die afsluiting van behandeling en die verduideliking van paroolvoorwaardes gedurende week 12; en
* die lewering van nasorgdienste deur die eksterne wel-

synsorganisasie vir 'n minimum tydperk van 8 weke.

Dit word ten doel gestel om die behandelingsprogram en die toepassing van die metingskale tydens die vooronders oek, so na as moontlik in ooreenstemming met die hoofondersoek te bring. Vier metings met die Heimlerskaal is onderskeidelik gedurende week 1, week 9, week 12 en week 20 gedoen. Drie metings met die Hudsonskaal is onderskeidelik gedurende week 1, week 12 en week 20 gedoen.

## 7. NAVORSINGSONTWERP

Volgens Ehlers (1987:9) impliseer die navorsingsontwerp planne en strategieë wat op die verkryging van antwoorde op navorsingsvrae ingestel is. Die doel is dus, om sistematiese prosedures vir die insameling van data voor te stel.

Daar word vier fases in die navorsingsontwerp onderskei, naamlik: verkennend, formulerend, beskrywend en verklarend (Ehlers, 1987:10). Slegs die beskrywende en verklarende fases word aan die hand van Cilliers (1973:30-31) kortliks bespreek aangesien die ander fases nie in die ondersoek na vore kom nie.

### 7.1 Beskrywende fase

Beskrywende navorsing het ten doel om vas te stel hoe die werklikheid daar uitsien; dit beteken dus om te bepaal wat "is". Bogenoemde impliseer dat 'n geldige, objektiewe en betroubare beeld van 'n probleem of verskynsel verkry moet

word. Beskrywende navorsing is 'n breedvoerige ondersoek wat meer op kwantitatiewe inligting fokus. In hierdie ondersoek is 'n studie ten opsigte van die problematiek van die gevangene en sy behandeling gemaak.

### 7.2 Verklarende fase

Volgens Cilliers (1973:31): "Verklarende navorsing neem die vorm aan van 'n ondersoek wat begin met 'n probleem van insig ten opsigte waarvan 'n moontlike verklaring geformuleer word, en die navorsingsprojek bestaan essensieel uit 'n proef wat daarop gemik is om vas te stel of die hipotese wel geldig is." Die ondersoek maak dus van die verklarende fase in navorsing gebruik om die verband tussen behandeling en die gevangene se maatskaplike funksionering te bepaal. Verklarende navorsing is 'n diepte-ondersoek van 'n paar gevalle en fokus dus meer op kwalitatiewe inligting. Hierdie ondersoek het beslis meer elemente van verklarende navorsing as beskrywende navorsing.

## 8. METODES VAN ONDERSOEK

Ten einde voldoende data oor die betrokke onderwerp te verkry, is van 'n literatuurstudie en die enkelstelselontwerp gebruik gemaak. Dit bied die ondersoeker die geleentheid om teorie en praktyk te integreer en om bestaande kennis uit te brei.

## 8.1 Literatuurstudie

'n Literatuurstudie oor bestaande literatuur en navorsing oor die onderwerp is onderneem. Beperkte inligting oor die korttermyngevangene en behandeling bestaan en daar is veral 'n leemte ten opsigte van toepaslike vaktydskrif-artikels ondervind.

Daar is ook lesings en opknappingskursusse van verskeie persone benut. Verskeie addisionele bronne is gebruik om die voorondersoek so relevant moontlik te formuleer, asook om agtergrondkennis uit te brei. Hierdie bronne is nie noodwendig in die teks na verwys nie.

## 8.2 Enkelstelselontwerp

Die enkelstelselontwerp impliseer dat herhaalde metings op spesifieke persone gedoen word, terugvoer verkry, ingryping aangepas en metings herhaal word (Snyman, S.A., 1984:48-49).

Tydens die voorondersoek is twee korttermyngevangenes by die behandelingsprogram betrek en in die hoofondersoek tien gevangenes. Tydens die voorondersoek is die Hudsonskaal vier keer afgeneem waarna dit in die hoofondersoek na drie keer verminder is, omdat daar geen beduidende verskille tussen die metings in week 9 en week 12 in die voorondersoek was nie. Die meting in week 9 is dus weggelaat.

Die behandelingsprogram van die korttermyngevangene strek oor twaalf weke. Gedurende elke week is twee onderhoude gevoer. Tydens die basislynfases is die metingskale benut, naamlik die selfbeeldskaal van Hudson en die Heimlerskaal vir die meting van maatskaplike funksionering. Vir enkele gevangenes is behandeling na fase A2 voor C vir 'n tydperk gestaak omdat die gevangenes nog nie 'n goedgekeurde vrylatingsdatum gehad het nie. Dit is volgens die ondersoeker nie sinvol om ontslagvoorbereiding te doen voordat die gevangene nie sekerheid het oor sy datum van vrylating nie.

Ontslagvoorbereiding is dus slegs gedoen na goedkeuring van 'n vrylatingsdatum. 'n Laaste meting is afgeneem gedurende die nasorgfase wat oor 'n tydperk van twee maande gestrek het.

Die afhanklik veranderlike, naamlik die gevangene se selfbeeld en sy maatskaplike funksionering is deur die Heimler- en die Hudsonskaal gemeet. Alle metingskale is in die teenwoordigheid van die ondersoeker deur die gevangene self voltooi. Aanvanklik is 18 korttermyngevangenes by die hoofondersoek betrek. Vier van die gevangenes is met amnestie vrygelaat, twee is onvoorwaardelik vrygelaat, een het parool gebreek en 'n ander het na die behandelingsprogram verdere maatskaplikewerk-dienslewering geweier. Gevolglik is tien gevangenes in die hoofondersoek benut.

Bloom en Fischer (1982:263, 354-361) onderskei verskeie behandelingsontwerpe. Vanweë die unieke aard van die behandelingsproses wat in hierdie ondersoek benut is, is die volgende ontwerp gebruik, naamlik die A B A C A - ontwerp (Bloom & Fischer, 1982:263).

Hierdie opeenvolgende intervensieontwerpe is verder aangepas, naamlik: A1 B A2 C A3 D. Hierdie ontwerp is om die volgende redes gekies en verder uitgebrei:

* Die behandeling van die korttermyngevangene noodsaak 'n verandering in programme wat aangebied word. Om die gevangene se maatskaplike funksionering te verbeter, impliseer verskeie aspekte, soos onder andere, selfhandhawing, selfbeeld en ontslagvoorbereiding. In hierdie ondersoek is elke gevangene by 'n selfhandhawingsprogram en 'n ontslagvoorbereidingsprogram betrek.

* Vanweë die korttermyngevangene se verandering in behoeftes tydens gevangesetting en veral na die goedkeuring van sy vrylatingsdatum is die verandering in behandelingsprogramme van groot belang. Sodoende word verseker dat die gevangene beter voorbereid vir vrylating is.

* Bloom en Fischer (1982:357-358) is van mening dat een van die nadele van hierdie ontwerp kan beteken dat die gebruiker die resultate van die twee onderskeie intervensiefases wil vergelyk wat nie moontlik kan wees nie. Die ondersoeker is egter van mening dat na aanleiding van die spesifieke behandeling en die wyse waarop dit geïmplementeer is, kan die resultate van die twee hoofintervensiefases, naamlik B en C vergelyk word: eerstens omdat dieselfde metingskale benut is, en tweedens het die oorhoofse doel van die intervensiefases ooreengestem.


* Bloom en Fischer (1982:358) noem verder dat die respondent moeilik oortuig kan word om na afsluiting van een intervensiefase met 'n ander intervensiefase te begin. Die ondersoeker het ondervind dat die korttermyngevangene juis baie gretig is om met ontslagvoorbereiding te begin, veral na goedkeuring van 'n vrylatingsdatum.

* Verder kan dit gebeur dat tydens die laaste basislynfase die resultate van die gevangene se metingskale onbevredigend is en behandeling dan noodgedwonge gestaak moet word omdat die gevangene vrygelaat moet word. Indien die

korttermyngevangene op parool vrygelaat word moet nasorgdienste gereël word wat dan 'n verdere intervensiefase beteken, naamlik D. In hierdie fase word 'n laaste meting met behulp van die Heimlerskaal en die Hudsonskaal gedoen, en word die behandelingsproses sinvol afgesluit. In hierdie fases is daar nie 'n vierde basislynfase onderskei nie omdat die laaste metings nie almal gedurende week 20 gedoen is nie. Sommiges metings is gedurende week 19 of 18 gedoen.

Die toepassing van die enkelstelselontwerp in hierdie ondersoek onderskei 'n ontwerp wat verandering in intervensie behels, naamlik: 'n opeenvolgende intervensie-ontwerp. Hierdie ontwerp kan skematies soos volg voorgestel word:

GRAFIESE VOORSTELLING 1: Toepassing van die enkelstelsel-ontwerp




Simbole in bogenoemde grafiese voorstelling kan soos volg omskryf word:

A1 - Basislynfase - Ontmoeting, oriëntering en assessering van gevangenes. Die eerste meting met behulp van die Hudson- en Heimlerskaal word ook gedoen. Die volgende Hudsonskaal word gebruik, naamlik: "Index of self esteem" (Bloom & Fischer, 1982:153).

B - Intervensiefase - implementering van die behandelingsprogram.

A2 - Basislynfase - geen terapie. Gevangene word georiënteer ten opsigte van die administratiewe reëlings van die ontslagvoorbereidingsprogram. 'n Tweede meting met behulp van die Heimlerskaal word

gedoen.

C - Intervensiefase - die implementering van die ontslag-voorbereidingsprogram.

A3 - Basislynfase - Gevangene word georiënteer ten opsigte van die administratiewe reëlings vir ontslag. Byvoorbeeld die finalisering van werk- en verblyfreëlings. 'n Derde meting met behulp van die Heimler- en Hudsonskale word gedoen.

D - Gevangene is vrygelaat en nasorgdienste word deur 'n nasorginstansie gelewer. 'n Laaste meting word gedurende die laaste maand met albei skale gedoen.

Die basislynfases word genommer sodat hul van mekaar onderskei kan word en dit vergemaklik ook die bespreking van die resultate van die skale, veral in hoofstuk 6.

## 9. ONTLEDING EN METING VAN GEGEWENS

Die inligting wat deur middel van die metingskale verkry is, is deur die ondersoeker self verwerk. Die verwerking van die Hudsonskaal is gedoen soos in Bloom en Fischer (1982:149-151) verduidelik word. Vir die verwerking van die Heimlerskaal is 'n kursus deur M. A. van Zyl aangebied en suksesvol voltooi. Deur middel van beskrywende statistiek is die gegewens verwerk sodat gevolgtrekkings geformuleer kon word. Gevolgtrekkings en afleidings is met behulp van grafiese voorstellings geïllustreer.

## 10. BEPERKINGS EN LEEMTES VAN DIE ONDERSOEK

Tydens die ondersoek is die volgende beperkings en leemtes deur die ondersoeker ondervind:

* Beperkte literatuur veral ten opsigte van die korttermyngevangene, en behandeling in die besonder.
* Weens 'n beperkte aantal korttermyngevangenes het die hoofondersoek langer geduur as waarvoor aanvanklik beplan is.
* Vanweë die afkondiging van amnestie, deur die Staatspresident, is verskeie gevangenes vrygelaat voordat behandeling getermineer kon word.
* Sommige korttermyngevangenes is by behandeling, maar nie by die ondersoek, betrek nie, omdat hul onvoorwaardelik vrygelaat is en 'n laaste meting nie gedoen kon word nie.
* Praktiese probleme om die laaste meting voordat die respondent se parooltydperk verstryk, te doen is ondervind. Die ondersoeker was van die nasorginstansies se samewerking afhanklik. Een korttermyngevangene het parool gebreek en is gevolglik nie in die ondersoek benut nie.
* Alle pogings is aangewend om subjektiwiteit van die ondersoeker se kant tot die minimum te beperk. Dit kon egter 'n rol by die ondersoeker se selektering van gevangenes gespeel het. Gevangenes wat nie werklik

gemotiveerd was nie, is moontlik betrek. Die voltooiing van elke gevangene se profielverslag vir die aanbeveling van voorwaardelike vrylating al dan nie, is egter so objektief moontlik gedoen. Vir twee gevangenes is onvoorwaardelike vrylating aanbeveel.

* Daar is gepoog om subjektiwiteit van die proefpersone se kant ten opsigte van die voltooiing van die metingskale tot die minimum te beperk. Gevangenes moes die metingskale self voltooi en hul is aangemoedig om die vrae so eerlik moontlik te antwoord. Die ondersoeker het ook herhaaldelik aan hul genoem dat met die voltooiing van die vraelyste daar nie noodwendig regte of verkeerde antwoorde bestaan nie. Die vrae kon egter deur die onderskeie gevangenes verskillend geïnterpreteer word.

* Die benutting van die Heimlerskaal vir gevangenes het sekere leemtes uitgewys. Die voltooiing van die gevangene se belewing van satisfaksie in sy werk en finansies is nie altyd sinvol nie. Vanweë die feit dat die gevangene die vraelys moet invul soos hy oor sy huidige omstandighede voel, word lae tellings meestal by werk en finansies verkry. Werksbevrediging in die gevangenis is selde moontlik in vergelyking met werksbevrediging in die gemeenskap. Daar is net nie so 'n groot verskeidenheid werksgeleenthede in die gevangenis beskikbaar nie; daarom is dit logies dat gevangenes hier laer tellings sal hê.

## 11. BEGRIPSOMSKRYWING

Dit is van belang dat 'n sekere aantal kernbegrippe bespreek word, omdat nie alle maatskaplike werkers dieselfde betekenis aan begrippe heg nie.

### 11.1 Misdaad

Hagan (1985:49) omskryf misdaad as: ...."a kind of deviance, which in turn consists of variation from a social norm that is proscribed by criminal law".

Die Definiërende woordeboek vir Maatskaplike Werk (1984:31) omskryf misdaad as 'n daad of versuim van 'n ernstige aard wat regtens strafbaar is.

Van der Walt (1978:5) onderskei twee standpunte, juridies en nie-juridies. Misdaad behels eerstens 'n handeling wat deur die reg verbied word, of die nalating van 'n handeling wat deur die reg gebied word. Tweedens is misdaad 'n handeling wat teenstrydig en skadelik vir die gesonde normale lewe en voortbestaan van 'n persoon, sy naasbestaandes en die gemeenskap is.

Misdaad is volgens die ondersoeker die oortreding van 'n wet waaraan straf verbonde is. Die oortreder word dan na skuldigbevinding gevonnis. Misdaad is nie net 'n oortreding van die wet nie, maar ook 'n versuim om die wet te onderhou en na te kom.

### 11.2 Korttermyngevangene

Die staande Gevangenis Diensorder B onderskei tussen 'n raadgevangene en 'n nie-raadgevangene. Die nie-raadgevangene is 'n gevonniste gevangene met 'n vonnis van minder as twee jaar. Die raadgevangene is 'n persoon met 'n vonnis van twee jaar en langer.

Die ondersoeker definieer die nie-raadgevangene as die korttermyngevangene met 'n vonnis van minder as twee jaar. Gevangenes wat as vonnisskuldenaars in die gevangenis opgeneem word, kwalifiseer vir die doeleindes van die ondersoek nie as 'n korttermyngevangene nie; daarom word volstaan met bogenoemde inligting.

### 11.3 Maatskaplike Gevallewerk

Skidmore en Thackeray (1982:59) beweer die volgende: "It is a method of helping people based on knowledge, understanding, and the use of techniques skillfully applied to helping people to solve problems."

Die **Definiërende woordeboek vir Maatskaplike Werk** (1984:18) definieer gevallewerk as: "Metode in die Maatskaplike Werk waarvolgens 'n verskeidenheid van vaardighede, tegnieke en ander hulpmiddels ingespan word om die maatskaplike funksionering van 'n kliënt te verbeter."

Van Rooyen en Combrink (1985:70) noem dat gevallewerk daarop ingestel is om 'n individu wat in nood verkeer en wie se maatskaplike funksionering belemmer is, sover moontlik te help om sy maatskaplike funksionering te bevorder.

Maatskaplike Gevallewerk met gevangenes het dus samevattend ten doel om die gevangene wat gevangesetting as krisis beleef deur middel van behandeling en sekere tegnieke te help om sy maatskaplike funksionering te verbeter.

## 11.4 Assessering

Hepworth en Larsen (1982:155) omskryf assessering soos volg:

"Assessment is the process of gathering, analyzing, and synthesizing salient data into a formulation that encompasses the following vital dimensions: (1) the nature of clients' problems, including special attention to the roles that clients and significant others play in the difficulties, (2) the functioning (strengths, limitations, personality assets, and deficiencies) of clients and significant others, (3) motivation of clients to work on the problems, (4) relevant environmental factors that contribute to the problems, and (5) resources that are available or may be needed to ameliorate the clients'difficulties."

Francisco La-Grange en Joubert (1988:11) beweer dat assessering die funksionele analise van die individu se probleemsituasie is. Die gevangene se probleem word geïdentifiseer, geëksploreer en ontleed om implementering van behandeling moontlik te maak.

Neser (1989:247) noem dat: "Assessering van die behoeftes van die oortreder blyk 'n logiese proses te wees wat op die identifikasie van behoeftes volg. As die proses nie plaasvind nie, bly behoeftes abstrak of word dit beperk tot die mees voor die hand liggende, die ernstigste of die mees populêre."

Die ondersoeker is van mening dat assessering 'n proses is, eerstens, om die etiologiese faktore vir die gevangene se probleem te bepaal, tweedens om sy vermoë om die probleem op te los te evalueer, derdens om die gevangene se motivering te bepaal, vierdens om die omgewingsfaktore wat tot die probleem aanleiding gegee het te identifiseer en vyfdens om hulpbronne vir benutting te identifiseer.

## 11.5 Nasorg

Die Definiërende woordeboek vir Maatskaplike Werk (1984:32) omskryf nasorg as die voortgesette behandeling van 'n persoon in die gemeenskap na 'n tydperk van inrigtingsorg.

Neser (1989:301) noem dat: "Die term nasorg het betrekking op enige vorm van bystand en buite-inrigtingsbehandeling wat die behandeling in die gevangenis opvolg en wat ten doel het om die gevangene te help om na vrylating 'n wetsgehoorsame en suksesvolle integrasie in die vrye gemeenskap te verwesenlik."

Nasorgdienste is behandelingsdienste wat aan die gevangene/persoon wat reeds vrygelaat is, gelewer word. Hierdie dienste word deur 'n eksterne welsynsorganisasie gelewer, en het die bevordering van die persoon se funksionering in die gemeenskap ten doel.

## 12. INDELING VAN DIE VERHANDELING

Die inligting in hierdie ondersoek is deurlopend met die praktyk geïntegreer en die inligting moet as 'n geheel beskou word.

In Hoofstuk 1 is 'n inleidende oorsig oor die ondersoek gegee met die volgende onderafdelings: probleemformulering, keuse van die ondersoek, doelstellings met die ondersoek, hipoteses, terreinafbakening, voorondersoek, navorsingsontwerp, metodes van ondersoek, ontleding en meting van gegewens, beperkings en leemtes in die ondersoek en enkele begripsomskrywings.

Hoofstuk 2 handel oor die motivering vir straf en dan in die besonder die doelstellings van gevangesetting. Die motiewe vir gevangesetting word in meer besonderhede

bespreek. Die ondersoeker fokus hierna op die behandelingsdienste in die Departement van Korrektiewe Dienste, ten einde in die basiese behoeftes van die gevangene te voldoen.

In hoofstuk 3 word die etiologiese faktore van die misdaadverskynsel bespreek met die onderskeid tussen faktore wat met die misdaad verband hou en dié wat met die misdadiger verband hou. Die benaderings vir die verklaring van misdaad is bespreek waarin die ondersoeker klem lê op die integrering van benaderings vir die sinvolle verklaring van misdaad. Faktore wat met die misdadiger verband hou is omvattend en die bespreking fokus net op die gesin, skool en die gemeenskap.

Hoofstuk 4 fokus op die problematiek van die korttermyngevangene tydens eerste gevangesetting. Die depriverende omstandighede in die gevangenis word aan die hand van die gevangenissubkultuur en die gevangene se ontberinge bespreek. Die kenmerke van die subkultuur word verder toegelig, waarna die faktore wat tot die ontstaaan van die subkultuur aanleiding gegee het, bespreek word. Die gevangene se belewing van die depriverende omstandighede asook moontlike reaksies word vervolgens bespreek. Die ondersoeker ag dit van belang om hierdie hoofstuk in te sluit om aan te toon dat gevangesetting vir die gevangene verskillende belewenisse kan inhou. Die maatskaplike werker moet ook hierdie reaksies in haar

behandeling in ag neem. Ten spyte hiervan beïnvloed dit die gevangene se motivering vir behandeling en sy houding teenoor homself.

In hoofstuk 5 word die behandelingsproses bespreek met die fokus op assessering, die kenmerke van die maatskaplike werker, die selektering van gevangenes, die behandelingsprogram, die ontslagvoorbereiding van die gevangene, nasorg en die bepaling van die sukses van die behandeling.

Hoofstuk 6 handel oor die empiriese bevindings. Die toepassing van die enkelstelselontwerp en die bevindings word bespreek en geëvalueer.

In hoofstuk 7 word 'n samevatting gegee van die gevolgtrekkings wat na die ondersoek duidelik geblyk het. Sekere aanbevelings word dan na aanleiding van hierdie gevolgtrekkings geformuleer.

# HOOFSTUK 2

# DIE MOTIVERING VIR GEVANGENISSTRAF EN DIE BEHANDELINGSDIENSTE DEUR DIE DEPARTEMENT VAN KORREKTIEWE DIENSTE

## 1. INLEIDING

Wanneer iemand 'n misdaad pleeg, handel hy strydig met die norme en wette wat deur die gemeenskap daargestel is vir die ordelike en veilige voortbestaaan van sy lede. So 'n persoon is 'n las en gevaar vir die gemeenskap. Aangesien die staat deur die gemeenskap daargestel is om onder andere orde en vrede te verseker, verwag die gemeenskap dat die staat teen so 'n persoon moet optree.

Die oplegging van straf vir 'n bepaalde oortreding het sekere doelwitte. Dit impliseer dat straf benut word met die doel dat dit positiewe gevolge vir die gemeenskap inhou. Dit bring mee dat die oortreder na aanleiding van die ernstigheidsgraad van die misdaad 'n tydperk uit die gemeenskap verwyder moet word. Die oortreder word dus na skuldigbevinding tot gevangenisstraf gevonnis.

Hierdie besluit word met noukeurigheid oorweeg en dan word veral gelet op die onderskeie motiewe vir gevangenisstraf. Die oplegging van gevangenisstraf behels dat die gemeenskap se veiligheid 'n tydperk lank verseker word, wat impliseer dat die gevangene in die gevangenis veilig bewaar moet word. Die veilige bewaring van die gevangene is nie die

enigste funksie van die Departement van Korrektiewe Dienste nie. 'n Tweede funksie is die behandeling van die gevangene om hom tot verbetering en rehabilitasie te lei.

Voordat die behandelingsdienste van die Departement van Korrektiewe Dienste bespreek kan word, is dit belangrik om eerstens die doelstellings en elemente van straf te bespreek. Indien die maatskaplike werker kennis dra van die doelstellings van straf en gevangenisstraf, sal sy in staat wees om die gevangene te lei om sy gevangenisstraf te aanvaar en behandelingsdienste positief te benut.

In die tweede gedeelte van hierdie hoofstuk word die motiewe vir gevangesetting bespreek. Die ondersoeker fokus op afskrikking, voorkoming, vergelding en rehabilitasie. Rehabilitasie word slegs kortliks in hierdie afdeling bespreek. Dit word breedvoerig bespreek in die hoofstuk wat die behandeling van die korttermyngevangene weergee.

Omdat gevangenisstraf bewaring en rehabilitasie ten doel het, beklemtoon die ondersoeker die behandelingsdienste in die gevangenis deur verskeie persone, die maatskaplike werker se taak uitgesonder. Laasgenoemde se taak word breedvoerig in hoofstuk 5 hanteer. Die behandelingsdienste is in hierdie hoofstuk bespreek omdat hierdie dienste op die basiese behoeftes van die gevangene fokus. Die ondersoeker is van mening dat basiese behoeftes eerstens bevredig moet word voordat behandelingsdienste geïmplementeer kan word.

## 2. DOELSTELLINGS EN ELEMENTE VAN STRAF

Die toepassing van straf gee aanleiding tot vrae met betrekking tot die regverdigheid van hierdie straf. Straf is nie slegs 'n dwingende maatreël nie, maar 'n opsetlike leedtoevoeging. Straf volg na die skuldigbevinding van die oortreder ten opsigte van sy oortreding van 'n spesifieke onwettige handeling.

Die pleeg van misdaad versteur die orde en vrede in die gemeenskap. Die staat is deur die gemeenskap aangestel om hierdie vrede te handhaaf. Die individu leef in 'n interaksionele verband met die gemeenskap. Dit is vir die individu belangrik om deur die gemeenskap aanvaar te word (Snyman, H.F., 1984:16,24). Ten spyte van bogenoemde is dit ook vir die individu as deel van die gemeenskap belangrik dat persone wat misdaad pleeg en die orde versteur, gestraf moet word. Om groter duidelikheid oor die doelstellings van gevangenisstraf te verkry, fokus die ondersoeker eerstens op die doelstellings en elemente van straf.

### 2.1 DOELSTELLINGS VAN STRAF

Naudé (1988:79) is van mening dat straf die doelbewuste toediening van pyn en ongemak is, vir die leed wat die misdadiger veroorsaak het. Snyman, H.F. (1984:24) vind aansluiting hierby en noem dat straf nie net daarna streef om die oortreder lyding en ongemak toe te dien nie, maar ook om die gemeenskap se afkeur te beklemtoon. Chamelin et

el. (1979:212) noem samevattend die volgende: "First it attempts to couth the behaviour of human beings. Failing in this the criminal law seeks to sanction uncontrolled behaviour by punishing the law violator."

Gedrag word dus deur middel van straf beheer om te verseker dat dit aan die norme en waardes van die gemeenskap voldoen. Die oplegging van straf volg op die pleeg van misdaad om sodoende die individu en die gemeenskap se belange te beskerm.

Die sekerheid dat straf op arrestasie en skuldigbevinding sal volg, het 'n groter voorkomingseffek as die effek van straf self (Snyman, H.F., 1984:24). Dit is gevolglik noodsaaklik dat die toepassing van straf regverdig sal wees. Bosch (1984a:42) noem dat 'n goue middeweg vir gebalanseerde straftoemeting gevolg moet word. Die volgende aspekte moet volgens hom in ag geneem word:

* Die belange van die individu. Hieronder onderskei hy die volgende: Is die oortreder 'n suiwer eerste oortreder wat die eerste keer met die gereg bots, is die oortreder 'n jeugdige, is hy van 'n hoë ouderdom, het hy afhanklikes, wat is sy posisie in die samelewing, sal hy sy werk verloor, lei hy aan engtevrees en voer hy 'n homoseksuele leefwyse?

Die ondersoeker is van mening dat bogenoemde op enkele uitsonderings na wel sinvol benut kan word. Die oortreder se leefwyse as erkende homoseksueel behoort nie 'n groot

rol tydens straftoemeting te speel nie. Hierdie persoon behoort oor die vermoë te beskik om hom byvoorbeeld by gevangesetting aan te pas. Hy beskik steeds oor die keuse om aktiwiteite in die gevangenis voort te sit of te staak.

* Die belange van die gemeenskap. Die sluwe beplanning, berekening, grusaamheid en erns van die misdaad is faktore wat 'n rol speel in die beskerming van die belange van die gemeenskap.

Die ondersoeker onderskei die volgende misdade wat vir die gemeenskap weersinswekkend is: roof, moord, seksuele misdade, onsedelike aanranding van kinders en verkragting. Die grusaamheid van hierdie dade en veral die tydperk wat verloop het voordat die misdaad bekend geword het, byvoorbeeld onsedelike misdade op kinders, is belangrike aspekte in die bepaling van straftoemeting. Straftoemeting het ook enkele elemente wat van belang is voor straf toegepas kan word.

## 2.2 ELEMENTE VAN STRAF

Snyman, H.F. (1984:11-15) en Neser (1989:41) onderskei die volgende elemente van straf, naamlik:

* Straf moet vir die oortreder onaangenaam wees.

Snyman, H.F. (1984:12) is van mening dat die meeste hedendaagse strawwe nie meer die toevoeging van leed is nie, maar eerder die wegneming van iets goed en mooi. Die feit dat iets aangenaam en goed weggeneem word, kan 'n groter

uitwerking as fisiese pyn hê. Neser (1989:41) is van mening dat straf, fisies en/of psigies, vir die oortreder onaangenaam moet wees. Gevangenisstraf kan dus beskou word as 'n onaangename straf omdat die gevangene sy vryheid wat vir hom baie kosbaar is, verloor.

* Straf moet vir 'n spesifieke oortreding toegepas word.

Straf kan nie toegepas word as 'n misdaad nie gepleeg is nie. Die oortreder moet dus skuldig wees aan 'n oortreding wat onwettig en strafbaar is en deur die gemeenskap afgekeur word. Die hof moet dus duidelikheid hê oor die aard van die oortreding en dat die persoon wat as die oortreder geïdentifiseer is, die verantwoordelike persoon is. Die gevangene moet dus deeglik van die verkeerdheid en erns van sy dade bewus wees as hy tot gevangenisstraf gevonnis word.

* Straf moet op die oortreder toegepas word.

Volgens Snyman, H.F. (1984:13-14) moet die leedtoevoeging op die oortreder toegepas word. Neser (1989:42) beskou dit nie as voldoende dat die oortreder as die persoon wat die oortreding gepleeg het, gevonnis kan word nie. Die oortreder moet vir die oortreding verantwoordelik gehou kan word. Dit impliseer dat hy uit vrye wil gehandel het.

Na skuldigbevinding moet die oortreder verantwoordelik gehou word vir sy dade en dan ook toepaslik gestraf word. Straf kan nie op onskuldige persone toegepas word nie en slegs die oortreder kan gestraf word. Die ondersoeker is

van mening dat die huidige regstelsel in Suid-Afrika dit onwaarskynlik maak dat onskuldige persone gestraf word.

* Straf is die optrede deur 'n menslike instansie, met die nodige gesag.

Leedtoevoeging aan die oortreder moet deur 'n menslike instansie geskied wat oor die nodige gesag beskik om 'n oortreder vir 'n misdaad te straf. Die staat pas dus die nodige straf toe omdat sy wette oortree word (Snyman, H.F., 1984:16). Die staat is ook deur die gemeenskap daargestel om wet en orde te handhaaf; en dus het hulle die nodige gesag.

Neser (1989:44) onderskei ook 'n laaste element, naamlik dat straf met bepaalde oogmerke opgelê behoort te word. Die volgende oogmerke of motiewe word onderskei: vergelding, rehabilitasie, afskrikking, en beskerming van die gemeenskap wat in afdeling 3 van hierdie hoofstuk verder toegelig word.

Samevattend is dit duidelik dat die toepassing van straf aan sekere elemente moet voldoen om regverdigheid te verseker. Gevolglik het gevangenisstraf ook sekere doelstellings waaraan voldoen moet word om regverdigheid teenoor die oortreder en die gemeenskap te verseker.

## 2.3 DOELSTELLINGS VAN GEVANGENISSTRAF

Nadat al die elemente van straf in ag geneem is, word gevangenisstraf oorweeg. Bosch (1984a:41-42) noem verder dat "wanneer dit na die oordeel van die hof duidelik blyk dat alle vorige afwendings van gevangenisstraf in 'n bepaalde geval nie daartoe gelei het dat 'n veroordeelde uit sy strafervaring geleer het nie, is gevangenisstraf 'n gepaste wyse vir strafoplegging".

Gevangenisstraf word ook vir ander doeleindes as net vir gevonniste persone benut. Naudé (1988:79) noem dat oortreders soms voor skuldigbevinding soos deur die hof bepaal, vir veilige aanhouding na 'n gevangenis gekommiteer kan word. Hierdie persoon word dan in die gevangenis tot vonnisoplegging aangehou. Belangrike getuies kan ook in bepaalde gevalle in 'n gevangenis aangehou word.

Om te bevestig dat verhoorafwagtende persone in die gevangenis nie so 'n rare verskynsel is nie noem die jaarverslag van die SA Gevangenisdiens (1990:58) dat 58,94% van die totale gevangenesbevolking opgeneem gedurende 1989/90, verhoorafwagtend was. Die verhoorafwagtende persoon is weer 'n individu met unieke behoeftes en omdat die ondersoek slegs op die korttermyngevangene fokus, word met bogenoemde inligting volstaan.

Naudé (1988:79) omskryf gevangenisstraf as die ontneming van 'n persoon se vryheid (pyn) vir die leed (misdaad) wat hy aan 'n bepaalde individu of die gemeenskap berokken het.

Bosch (1984a:115) vind aansluiting by bogenoemde en noem dat die regverdigheid vir die oplegging van gevangenisstraf geleë is, in die feit dat die primêre taak van gevangenisse die aanhouding van veroordeelde misdadigers is om sodoende die gemeenskap te beskerm.

Gevangenisstraf word beskou as een van die sterkste strafsanksies. Die gevangenis het volgens Swart (1981:99) 'n besondere milieu waarin die gevangene moet funksioneer wat verskeie invloede op die gevangene het, positief of negatief. Gevangenisstraf het 'n bepaalde motiveringsgrond waaraan voldoen moet word. Hierdie motiveringsgrond berus op die wraak- of strafmotief en ook op die veronderstelling dat die oortreder onder die strafbelewenis heropgevoed sal word (Sephton, 1978:275). Ter aanvulling van bogenoemde drie motiewe onderskei die ondersoeker ook 'n motief vir die voorkoming van misdaad, wat vervolgens bespreek sal word.

## 3. MOTIVERING VIR GEVANGENISSTRAF

Gevangenisstraf word opgelê ten einde sekere doelstellings te bereik. Bosch (1984a:17) noem dat: "Naas die doodstraf vorm gevangenisstraf die mees ingrypende wyse van inbreukmaking op menslike vryhede." Volgens Bosch (1984a:60-61) is daar sekere oogmerke wat met die strafoplegging van veroordeeldes gestel word. Die oogmerke en regverdiging van gevangenisstraf is geleë in die strafteorieë en hul motiewe. Vanuit inligting soos deur Rabie (1976:34-46), Snyman, H.F. (1984:23-24) en Bosch (1984a:60-61) weergegee,

kan vier motiewe vir gevangesetting onderskei word, naamlik: afskrikking, voorkoming, vergelding en rehabilitasie. Dit word in hierdie afdeling bespreek.

## 3.1 AFSKRIKKING

Rabie (1976:37) beweer dat afskrikking, soos met die ander individuele voorkomingsteorieë, te doen het met die betrokke persoon wat 'n besondere misdaad gepleeg het. Afskrikking het ook ten doel om mense van die pleging van misdaad te weerhou, deurdat hul weet dat die onaangename gevolg van straf op die pleging van 'n misdaad sal volg (Rabie, 1976:43). Hagan (1985:288) onderskei tussen individuele afskrikking en algemene afskrikking wat vervolgens verder toegelig word.

### 3.1.1 Individuele afskrikking

Individuele afskrikking het ten doel om die oortreder van verdere misdaadpleging af te skrik. Die oortreder sal dus elke keer wanneer 'n geleentheid vir misdaadpleging voorkom, terug dink aan die straf wat hy vir 'n vorige oortreding ontvang het. Uit vrees vir die herhaling van straf, word die oortreder afgeskrik om 'n misdaad te pleeg. Samenow (1977:129) noem in hierdie verband dat: "Deterrence does work for some offenders. Some youngsters have asserted that they stop shoplifting after they had been caught and punished." Bogenoemde is dus 'n bewys dat individuele afskrikking beslis motiveringswaarde het.

Afskrikking in die leek se taal omvat 'n straf wat onmenslik is en baie ongerief inhou. Swart (1981:101) noem egter dat gevangesetting nie noodwendig met swak behandeling gepaard hoef te gaan om as afskrikmiddel te dien nie; slegs die opskorting van 'n gevangene se siviele vryheid dien reeds as afskrikmiddel. Die oortreder word dus nie na 'n gevangenis gestuur om hom verder te straf nie, maar die ontneming van sy vryheid word as voldoende straf en afskrikking beskou.

### 3.1.2 Algemene afskrikking

Algemene afskrikking het te make met gedrag of optrede wat moontlik in die toekoms kan plaasvind. Priestley et al. (1984:3) noem dat algemene afskrikking met toekomstige gedrag van potensiële misdadigers te make het. Afskrikking het volgens Hagan (1985:302) ten doel om 'n vrees vir straf by die individu te ontwikkel om voorkoming van misdaad te bewerkstellig. Samevattend het afskrikking ook die voorkoming van misdaad ten doel, wat vervolgens verder bespreek word.

## 3.2 VOORKOMING

Soos reeds in voorafgaande inligting genoem, het die oplegging van gevangenisstraf ook voorkoming van misdaad ten doel. Voorkoming kan in twee hoofkategorieë verdeel word, naamlik spesifieke en algemene voorkoming (Snyman, H.F., 1984:23).

### 3.2.1 Spesifieke voorkoming

Spesifieke of individuele voorkoming het volgens Rabie (1976:36) ten doel om misdadigers wat reeds aan misdade skuldig bevind is, te verhoed om weer misdaad te pleeg. Individuele voorkoming vind dus plaas wanneer misdadigers gearresteer, verhoor, skuldig bevind en gevonnis word. Die oplegging van gevangenisstraf het ten doel om die misdadiger vir die duur van gevangesetting van verdere misdaadpleging te weerhou (Terblanche, 1984:14). Snyman, H.F. (1984:23) noem in hierdie verband dat spesifieke voorkoming daarna streef om te voorkom dat die misdadiger soortgelyke dade herhaal deur die oortreder uit die gemeenskap te verwyder, af te skrik of te rehabiliteer.

Spesifieke voorkoming is veral ook van toepassing op persone met 'n lang misdaadrekord. Snyman, H.F. (1984:23) noem in hierdie verband: "Die verwydering van die oortreder uit die gemeenskap met behulp van die doodstraf of verklaring as gewoontemisdadiger, is gebaseer op die idee dat die waarskynlikheid groot is dat die oortreder sy misdaad sal herhaal." Samevattend het spesifieke voorkoming ten doel om die oortreder skuldig te bevind, tot gevangenisstraf te vonnis om verdere misdaadpleging vir 'n tydperk te voorkom. Die oplegging van gevangenisstraf het beslis ook ten doel om misdaad deur die lede van die gemeenskap te voorkom; dit word onder algemene voorkoming bespreek.

### 3.2.2 Algemene voorkoming

Volgens Snyman, H.F. (1984:24) is algemene voorkoming nie op die oortreders wat hul reeds aan misdaad skuldig gemaak het, gerig nie, maar op Jan Alleman om hom wetsgehoorsaam te hou. Rabie (1976:41) noem dat algemene voorkoming eerder te make het met "die dreigement van straf as die oplegging daarvan (soos in die geval van individuele voorkoming) wat mense daarvan weerhou om misdade te pleeg". Die doel van algemene voorkoming is om misdaad van veral eerste oortreders te voorkom. Die doel van algemene voorkoming kan nouer gekoppel word aan die toepassing van die wet, eerder as aan vonnisoplegging. Die gemeenskap moet sekerheid hê dat straf na oortreding en skuldigbevinding sal volg. Bogenoemde stelling het sonder twyfel 'n groter voorkomingseffek as die soort straf en die uitwerking daarvan (Snyman, H.F., 1984:24).

Rabie (1976:42) noem in hierdie verband dat die sukses van algemene voorkoming in 'n groot mate afhanklik is van potensiële strawwe en/of strawwe wat inderdaad opgelê is. Die vrees vir straf wat opgelê kan word, moet mense daarvan weerhou om hulself skuldig aan misdaad te maak. Hierna word vergelding as motief bespreek wat seker in die vroegste tye die eerste motief vir gevangenisstraf was.

### 3.3 VERGELDING

Hagan (1985:288) beskryf vergelding soos volg: "...moral affirmation or symbolism: a punishment intended to reaffirm the moral norm that has been violated by making the offender a symbol of the consequences of violation, and by in this way drawing moral boundaries between the good and bad in society". Vergelding beteken dus dat die misdadiger gestraf moet word vir die skade wat hy aan die gemeenskap berokken het.

Volgens Rabie (1976:34) bestaan daar 'n verband tussen vergelding en geregtigheid. Die onreg wat deur die misdaad meegebring is word deur die toevoeging van 'n gelykwaardige euwel aan die misdadiger, reggestel. Hagan (1985:288) noem in die verband dat: "...the use of punishment to balance the harm done-in effect to return the offence in kind". Met die oplegging van gevangenisstraf word daar dus in gelyke mate vir die skade aan die gemeenskap vergoed.

Rabie (1976:45) sê dat die misdadiger nie meer as sy verdiende straf moet ontvang nie. Die regverdiging van vergelding is volgens Bosch (1984a:64) geleë: "...in die feit dat misdaad 'n benadelingsverskynsel is en dat die herstel van die ekwilibrium (wat deur die benadeling versteur is) deur vergelding geregverdig is". Daar moet dus na aanleiding van bogenoemde 'n balans behou word

tussen die straf en die skade of nadeel wat die misdadiger binne die gemeenskap en vir die slagoffer veroorsaak het. Indien die straf gelykwigtig aan die oortreding is, voel die berouvolle oortreder dat hy sy skuld by die gemeenskap vereffen het en na die uitdiening van die vonnis weer 'n volwaardige lid van die gemeenskap kan word (Snyman, H.F., 1984:22-23).

Volgens May (1975:3) is bogenoemde nie altyd waar nie, "want al te dikwels bly daar 'n stigma aan die oud-gevangene kleef wat nie maklik verwyder kan word nie". Die ondersoeker is van mening dat sekere gevangenes tydens gevangesetting heelwat skuldgevoelens ervaar. Indien hierdie skuldgevoelens nie hanteer word nie, kan die gevangene probleme ondervind om na vrylating in die gemeenskap aan te pas. In die lig van bogenoemde is dit noodsaaklik dat die gevangene gerehabiliteer moet word, ten spyte van die drie ander motiewe.

## 3.4 REHABILITASIE

Volgens Bosch (1984a:59) moet gevangenisstraf op die basis van hervorming deurgevoer word. Hierdie hervorming kan realiseer deur die implementering van bepaalde behandelingsprogramme om die gevangene te rehabiliteer. Rehabilitasie sluit verskeie aspekte in, naamlik: "...die herstel van 'n persoon tot 'n nuttige bestaan deur middel van opvoeding, opleiding en behandeling" (Bartol & Bartol, 1986:285). Bogenoemde behandelingsdienste word in

afdeling 4 van hierdie hoofstuk verder bespreek. Vanuit gegewens deur die ondersoeker bekom, kan daar twee doelstellings ten opsigte van rehabilitasie onderskei word:

* Die persoonlikheid van die veroordeelde misdadiger moet verander word (Rabie, 1976:38). Hagan (1985:288) noem in hierdie verband dat rehabilitasie ten doel het om dit te herstel wat in die persoon van die misdadiger verkeerd geloop het. Die ondersoeker is van mening dat dit in die uitvoering van rehabilitasie as motief sinvoller is as die misdadiger gerehabiliteer is en nie meer misdade wil pleeg nie as wat die persoon te bang is om 'n misdaad te pleeg. Die behandelingsprogramme behoort dus ten doel te hê om die oorsaak van misdaadpleging vas te stel.

* Om die misdadiger tot 'n wetsgehoorsame burger te omvorm (Snyman, H.F., 1984:24). Om bogenoemde te bereik, is dit nodig dat die gevangene aan behandelingsprogramme onderwerp word. Hy moet dus geleer word om respek vir homself en ander te hê. Bosch (1984a:67) beweer dat rehabilitasie 'n beskermende funksie het deurdat die doelstellings daarvan op die beskerming van die misdadiger as slagoffer van sy eie misdaad gerig is. Rehabilitasie het volgens die ondersoeker ten doel om aan die gevangene alternatiewe gedragswyses naas misdaadpleging te leer. Samevattend trek maatskaplike onderontwikkelde en problematiese persone dikwels voordeel uit die bestaan van 'n definitiewe struktuur waar hy dissipline aanleer, opleiding en onderrig

ontvang, in die gewoontes van vlyt en arbeid opgelei word, om 'n opbouender lewe te voer (Bosch, 1984a:68). Bogenoemde voldoen aan die regverdiging van rehabilitasie.

Aangesien besef is dat die rehabilitasie van die oortreder die gemeenskap beter beskerm as slegs straftoemeting, het die klem verskuif van die oortreding na die oortreder. Indien rehabilitasie as die enigste motief vir gevangenisstraf beskou word, kan dit gebeur dat die belange van die gemeenskap as minder belangrik geag word. Daarom is dit volgens die ondersoeker belangrik dat tydens oorweging van vonnis aan al vier motiewe ewe veel waarde en belangrikheid geheg moet word.

Rehabilitasie as motief handel dus oor die misdadiger/gevangene en rehabilitasieprogramme tot voordeel en verbetering van die gevangene. Die belange en behoeftes van die gevangene is van verdere belang omdat sy suksesvolle inskakeling en samewerking afhang van die bevrediging van basiese behoeftes.

## 4. BEHANDELINGSDIENSTE DEUR DIE DEPARTEMENT VAN KORREKTIEWE DIENSTE

Volgens Bosch (1984a:17) strewe die Departement van Korrektiewe Dienste na die heropvoeding, oriëntering, opheffing, selfbeheersing en die kweek van 'n verantwoordelikheidsin by gevangenes. 'n Verandering in

houdingsingesteldheid moet bewerkstellig word om sodoende die gevangene se herinskakeling in die gemeenskap sinvol te maak. Bogenoemde word ook in Artikel 2(b) van die Wet op Gevangenisse (8/1959), as volg omskryf: "...om sover doenlik, sodanige behandeling op veroordeelde gevangenes toe te pas as wat tot hul verbetering en rehabilitasie mag lei en om hul in gewoontes van vlyt en arbeid op te lei".

Die gevangenis se taak is dus om die misdadiger as mens toe te rus met 'n vermoë waarvolgens hy homself in elke lewensituasie kan handhaaf en laat geld ten einde sy plek in die samelewing op 'n produktiewe wyse vol te staan en sodoende by te dra tot die welvaart en harmonie van 'n gemeenskap.

Om die gevangene instaat te stel om weer 'n volwaardige lid van die gemeenskap te kan wees is daar bepaalde regte waarop die gevangene kan aanspraak maak. Die gevangenis moet dus aan hierdie regte voldoen.

## 4.1 DIENSTE WAAROP DIE GEVANGENE GEREGTIG IS

Neser (1989:232) is van mening dat die behandeling van die gevangene aan die Standaard minimum reëls vir die behandeling van gevangenes moet voldoen. Die volgende regte waarop die gevangene aanspraak kan maak word onderskei:

* geskikte akkommodasie, met inagneming van vloerruimte, lig, ventilasie en klimaatsomstandighede;

* genoegsame persoonlike higiëniese geriewe;
* voldoende en geskikte klerasie en beddegoed;
* voldoende voedsel met genoegsame voedingswaarde en drinkwater;
* die geleentheid om minstens een uur oefening per dag in die buitelug te kan verrig;
* geskikte en voldoende mediese versorging;
* geen straf sonder dat 'n wet of regulasie verbreek is en sonder dat die gevangene sy saak kon stel nie;
* daaglikse geleentheid om klagtes en versoeke by hoofde te opper;
* besoeke van en briefwisseling met familie en vriende;
* toegang tot 'n goed toegeruste biblioteek en derglike bronne, en
* vrye beoefening van godsdiens.

Hierdie regte maak voorsiening daarvoor dat die gevangene menswaardig en met respek behandel kan word ten spyte van die aard van sy oortreding. May (1975:3-4) noem dat elke gevangene in die gevangenis opgeneem word met 'n besondere persoonlikheidsamestelling en agtergrond. 'n Groot verskeidenheid gevangenes soos eerste oortreders, verhoorafwagtendes, geharde misdadigers, gevangenes met kort of lang vonnisse en ander wat gevangenisstraf as krisis beleef, word daagliks opgeneem. Ongeag die verskeidenheid persone wat opgeneem word, behoort elke gevangene gelyke versorgingsvoordele te geniet.

Die gespesialiseerde behandelingsprogram van die Departement van Korrektiewe Dienste bestaan eerstens uit 'n konvensionele behandelingsmetode, naamlik geneeskundige-versorging en godsdiensorg asook arbeidsontwikkeling, en tweedens uit 'n psigo-sosiale versorgingsprogram wat die sielkundige, opvoedkundige en maatskaplike afdelings se verantwoordelikheid is (Bosch, 1984a:83-84). Die ondersoeker is van mening dat die Departement van Korrektiewe Dienste behandelingsdienste elk afsonderlik benader en nie tussen konvensionele behandeling en psigo-sosiale behandeling onderskei nie. Daarom word daar met Bosch (1984a:83-84) se indeling volstaan omdat dit sinvol uiteengesit is.

## 4.2 KONVENSIONELE BEHANDELING

Ter aansluiting by bogenoemde beweer Bosch (1984a:73) dat konvensionele behandeling op die totale gevangenesbevolking van toepassing is. Konvensionele behandeling behels die volgende: "...gesondheidsdienste, voedsel en klere voorsiening, pastorale sorg, weerbaarheidsprogramme, studiegeleenthede, geleenthede vir ontspanning en vryetydbesteding, biblioteekfasiliteite" (Bosch 1984:73). Volgens die ondersoeker word weerbaarheidsprogramme en studiegeleenthede by onderwys- en opleidingsprogramme bespreek om verwarring te voorkom.

Vanuit bogenoemde inligting blyk dat konvensionele behandeling die fisiese versorging, werk en vryetydsbesteding, mediese en godsdienstige behoeftes van die gevangene omvat.

### 4.2.1 Fisiese versorging

Volgens May (1975:4) is aspekte soos "higiëne, vloerruimte, kubieke inhoud vir voldoende lug, ventilasie, natuurlike en kunsmatige lig, ablusie- en sanitêre geriewe" in 'n gevangeniskompleks van groot belang. Afgesien van die feit dat 'n gebou aan bepaalde standaarde moet voldoen, is bogenoemde aspekte ook bepalend vir die gevangene se aanpassingsvermoë. Ten spyte van die oorbevolking van gevangenisse is die Departement van Korrektiewe Dienste voortdurend daarop ingestel om die besettingsvlakke eweredig te hou. Dit word bereik deur die dekonsentrasiebeleid en die sentralisering van sekere kategorieë gevangenes. Die grootste moontlike aantal gevangenes word gedurende die dag by werk-, opleidings- en rekreasieaktiwiteite betrek (SA Gevangenisdiens, 1990:6). Gevangenes ontvang ook voldoende toiletbenodigdhede, klere, skoene, handdoeke, sakdoeke, beddegoed en skoonmaakmiddels (May, 1975:4). Dit is belangrik dat die gevangene sy persoonlike waardigheid en selfrespek behou.

Volgens Swart (1981:115) word die gevangenes se huisvesting deur hulself onberispelik netjies gehou wat sodoende die grondslag vir 'n gesonde leefwyse lê. May beweer (1975:4) dat die voedsel wat die gevangenes eet, van tyd tot tyd

deur professionele dieëtkundiges voorgeskryf en hersien word. Die korrektheid van die voorgeskrewe diëte is van groot belang veral wanneer die gevangene werk en sport beoefen. Daar word ook vir gevangenes wat aan suikersiekte ly diëte voorgeskryf en voorberei.

### 4.2.2 Werk en vryetydbesteding

'n Groot verskeidenheid persone met 'n verskeidenheid behoeftes word in die gevangenis opgeneem. Bean (1976: 121) noem in die verband dat: "Some prisoners are apparently not inclined to work, others like the adaptability to take a fairly routine job whilst a small proportion would probably be regarded by an outside employer as unemployable." Met inagneming van die verskeidenheid gevangenes is daar ook verskeie werks- en opleidingsgeleenthede. Swart (1981:117) en Bosch (1984a:75) onderskei die volgende:

* Ambagte, byvoorbeeld passers en draaiers, plaatmetaalwerkers, sweisers, kabinetmakers, kleremakers, rottangwerkers, stoffeerders, elektrisiëns, skrynwerkers, gereedskapmakers, draaiers en spuitverwers;
* boerderybedrywighede;
* boubedryf, byvoorbeeld messelaars, pleisteraars, loodgieters, skilders en timmermanne.
* Bosch (1984a:75) onderskei die verrigting van arbeid in gevangeniskombuise, -eetsale, die biblioteek, hospitaal en administratiewe kantore. Gevangenesarbeid

en arbeids-/opleidingsgeleenthede sluit die volgende in, konstruktiewe ongeskoolde arbeid, vakopleiding en vaardigheidsopleiding (SA Gevangenisdiens, 1990:13).

Afgesien daarvan dat die verrigting van werk die gevangenes besig hou, noem Kassebaum et al. (1971:8) dat: "Prison inmates are required to work because the punitive aspect of confinement is still a reality, because it is argued that order and control are enhanced when immates are busily occupied and because work is asserted to be character building (that is, it serves a rehabilitive function)." Die verrigting van werk hou dus verskeie positiewe voordele in, en as gevolg hiervan verbreed die gevangene sy kennis.

Bosch (1984a:74-75) sê in hierdie verband dat konstruktiewe penitensiêre arbeid die volgende ten doel het: "1. Dissipline by die oortreder tuis te bring; 2. Gewoontes van vlyt en verantwoordelikheidsin by oortreders te kweek; 3. Persoonshigiëne, netheid en versorging te bevorder; 4. Luiheid en verveeldheid met arbeidsaamheid teen te werk; 5. Selfvertroue en selfrespek by die oortreder kweek deur hom te oortuig dat hy 'n betekenisvolle funksionele rol in die samelewing het om te vervul en dat hy nie 'n mislukking of uitgeworpene is weens die oortreding wat hy gepleeg het nie; 6. Effektiewe inrigtingsadministrasie moontlik te maak." Die ondersoeker is van mening dat bogenoemde skrywer die doelstellings van werkverrigting volledig uiteensit. Werkverrigting deur gevangenes gee dus aan verskeie aspekte aandag en so word verskeie behoeftes

bevredig. Gevangenes moet konstruktief benut word en daar moet teen doellose werkverrigting gewaak word.

Orde en dissipline word dus gehandhaaf as die gevangenes werk en konstruktief besig gehou word. Laasgenoemde is die volgende besprekingspunt, naamlik vryetydsbesteding. May (1975:4) noem dat verskeie sportsoorte beoefen word, naamlik: "...rugby, sokker, atletiek, tennis, tafeltennis, gimnastiek, pluimbal, krieket, boks, stoei, gewigoptel en selfs hengel". Verskeie aktiwiteite word deur die gevangenes in hul vrye tyd beoefen, naamlik snoeker, veerpyltjies, kaartspel, bordspeletjies, skaak, dambord en domino's (May, 1975:5). Vanuit bogenoemde is dit duidelik dat 'n verskeidenheid aktiwiteite aangebied word. May (1975:4) sê dat daar debatsverenigings, orkeste, kore, drama- en konsertverenigings in die gevangenes bestaan.

Samevattend noem Chamelin et al. (1979:393) die volgende:

"Recreation can be one of the most important points of the correctional process. People generally do not get into trouble while they are working or sleeping - rather, it is during their leisure time. Consequently, a recreational program providing interesting recreational procedures that can be transferred to legitimate and nonhazardous areas in the outside world could contribute much to the correctional process."

Swart (1981:116) noem in aansluiting by bogenoemde dat die gevangene tydens gevangesetting geleer word om sy tyd nuttig te gebruik en konstruktief besig te wees om sodoende 'n terugval na misdaad te voorkom. Indien die gevangenes hul vrye tyd konstruktief benut, bestaan daar 'n moontlikheid dat hul na vrylating bogenoemde gedragspatroon voortsit wat misdaadvoorkomend is.

### 4.2.3 Mediese dienste

Die afdeling is verantwoordelik vir geneeskundige behandeling, tandheelkundige, oogkundige en aptekersdienste, voorsiening van verpleegpersoneel en geneeskundige hulpmiddels (Bosch, 1984a:37). 'n Verskeidenheid dienste is beskikbaar. Mediese dienste is daagliks tot elke gevangene se beskikking. Elke gevangenis het ook goed toegeruste hospitaalakkommodasie wat as siekeboeg dien. Ernstige gevalle word na die openbare hospitaal verwys. Swart (1981:116) noem dat alle mediese- en tandheelkundige dienste gratis is.

Volgens Bosch (1984a:37) verskaf distriksgeneeshere geneeskundige dienste deur gevangenisse elke dag te besoek. Chamelin et al. (1979:393-394) beweer dat mediese- en tandheelkundige dienste baie belangrik is, omdat "correctional caseload generally comes from deprived socio-economic strata". Bogenoemde skrywer identifiseer die volgende siektetoestande by gevangenes wat in gedepriveerde omstandighede op leef, naamlik: "...tuberculosis,

venereal disease, dental decay and other conditions resulting from lack of medical and dental care are pervasive in the prison population" (Chamelin et al., 1979:393-394).

'n Verskeidenheid persone met verskeie behoeftes word in die gevangenis opgeneem. In die voorafgaande gedeelte is dit duidelik dat persone ook opgeneem word wat in haglike omstandighede geleef het. Die gevangene beskik egter nie net oor gesondheidsbehoeftes nie maar ook oor geestelike behoeftes.

### 4.2.4 Godsdienssorg

Volgens May (1975:7) word die beginsel dat elke gevangene die reg het om sy eie godsdiens te beoefen, gerespekteer. Dit sluit ook in dat hy deur 'n bevoegde verteenwoordiger van die kerk/geloof waaraan hy behoort versorg sal word. Hierdie persoon kan die gevangene gereeld besoek en aan sy godsdiensversorging aandag gee. May (1975:7) noem verder dat die Departement sonder voorbehoud erken "dat die geestelike versorging van die gevangenes deel vorm van die hele rehabilitasieprogram in die opsig dat dit ook in 'n wesenlike behoefte voorsien". Godsdienssorg-dienste word dus nie as minder belangrik teenoor ander dienste beskou nie.

Jordaan (1976:59) en Kotzé (1986:123-124) onderskei ook enkele pligte van die godsdienswerker: 1. Hulle moet deur middel van individuele-en groepsbearbeiding die gevangene se geloof versterk en poog om die euwel van sy antisosiale

dade by hom tuis te bring; 2. gedurende Sondae en ander godsdienstige vakansiedae moet eredienste gehou word, aannemings en katkisasieklasse gereël word en gevangenes gedoop word waar die nodige geriewe bestaan; 3. siek gevangenes besoek, nagmaal bedien, begrafnisse waarneem, huwelike voltrek; 4. Bybels, sangbundels en godsdienslektuur versprei, en 5. kerklike nasorgdienste behartig.

'n Verskeidenheid dienste word gelewer en die noodsaaklikheid van godsdienstige programme om misdadigers te laat ontwikkel en groei tot volwassenheid in die geloof en die aanvaarding van verantwoordelikheid kan nie genoeg beklemtoon word nie.

## 4.3 PSIGO-SOSIALE BEHANDELING

Bogenoemde behandeling fokus hoofsaaklik op die rehabilitasie van die gevangene. Bosch (1984a:40) onderskei drie spesialiseringsdienste, naamlik opvoedkundige, maatskaplike en sielkundige dienste. Slegs onderwys- en opleidingsprogramme en sielkundige- en geestesgesondheidsdienste word vervolgens bespreek. Maatskaplike dienste word in Hoofstuk 5 volledig bespreek, omdat dit 'n belangrike aspek van die ondersoek is en deeglike bespreking noodsaak. Samevattend noem Bosch (1984a:86) dat die psigo-sosiale behandeling die opleiding en die handhawing van die individu impliseer ten einde sy

aanpassingsprobleme te hanteer.

### 4.3.1 Onderwys- en opleidingsprogramme

May (1975:5) beweer dat die opvoedkundige hom ten doel stel om die gevangene op die weg van volwassenheid te lei; hierdie opleiding en voorligting strek oor die volle duur van die gevangene se vonnis. Die opvoedkundige se taak strek dus vanaf opname tot vrylating. Volgens Chamelin et al. (1979:391) is die taak van die opvoedkundige die volgende: "...academic education in prison focuses on making literate those who cannot read or write and achieving a high school diploma, or its equivalent for those literate prisoners who do not already have one".

Volgens die verslag van SA Gevangenisdiens vir die tydperk 1 Julie 1989 tot 30 Junie 1990 (1990:23-26) bied die opvoedkundige dienste die volgende onderwysprogramme aan:

" Geletterheidsprogram, onderwysprogram in samewerking met die Departement van Onderwys en Opleiding, onderwysprogram in samewerking met die Departement van Onderwys en Kultuur, korrespondensiekursusse, rekreasie-opvoedingsprogramme, seisoengebonde sportafrigtingsprogramme, biblioteekprogramme, weerbaarwordingsprogramme, jeugprogramme en opleiding van gevangenes, wat vaardigheids- en vakopleiding behels."

Die gevangene kan dus onderrig en opgelei word om akademiese en tegniese kwalifikasies te verwerf en/of te verbeter. Jordaan (1976:57) is van mening dat die gevangenis 'n onderwys- en opleidingsdiens beskikbaar stel wat die implementering van lees-en skryfprojekte, die keuring, voorligting, toesig oor studie en leiding daarmee, klassikale onderrig, opleiding en administrasie ten opsigte van onderwys en opleiding van gevangenes insluit. Waar van toepassing word aan die einde van 'n opleidingstydperk toetse afgelê en aan suksesvolle kandidate nasionale sertifikate uitgereik. Talle gevangenes studeer deur middel van korrespondensie (May, 1975:6). Sommige gevangenes volg ook voorgraadse sowel as nagraadse kursusse aan Unisa (Bosch, 1984a:40).

May (1975:6) noem dat daar ook 'n voorligtingsdiens is wat hoofsaaklik ten doel het om gevangenes in te lig oor algemene sake wat vir hul van belang is, byvoorbeeld regte, voorregte en tugmaatreëls. Die opvoedkundiges se betrokkenheid by die gevangene strek oor 'n lang tydperk en sluit verskeie aspekte in.

Daar bestaan ook 'n biblioteekdiens wat vakliteratuur en ontspanningslektuur verskaf (Jordaan, 1976:57). In elke gevangenis word leesstof voorsien; en dit sluit pamflette, koerante, tydskrifte en boeke in. Chamelin et al. (1979:393) beweer dat die biblioteek 'n belangrike rol speel en noem die volgende: "...the understanding of experiences of others, whether fictional or real helps him

better understand himself. Reading is also of great benefit to any educational program and to most job functions".

Die gevangene se benutting van die biblioteek kan dus ontspannnend en opvoedkundig wees. Daar is ook boeke oor gesinsprobleme en afhanklikheidsprobleme beskikbaar. Die gevangene kan dus op 'n indirekte wyse meer inligting oor sy probleme verkry. Sy insig in sy eie probleme word verbreed wat behandelingsdienste van sielkundiges en maatskaplike werkers kan vergemaklik.

Volgens Chamelin et al. (1979:91) het die opvoedkundige 'n moeilike taak omdat: "Not only are the majority of offenders academic dropouts and underachievers but they are also not well known for their work and study habits." May (1975:6) noem in hierdie verband dat vanweë die feit dat menige gevangene in die gevangenis beland het weens opvoedingsleemtes die opvoedkundige 'n totale heropvoedingstaak het. Sy taak is van besondere belang veral ten opsigte van die opleiding van gevangenes vir die verkryging van kwalifikasies. Bogenoemde stel die gevangene in staat om na vrylating 'n beter betrekking te bekom ten einde misdaad te voorkom.

### 4.3.2 Sielkundige/Geestesgesondheidsdienste

Volgens Naudé (1988:106) word die pligte en funksies van die sielkundige uiteengesit in die Wet op Geneeshere, Tandartse en Aanvullende Gesondheidsberoepe

(56/1975). May (1975:5) onderskei twee kategorieë van dienste, naamlik: "...diagnosering dit wil sê die opsporing van die oorsake van afwykende gedrag; en behandeling van daardie afwyking met behulp van sielkundige tegnieke". Naudé (1988:106) omskryf diagnosering as 'n behoeftebepaling om vas te stel by watter behandelingsprogramme 'n gevangene kan baat en of hy by enige sielkundige behandeling betrek moet word.

Naudé (1988:107) beweer verder dat bostaande "diagnostiese prosesse of geestesgesteldheidsevaluasie onderhoudvoering en gestruktureerde en ongestruktureerde psigometriese toetse insluit ten einde 'n volledige beeld van die gevangene ten opsigte van sy intellektuele funksionering, persoonlikheidsamestelling, interpersoonlike interaksies ensovoorts, te kry". Daar word dus eerstens 'n deeglike agtergrondstudie gedoen met behulp van verskeie psigometriese toetse om probleemareas te bepaal. Betreffende die tweede kategorie, naamlik behandeling, word daar in die Departement van Korrektiewe Dienste van die volgende behandelingstrategieë gebruik gemaak: "Individuele psigoterapie, groepterapie, gesinsterapie, terapeutiese-milieuprogramme..." (Naudé, 1988:107.) Die sielkundige het ook 'n navorsingsfunksie, 'n funksie by die opstel van programme vir gevangenes en is ook by die behandeling van persone op korrektiewe toesig betrokke.

Naudé (1988:106) sê ook gevangenes word in drie kategorieë verdeel om die maksimum toepaslike benutting van die sielkundige te verseker:

* "gevangenes met psigopatologie wat merendeels met medikante behandel word, maar wat ondersteunende psigoterapie nodig het;
* gevangenes met psigopatologie wat merendeels met psigoterapie behandel word, maar wat ook van tyd tot tyd ondersteunende medikante mag nodig hê;
* gevangenes met gedragsprobleme wat merendeels met die normale beheermaatreëls in die gevangenis gehanteer kan word, maar van tyd tot tyd ondersteunende psigoterapie mag nodig hê, of wat na 'n ander program toegewys kan word."
* 'n vierde funksie word ook onderskei, naamlik die gevangenes van wie die vrylatingsraad of vrylatingsadviesraad sielkundige evaluasies verlang.

Die gevangenes kan as ontwrigte mense beskou word en dit is 'n aanduiding dat alle ander sosialiseringsinstellings gefaal het en dat dit nou die gevangenis se taak is om 'n regstelling te maak. Hierdie persone word meestal gekenmerk deur ernstige emosionele ontwrigting, ontwrigte rasionele denkvermoë, lae toleransiedrempels en 'n ernstige gebrek aan verantwoordelikheidsin (Bosch, 1984a:76). Na aanleiding van bogenoemde gegewens is dit duidelik waarom gevangenes in kategorieë verdeel word en 'n deeglike agtergrondstudie so belangrik is.

In die bespreking van die behandelingsdienste in die gevangenis val die klem op die rehabilitasie en verbetering van die gevangene. Gevolglik het die gevangenis as instelling in die toepassing van die wet nie net 'n straffunksie nie, maar beslis ook 'n hervormingsfunksie.

## 4. SAMEVATTING

Die pleeg van misdaad impliseer 'n handeling wat onwettig is of 'n handeling wat nie uitgevoer is nie. Die oortreder behoort vir hierdie oortreding gestraf te word. Dit is alleen moontlik indien die gemeenskap aan die staat die sanksie verleen om hierdie straf te implementeer. Die staat is deur die gemeenskap ingestel om wet en orde te verseker.

Om die uitwerking en regverdigheid van straf te verseker, moet dit aan bepaalde elemente voldoen. Die belangrikste van hierdie elemente is dat die persoon verantwoordelik vir sy oortreding gehou kan word. 'n Onskuldige persoon mag dus nie gestraf word nie.

In die oplegging van gevangenisstraf is daar duidelike motiewe waarneembaar. Vir die korttermyngevangene kan die belewing van gevangenisstraf traumaties wees. Die ontneming van vryheid is sekerlik die ergste straf wat 'n mens kan ontvang. Ten spyte daarvan dat die korttermyngevangene se belewing van gevangenisstraf slegs oor 'n kort tydperk strek, is dit veral vir die suiwer

eerste oortreder skrikwekkend.

Die motiewe vir gevangesetting en die betekenis daarvan is veral vir die maatskaplike werker van belang. Indien sy kennis dra van die motiewe, kan sy in staat wees om aan die gevangene die doel van sy gevangesetting te verduidelik. Die ondersoeker ondervind dat die korttermyngevangene nie altyd kan verstaan waarom hy tot gevangenisstraf gevonnis is nie. Die maatskaplike werker moet dus die erns van sy misdaad by hom tuisbring en by hom die insig ontwikkel dat die gemeenskap beskerm moet word.

Daarom dan dat die behandelingsdienste in die gevangenis van belang is. Rehabilitasie omvat nie net die voorkoming van misdaad of die verbetering van die gevangene se selfbeeld nie. Dit sluit ook verskeie ander aspekte van sy menswees in, soos ontspanning, mediese behoeftes, werkverrigting, opleiding en godsdiensbehoeftes. Hierdie behoeftes van die gevangene word deur die konvensionele behandelingsmetode vervul. Die gevangene se sielkundige, opvoedkundige en maatskaplike behoeftes word deur die psigo-sosiale behandelingsmetode geïnkorporeer.

Voordat enige behandeling geïmplementeer kan word moet die gevangene as mens leer ken word. Sy omgewing waaruit hy kom, sy verhoudings en rolfunksionering is alles faktore wat 'n bydrae tot sy ontwikkeling gelewer het. Die ondersoeker onderskei dit as die etiologiese faktore vir die misdaadverskynsel wat in hoofstuk 3 bespreek word.

# HOOFSTUK 3

## ETIOLOGIESE FAKTORE VAN DIE MISDAADVERSKYNSEL

### 1. INLEIDING

Misdaad bring geweldige ontwrigting en skade mee omdat daar dikwels 'n verlies aan menselewens is, asook 'n groot finansiële verlies vir die individu en die gemeenskap. Voorkoming van misdaad impliseer die bestudering van die etiologiese faktore. Dit is baie onwaarskynlik dat die pleeg van 'n misdaad 'n onwillekeurige handeling is.

Die ondersoeker is van mening dat bepaalde faktore die pleeg van 'n misdaad voorafgegaan het. Hierdie faktore is tweeledig van aard, naamlik faktore wat met die misdaad verband hou en faktore wat met die misdadiger verband hou. Die faktore wat met die misdaad verband hou, word in die bespreking van die soorte misdadigers verder toegelig. In die bespreking van die soorte misdadigers wil dit voorkom asof impulsiwiteit en provokasie soms tydens die pleeg van misdaad 'n rol speel. Die faktore wat met die misdadiger verband hou in die veroorsaking van misdaad, is die kinderjare, die skool en die gemeenskap.

Vanweë die kompleksiteit en interafhanklike aard van menslike gedrag ag die ondersoeker dit noodsaaklik om op enkele benaderings tot die misdaadverskynsel te fokus. Die behandeling van menslike gedrag en dan in die besonder

wangedrag is 'n ingewikkelde taak. Om misdaad te voorkom, is behandeling een van die fasette om hierdie doel te bereik. Behandeling is egter nie moontlik as die maatskaplike werker nie van die etiologiese faktore van misdaad bewus is nie. Die rol wat die etiologiese faktore in misdaad speel, kom duidelik na vore in die assessering van die gevangene se situasie. Na die uiteensettting van die benaderings beklemtoon die ondersoeker faktore in die gesin, die skool en die gemeenskap wat 'n bydraende rol tot misdaad gespeel het.

## 2. SOORTE MISDADIGERS

Misdaad is 'n handeling wat ten sterkste deur die gemeenskap afgekeur word. Die gemeenskap het egter ook sterker afkeure van sekere misdade. Die ondersoeker onderskei tussen geweldsmisdade en ekonomiese misdade. Eersgenoemde misdade lok wye reaksie by die gemeenskap uit, en die vonnisse vir hierdie misdade is ook soveel swaarder.

Om die misdadiger in sy totale menswees te beoordeel, is dit van belang om gebeure tydens die misdaadsituasie te evalueer. Die soorte misdadigers word vervolgens aan die hand van Venter (1977:60-65) bespreek. Die misdadigers soos byvoorbeeld die geleentheidsmisdadiger en die oombliksmisdadiger word meestal tot 'n korttermyngevangenisstraf gevonnis. Ter wille van

volledigheid word die ander soorte misdadigers ook bespreek.

## 2.1 DIE TOEVALLIGE MISDADIGER

Hierdie misdadiger verbreek volgens Venter (1977:60) baie ongereeld die wet; indien hy dit wel doen is dit meestal verkeersoortredings. Geen beplanning is ter sprake nie en die oortredings is meestal as gevolg van nalatigheid.

Dit is baie onwaarskynlik dat die misdadiger gevangenisstraf opgelê sal word. Boetes en opgeskorte vonnis is baie keer die vonnis waartoe hierdie misdadigers gevonnis word. Hierdie misdadiger het selde patologiese kenmerke en sal waarskynlik een keer met die gereg bots en nooit weer nie.

## 2.2 DIE GELEENTHEIDSMISDADIGER

Hierdie misdadiger beplan nie die misdaad nie, maar 'n geleentheid het bloot toevallig voorgekom en die versoeking was te aanloklik. Hy het 'n swakheid en kan verleiding nie hanteer nie, byvoorbeeld smokkel met diamante wat hom te koop aangebied word (Venter, 1977:60-61).

Die ondersoeker is van mening dat hierdie misdadiger 'n oordeelsfout begaan het. Die produk wat aangebied word, speel 'n groot rol. Hierdie misdade is ook meestal van 'n ekonomiese aard en sluit selde geweldsmisdade in.

## 2.3 DIE OOMBLIKSMISDADIGER

Die misdadiger se reaksie op sekere gebeure is hier van groot belang. Volgens Venter (1977:61-62) het die persoon 'n spanningsvolle situasie vir 'n geruime tyd hanteer. 'n Krisissituasie ontstaan en hy verloor beheer oor sy emosies.

Volgens die ondersoeker speel provokasie 'n belangrike rol en dit is selde dat 'n herhaling van die misdaad sal voorkom. Die misdadiger kies dikwels 'n verkeerde alternatief vir die oplossing van 'n konfliksituasie. Bogenoemde misdadigers is van besondere belang vir die ondersoek omdat hierdie persone meestal vir die eerste keer in die gevangenis opgeneem word.

## 2.4 DIE RESIDIVIS

Venter (1977:62) is van mening dat die residivis meestal 'n persoon is met 'n kort rekord van vorige veroordelings, maar wat ten minste vir 'n tweede keer gevangenisstraf uitdien.

Die eerste termyn gevangenisstraf is gewoonlik 'n korttermynvonnis, waarna die tweede termyn meestal 'n langtermynvonnis is. Enkele gevangenes wat in die ondersoek gebruik is het vorige veroordelings gehad. Vir almal was dit 'n eerste keer dat hul tot gevangenisstraf gevonnis is.

## 2.5 DIE GEWOONTEMISDADIGER

Hierdie misdadiger pleeg misdaad uit gewoonte en om byvoorbeeld aan die lewe te bly. Straf en dan veral gevangenisstraf hou geen afskrikkingswaarde in nie. Hul leer nie uit vorige ondervinding nie, en het geen realistiese toekomsplanne en ideale nie. Hierdie misdadiger se daaglikse lewe bestaan uit misdaad en is dit vir hom 'n leefwyse. Hierdie misdadiger is oor die algemeen nie vir behandeling gemotiveer nie (Venter, 1977:62-63).

## 2.6 DIE PROFESSIONELE MISDADIGER

Venter (1977:63) is van mening dat misdaad vir hierdie misdadiger 'n beroep en 'n lewenstaak is wat gespesialiseerde kennis en tegnieke vereis. Hy is meestal intelligenter as ander misdadigers en het 'n besondere status in die onderwêreld.

Lillyquist (1980:314) meen dat hierdie misdadiger vanweë sy status in die onderwêreld baie mag het om mense tot sy eie voordeel te manipuleer. Om hierdie misdadiger skuldig te bevind, is ook 'n moeilike taak.

Die ondersoeker is van mening dat hierdie persoon meestal 'n dubbele lewe lei en sterk oorredings- en manipuleringsvermoë is opmerklik.

## 2.7 DIE WITBOORDJIE-MISDADIGER

Hierdie misdadiger kom meestal uit die hoër sosio-ekonomiese klas en sy misdaad hou meestal met geldtransaksies verband. Hy is soms 'n sakeman wat oënskynlik eerlike sake doen, maar dan agteraf konkel. Lillyquist (1980:315) sê verder dat hierdie misdadiger selde besef dat sy handelinge strafbaar is. Baie handeling word uitgevoer tot die bevordering van 'n sakeonderneming of saketransaksie.

Die ondersoeker is van mening dat hierdie tipe misdadiger meestal vir bedrog gevonnis word en omdat groot bedrae geld betrokke is, word 'n langer vonnis opgelê.

## 2.8 DIE MISDADIGER IN BENDEVERBAND

Venter (1977:65) beweer dat die bende 'n leier het en dat die misdaad deeglik beplan word. Die soort misdaad is meestal smokkelhandel in dwelmmiddels. Hierdie aktiwiteite word met behulp van 'n wye netwerk uitgevoer en sluit meestal oorsese lande in.

Die ondersoeker is van mening dat ten spyte van die nadele wat die bende se transaksies vir dwelmverslaafdes inhou, die leier 'n obsessie ten opsigte van status en welvaart het. Dit gebeur ook selde dat hierdie persoon tot korttermyngevangenisstraf gevonnis word.

Slegs enkele soorte misdadigers is bespreek, maar dit is reeds duidelik dat daar verskeie faktore is wat 'n rol tydens die pleeg van 'n misdaad speel. Die onderskeie faktore wat 'n rol tydens misdaadpleging speel, sal die gevangene se motivering ten opsigte van behandeling en samewerking in die gevangenis bepaal.

Wanneer die misdadiger en die redes waarom hy misdaad pleeg bespreek word, is dit eerstens van belang om sekere benaderings tot die verklaring van die misdaadverskynsel te onderskei.

## 3. HUIDIGE BENADERINGS TOT DIE ETIOLOGIE VAN MISDAAD

Hulpverlening sonder 'n grondige teoretiese basis is soos die navolging van 'n program sonder die nodige aanpassing om by die uniekheid van die individu aan te pas. Die teorie word ook uit praktykervaring geformuleer.

Van Rooyen en Combrink (1985:32) onderskei enkele funksies van 'n teorie, naamlik:

* Dit is 'n geheelbeeld van 'n aantal feite oor 'n sekere verskynsel;
* dit is omskrywend en verklarend en bevorder begrip van die verskynsel;
* dit is 'n riglyn vir die moontlike uitwys van verklarings; en
* dit is 'n begin vir die ontwikkeling van ander teorieë;

dit stimuleer dus navorsing.

Bogenoemde omskryf die belangrikheid van teorieë en die rol wat dit vervul. 'n Teorie is dus die maatskaplike werker se verwysingsraamwerk waarvolgens kliënte benader en behandel word. Vir die doeleindes van die ondersoek word teorie en benadering as sinonieme begrippe gedefinieer. Naudé (1988:8-12) onderskei die volgende benaderings wat veral op die misdaadverskynsel van toepassing is.

### 3.1 BIOFISIESE BENADERING

Hierdie benadering beklemtoon dat die oorsake van misdaad, met sekere biologiese afwykings en siektetoestande verband hou. Die misdadiger kan ook fisies van die nie-misdadiger onderskei word deur middel van fisiese voorkoms. Die volgende faktore is van belang:

* liggaamsbou wat met misdaad verband hou;
* oorerwing;
* chromosoomafwykings;
* fisiese gebreke;
* intelligensie; en
* biochemiese en neurologiese steurnisse as oorsaak van misdaad.

Die ondersoeker is oortuig daarvan dat bogenoemde faktore moontlik 'n bydrae tot die veroorsaking van misdaad lewer. Die persoon met 'n beperkte intelligensievermoë kan moontlik vanweë impulsiewe optrede en gebrekkig

oordeelsvermoë misdaad pleeg. Dit kan egter nie as die enigste oorsake van misdaad omskryf word nie.

## 3.2 INTRA- EN INTERPSIGIESE BENADERINGS

Volgens die intrapsigiese benadering word misdaad en wangedrag na aanleiding van interne patologiese prosesse in die mens verklaar. Hierdie prosesse is tydens die kinderjare en die interaksie met die omgewing gevorm. Die interpsigiese benadering fokus op die interaksie en kommunikasie van menseverhoudings. Die gesinsisteem en die aanleer van kriminele gedrag word verder deur hierdie benadering beklemtoon. Naudé (1988:10) onderskei die volgende aspekte wat met misdaad verband hou:

* die selfkonsep en selfbeeld;
* spanningsdruk en stres;
* aggressie;
* depressie;
* persoonlikheidskenmerke;
* angsgeassosieerde steurnisse;
* skisofreniese steurnisse;
* psigoseksuele steurnisse;
* persoonlikheidsteurnisse; en
* psigopatie en/of antisosiale persoonlikheid.

Die ondersoeker se opinie is dat die selfkonsep van die misdadiger 'n belangrike rol in die veroorsaking van misdaad speel. Dit is baie keer juis vanweë die misdadiger se negatiewe siening van homself dat hy misdaad pleeg om sy

portuurgroep te beïndruk en aanvaarding te verkry. Die ondersoeker is van mening dat verskeie ander faktore ook tot misdaad aanleiding kan gee.

## 3.3 SOSIOLOGIESE BENADERING

Hierdie benadering beklemtoon die invloed wat die omgewing op die oortreder het in die veroorsaking van misdaad. Volgens die ondersoeker is die misdadiger dus aan sy omgewing uitgelewer en hy reageer bloot op die gemeenskap se invloede op hom. Naudé (1988:10) onderskei die volgende belangrike faktore in hierdie benadering:

* ontoereikende gesinne; kriminaliteit van die gesinslede; alkohol- en dwelmmisbruik; afwesigheid van die ouers; gebrekkige dissipline; gesinsonenigheid; ekonomiese druk; kulturele en godsdienstige verskille;
* armoede;
* ontoereikende behuising;
* onvoldoende ontspanningsfasiliteite;
* gebrekkige opvoedkundige en beroepsopleiding; en
* die aanleer van antisosiale en misdadige gedrag as aanvaarde gedragspatroon.

Hierdie benadering vind nou aansluiting by die ondersoeker se bespreking van die oorsake van misdaad in afdeling 4. Die ondersoeker beskou dit egter nie as die enigste sinvolle benadering tot die verklaring van misdaad nie, en word die meganiese benadering vervolgens bespreek.

### 3.4 MEGANIESE- EN FISIESEMILIEU-BENADERING

Die fokus op die misdaadsituasie geniet hier prominensie. Die misdaad word dus gepleeg omdat die fisiese omgewing hom tot misdaad leen. Beter beheer moet daarom oor die fisiese omgewing uitgeoefen word voordat misdaad voorkom kan word. Volgens Naudé (1988:11) fokus hierdie benadering op die volgende aspekte: "gebou- en stadsbeplanning, argitektuur, meganiese beveiliging deur middel van slotte, alarms, diefwering ensovoorts, asook handels- en nywerheidsbeveiliging en beveiliging van die persoon".

Die ondersoeker is van mening dat dit belangrik is om die misdadiger en ook die gevangene in sy totaliteit te evalueer ten einde die oorsaak van misdaad te kan bepaal. Met die bespreking van bogenoemde benadering is elke benadering se eie unieke uitgangspunt ten opsigte van die oorsaaklike verbande vir misdaad bespreek. Ten spyte daarvan dat die bespreking van die oorsake in afdeling 4 meer op die sosiologiese benadering fokus, is die ondersoeker van mening dat die maatskaplike werker verskeie benaderings moet integreer.

Van Rooyen en Combrink (1985:35) noem dat die maatskaplike werker nie net kennis van verwante dissiplines moet gebruik nie, maar ook hierdie kennis moet verwerk tot 'n eie unieke inhoudelike. Net so is dit die ondersoeker se opinie dat met die bespreking van bogenoemde benaderings die integrering van hierdie teorieë die verklaring van misdaad

makliker en vollediger maak. Die faktore wat tot misdaad aanleiding gee, is interafhanklik van mekaar en het 'n besondere invloed op die misdadiger en sy funksionering.

## 4. ETIOLOGIESE FAKTORE WAT MET DIE MISDADIGER VERBAND HOU

In die bespreking van bogenoemde benaderings vir die verklaring van misdaad het die ondersoeker slegs enkele faktore onderskei. Dit is nie die doel van die ondersoek om die etiologiese faktore volledig toe te lig nie en daarom word slegs die gesin, die skool en die gemeenskap bespreek. Die ondersoeker ontken egter nie verskeie ander faktore wat 'n rol in die veroorsaking van misdaad kan speel nie. Die ondersoeker wil beklemtoon dat hierdie faktore interafhanklik en nou met mekaar verweef is en ook so bespreek word.

Elke gevangene se verval in misdaad is beslis deur definitiewe oorsake teweeggebring en nie deur toeval of die noodlot nie (May, 1975:4). Die ondersoeker wil saam met Textor (1989:58) stem wanneer hy die volgende kriteria vir die omskrywing van gedrag formuleer:

* die mens is 'n fisiese, emosionele en intellektuele wese;
* die mens is uniek en sy individualiteit moet altyd erken word;
* die mens leef in interaksie met verskeie persone, byvoorbeeld sy gesin, werk en portuurgroep;

* die mens het die vermoë om te onderskei tussen wat goed en reg is en kan dus besluite ten opsigte van sy eie gedrag neem; en
* byna alle menslike gedrag het verskeie oorsake.

Die ondersoeker is van mening dat ten spyte van die feit dat elke individu uniek is, hy saam met ander persone funksioneer. Hierdie interaksies het tot bepaalde gedragspatrone gelei wat by elke individu uniek is. Die misdadiger se unisiteit het reeds tydens die kinderjare 'n aanvang geneem. Sy ervarings en indrukke van sy ouerhuis, opvoeding, skoolopleiding en die gemeenskap speel 'n belangrike rol ten opsigte van sy huidige funksionering.

Die misdadiger is soms die produk van 'n gemeenskap of 'n ouerhuis. Ten spyte daarvan dat hy oor die vermoë beskik om keuses te doen, het sy pa se drinkery hom geleer om drank te gebruik om van die werklikheid te ontvlug. Die gesin se rol in die veroorsaking van misdaad word nou verder toegelig.

## 4.1 DIE GESIN

Die gesin is die primêre instelling in die sosialiseringsproses van die kind. Die gesin verskaf rolmodelle, houdings en waardes wat die kind kan navolg. Dit bied aan hom beskerming teen 'n vyandige wêreld (Jacobs, 1988:66). Die ondersoeker meen dat die kind se

persoonlikheid in die gesin gevorm word. Hier maak hy kennis met aanvaarding, liefde, dissipline en waardes en norme.

Louw (1984:210) en Piek (1984:221-222) is van mening dat die kind gedurende sy eerste twee jaar, asook gedurende sy kleuterjare baie belangrike ontwikkelinge ondergaan. Dit word as die kritieke periode vir psigososiale ontwikkeling beskou. Die kind se vermoë om ontwikkelingstake in latere stadiums van sy lewe te bemeester, hang baie sterk af van die mate van sukses waarmee hy sy kleuterjare deurloop.

Die kind se eerste ervaring van die gemeenskap begin dus in die gesin. Hierdie ervaring sal grootliks bepaal of die kind wangedrag sal openbaar of nie (Jacobs, 1988:66). Indien die gesin as sisteem nie doeltreffend funksioneer nie, benadeel dit die kind. 'n Individu wat wanfunksioneer beïnvloed gevolglik verskeie ander persone en uiteindelik die gemeenskap.

Vervolgens word faktore in die gesin wat tot die kind se wangedrag aanleiding kan gee, bespreek. Van Wyk (1978: 479-480) voel dat jeugoortreders dikwels uit ouerhuise kom wat deur die volgende omstandighede gekenmerk word, naamlik misdadigheid, gebroke gesinne en gebrekkige dissipline. Bartol en Bartol (1986:113) noem verder dat werkloosheid, onstabiliteit en wanorde, ontoereikende toesig, konflik en swak ouer-kind verhoudings in gesinne in 'n groot mate tot

die misdadigheid van kinders aanleiding gee. Die ondersoeker fokus verder op die volgende faktore, naamlik armoede, die ouers, gesinsonvolledigheid en -onenigheid, die kind se reaksie op negatiewe ervaringe en die kind se keuse.

### 4.1.1 Armoede

Armoede is volgens die ondersoeker 'n algemene verskynsel wat in elke land en selfs in elke gemeenskap voorkom. As een van die veroorsakende faktore vir misdaad, noem McCarthy (1982:144) dat armoede die belangrikste en nadeligste faktor is. Die ondersoeker is van mening dat juis in Suid-Afrika vanweë die ongunstige ekonomiese omstandighede, armoede 'n baie belangrike bydraende faktor tot misdaad uitmaak. Die gevolge van armoede hou nie net met misdaad verband nie, maar het ook 'n invloed op die mens in sy totaliteit.

Kenmerkend van die arm gesin volgens McCarthy (1982:144) is: die gebrek aan gebalanseerde diëte, gebrekkige gesondheidssorg, oorbewoning van huise en lawaaierigheid, beperkte opvoedkundige kwalifikasies met gevolglik beperkte verwagtings van kinders, beperkte speelgoed en hulpmiddels vir stimulering, onvoldoende motivering vir betrokkenheid by kulturele aktiwiteite, beperkte versterking van die kind se selfbeeld en probleemoplossingsvaardighede. Bogenoemde eienskappe is ook kenmerkend van die multiprobleemgesin, maar dit word nie in hierdie ondersoek bespreek nie vanweë die unieke aard van die

gesin. Die kind in die arm gesin moet dus verskeie aspekte ontbeer. Hy moet ook hierdie omstandighede probeer aanvaar en die beste van die situasie maak.

Sahakian (1981:176) is ook van mening dat die kind in die arm gesin in isolasie groot word. Nie net word hy in sy onmiddellike omgewing geïsoleer nie, maar ook van die samelewing. Die arm gesin in die gemiddelde woonbuurtes word dikwels geïsoleer omdat die mens statusbewus is.

Die kind in die arm gesin kry baie keer nie die geleentheid om wel sy vermoë aan ander te bewys nie. Conrad (1982:69) sê dat ten spyte van wat hy oor die televisie sien en by die skool hoor, hy selde die motivering van sy ouers kry om wel 'n geleentheid te benut. Die ondersoeker is van mening dat hierdie kind wel 'n groot agterstand het, maar met die nodige erkenning en geleenthede tog sukses kan behaal.

Die arm gesin word ook geëtiketteer. Sinclair en Clarke (1982:68) beweer dat die polisie meer aandag aan die wangedrag van kinders wat in swak en haglike woonbuurtes woon, gee, as aan dié wat in gemiddelde woonbuurtes woon. Dit is egter verstaanbaar dat misdaad in hierdie woonbuurtes meer voorkom, omdat die kinders aan soveel negatiewe invloede blootgestel word.

Kenmerkend van die arm gesin is sy leefwyse wat 'n gebrek aan toekomsbeplanning openbaar (Conrad, 1982:71). Die gesin se daaglikse aktiwiteite word nie vooruit beplan nie wat daartoe lei dat maandelikse inkomste impulsief en onoordeelkundig bestee word. Armoede in die gesin kan hoofsaaklik as gevolg van twee faktore wees, naamlik die wanbesteding van inkomste en onvoldoende inkomste.

Volgens die ondersoeker ontvang die ouers meestal 'n lae maandelikse inkomste en hul is dan nie in staat om in die gesin se basiese behoeftes te voorsien nie. Venter (1977:161) is van mening dat onvoldoende inkomste tot misdaad aanleiding kan gee. Soms kom tydelike of chroniese werkloosheid ook voor wat die gevolge soveel erger maak. Onvoldoende kwalifikasies gee daartoe aanleiding dat werksgeleenthede verder beperk word.

Tweedens word inkomste wanbestee vanweë impulsiwiteit en 'n onvermoë om geld korrek aan te wend. Daar is egter volgens die ondersoeker weinig wat aan lae besoldiging gedoen kan word. Wanbesteding kan egter deur die maatskaplike werker in die aanwending van begrotingshulp oorbrug word.

Samevattend beweer Venter (1977:159) dat misdadigers meestal uit arm, oorbewoonde huise kom, terwyl die vaders meestal in die onderste beroepslae werksaam is. Ten spyte van die frustrasie en ontevredenheid wat hieruit kan

spruit, is die ouers se opvoeding ook baie gebrekkig wat verder tot misdaad aanleiding kan gee. Die ouers van die misdadiger maak hul soms aan wangedrag skuldig, soos die pleeg van 'n misdaad en alkoholmisbruik. Die ouers van die misdadiger speel 'n baie belangrike rol in die opvoeding van die kind. Indien hul opvoeding gebrekkig is, gee dit tot verskeie gesinsprobleme aanleiding.

### 4.1.2 Die ouers van die misdadiger

Die ouers is die opvoeders en behoort hulle modelle te wees waarvolgens kinders hul gedrag ten uitvoer bring. Geen ouer is volmaak nie, maar daar is enkele faktore en leemtes wat die ouer bewustelik nalaat of toelaat wat met misdaad verband hou.

Monahan (1982:17-18) onderskei vier faktore in die gesin wat veral op die ouers betrekking het, wat tot hul kinders se misdadige en wangedrag aanleiding kan gee, naamlik: " - criminality of the parent themselves; - lack of parental supervision of the child; - conflict and disharmony between the parents; and - parental use of harsh and physical techniques of child rearing". Die ondersoeker bespreek die volgende aspekte: die ouers se wangedrag, hul opvoeding met die fokus op die emosionele, fisiese verwaarlosing en gebrekkige dissipline.

#### 4.1.2.1 Wangedrag van die misdadiger se ouers

Wangedrag by die ouers van die misdadiger is geen ongewone verskynsel nie. Bartol en Bartol (1986:90), Mayers (1980:113), Van Wyk (1978:479-480) en Venter (1977:159) onderskei die volgende wangedrag by die misdadiger se ouers: alkoholmisbruik, onsedelikheid en misdaad. Die ondersoeker is van mening dat die misbruik van dwelmmiddels ook kenmerkend van die misdadiger se ouers is.

Venter (1977:159) se opinie is dat hierdie wangedrag ook by die broers en susters van die misdadiger voorkom. Die pleeg van 'n misdaad het vir sekere gesinne betalend geword en misdaad word 'n leefwyse. Hoe meer misdaad gepleeg word, hoe suksesvoller word die daad uitgevoer wat moontlike arrestasie en vonnisoplegging verminder.

Bartol en Bartol (1986:90) is van mening dat vir sekere individue die pleeg van misdaad deel van hul identiteit is. Hierdie skrywers beweer verder die volgende: "This is the way they perceive themselves and how they present themselves. It is the role they have chosen to play (or have been pushed into) - for lack of a better one." Die ondersoeker is van mening dat dit soms juis die kind is wat geen alternatiewe leefwyse of gedragspatroon ken nie. Hy weet nie van beter nie. Indien hy wel kennis sou dra, beskik hy nie oor genoeg selfvertroue en deursettings-vermoë om die kringloop van misdaad te breek nie.

Die opvoedingsproses vind deurlopend plaas en die kind neem die ouers se gedrag waar, positief of negatief. Die waarneming van wangedrag het soms verreikender gevolge as wat die ouer kan voorsien. Die gevolge word baie keer te laat waargeneem, soos byvoorbeeld as die kind reeds in die gevangenis is. Wangedrag deur die ouers het noodwendig 'n invloed op die opvoeding van hul kinders.

### 4.1.2.2 Die ouers se opvoedingstaak

Die ouer speel 'n belangrike rol in die sosialiseringsproses. Die emosionele atmosfeer in die gesin en die wyse waarop die kind opgevoed word, hetsy outokraties of demokraties, die metodes van beloning en straf, aanmoediging en dissipline oefen 'n wesenlike invloed op die ontwikkelende persoonlikheid van die kind uit (Cronjé et al., 1978:52).

Die ondersoeker voel dat selfs die ouers wat vir die opvoedingstaak verantwoordelik is, meestal ook in deprive-rende omstandighede grootgeword het. Steele (1982:97) noem in hierdie verband dat vanweë die moeder se eie belewenis van deprivasie sy nie in staat is om aan die behoeftes van haar kind te voldoen nie. Gevolglik word 'n gedepriveerde kind 'n volwassene wat hierdie ontoereikendheid weer aan hulle kinders oordra. Die ondersoeker is van mening dat die ouers se vermoë, in samehang met sy agtergrond, dit soms onwaarskynlik maak dat hy sy aangeleerde gedragspatrone in die uitvoering van sy

opvoedingstaak sal wysig.

Bartol en Bartol (1986:120) noem in hierdie verband dat: "Disorganized, unstable families with parents whose own sense of fairness and empathy are not highly developed are more likely to produce future generations with similiar orientations towards others." Dissipline, liefde en ondersteuning is volgens die ondersoeker belangrike elemente wat in die gesin aanwesig moet wees. Pepinsky (1980:185) sê dat kinders wat 'n gebrek aan dissipline en ondersteuning ervaar meer tot wangedrag geneig is.

Ten spyte daarvan dat verskeie faktore in die ouers se opvoeding vir die kind nadelig kan wees, word slegs emosionele verwaarlosing en gebrekkige dissipline bespreek.

* Emosionele verwaarlosing

Een van die redes waarom die kind die waardes en norme van sy ouers aanneem, is die feit dat die kind hulle liefhet en respekteer. Die kind strewe daarna om soos die ouer te wees. Indien liefde en warmte ontbreek, kan die kind nie met die ouer identifiseer nie (Lillyquist, 1980:93).

Emosionele verwaarlosing kom baie voor en het verreikende gevolge. Shanok en Lewis (1981:238) beweer ook dat verwaarlosing deur die ouer voldoende is om misdadige gedrag by die kind te veroorsaak. Emosionele verwaarlosing behels kortliks die volgende: gereeld op die kind skree,

die kind afkraak deur hom te beledig, die oordrewe lewering van kritiek ten opsigte van die kind se persoonlikheid en gedrag en die ignorering van die kind (Bartol & Bartol, 1986:113). Hierdie hantering van die kind deur die ouers kan tot 'n swak selfbeeld by die kind aanleiding gee.

Gevolglik wend die kind hom tot sy portuurgroep om die nodige aanvaarding en erkenning te kry, en so raak hy by wanpraktyke betrokke. Die kind ervaar dat sy omgewing onstabiel is en vir hom ongelukkigheid meebring. Die kind wat emosioneel verwaarloos word, ervaar verwerping wanneer hy liefde benodig, hy word geïgnoreer wanneer hy honger is, sy ouers drink en baklei wanneer hy aandag benodig; hy is gevolglik die las in die huis (Tomaino, 1969:26). Die kind is dus die objek wat 'n las en onwelkom is. Hy moet die volwassene word wat met hierdie ervaringe 'n sukses van die lewe moet maak.

Sommige ouers is volgens Cronjé et al. (1978:115) meer begaan oor finansiële sukses en status as oor liefdesbetoning en rigtinggewing aan hul kinders. Die ouer wat hom aan emosionele verwaarlosing skuldig maak, is ook die ouer wat baie keer ook nie sy kind dissiplineer nie. As die ouer liefde wat 'n maklik verwoordbare gevoel is nie kan gee nie, hoe sal hul dissipline kan toepas? Dissipline kan konflik beteken en dit is 'n te groot inspanning om uit te leef.

* Gebrekkige dissipline

Die mens het van nature 'n behoefte aan dissipline en gesag. Indien dit in sy ouerhuis ontbreek en hy in die gevangenis opgeneem word vir 'n misdaad wat hy gepleeg het, word die gevangenis die instelling wat hierdie dissipline moet herïmplementeer.

Mayers (1980:171) is van mening dat verskeie jeugdiges beperkte beheer en toesig in hul kinderjare beleef het. Hierdie kinders het nie 'n ouer gehad wat oor die vermoë of wil beskik om die gedrag van hul kinders te rig deur soms toestemming te weier nie.

Ten spyte van die ouer wat dissipline glad nie toepas nie, word dissipline ook inkonsekwent toegepas. Venter (1977:159) is van mening dat dissipline òf te streng òf te slap òf te wispelturig toegepas word, wat tot ernstige verwaarlosing en 'n benadeling van die persoonlikheidsontwikkelingsproses kan lei. Bartol en Bartol (1986:116) noem in hierdie verband dat bogenoemde inkonsekwente toepassing van dissipline tot verwarring by die kind kan lei. Dreigemente van straf is nie meer effektief nie, omdat dit selde toegepas word. Die kind ontwikkel dan vir homself 'n lewensfilosofie van: "...get-what-you-can-now-and-don't-worry-about-the-unpredictable-consequences..." (Bartol & Bartol, 1986:116).

Die ouer wat te streng in sy toepassing van dissipline is, kan ook negatiewe gevolge vir die kind inhou. Lillyquist (1980:93) is van mening dat hierdie kind nie aan die ouer se standaard kan voldoen nie en dan skuldgevoelens ervaar.

Die kind leer dus om kanse te waag en tree onverantwoordelik op. 'n Gebrek aan die toepassing van dissipline deur die ouer het verskeie negatiewe gevolge soos in voorafgaande bespreking uiteengesit, soveel te meer as een of albei ouers afwesig is. Nie net is daar 'n gebrek aan dissipline nie, maar daar is ook 'n gebrek aan warmte en empatie.

### 4.1.3 Gesinsonvolledigheid en gesinsonenigheid

Gesinsonvolledigheid, wat ook al die aard daarvan, het 'n bepalende invloed op die kind. Cicourel (1968:38) beweer dat die jeugoortreder meestal uit 'n ouerhuis kom waar egskeiding en verlatings 'n groot invloed op die gesin se funksionering gespeel het. Die ouers is meestal vir die verlatings verantwoordelik, en hierdie omstandighede is bevorderlik vir die verval in misdaad.

Watter ouer afwesig is en of albei afwesig is, die effek op die kind is verskillend en navorsers onderskei tussen materne/moederlike en paterne/vaderlike deprivasie, wat hierna bespreek sal word.

#### 4.1.3.1 Moederlike deprivasie

Mayers (1980:134) is van mening dat moederlike deprivasie die volgende gevolge op die kind kan hê: wangedrag, persoonlikheidsdefekte, taalversteuring en versteuring ten opsigte van kognitiewe en fisiese groei. Die ondersoeker is ook van mening dat die kind wat materne deprivasie beleef emosioneel afgestomp kan voorkom.

Die moeder is die eerste persoon waar die kind vertroue, liefde en aanvaarding ervaar. Indien die moeder afwesig is, moet die kind hom na iemand anders wend of hierdie behoeftes bly onvervuld. Piek (1984:244) is van mening dat daar relatief min navorsing oor moeder-afwesigheid bestaan omdat dit selde gebeur dat 'n moeder permanent afwesig is. Na aanleiding van bogenoemde is dit ook baie meer traumaties indien die moeder afwesig is. Dit is egter ten spyte van al die negatiewe faktore waar dat kinders uit hierdie omstandighede, ook tot gelukkige volwassenes kan ontwikkel wat in staat is om doeltreffend te funksioneer.

#### 4.1.3.2 Vaderlike deprivasie

Chamelin et al. (1979:402) beweer dat vader-afwesigheid 'n baie groot rol in die veroorsaking van misdaad speel. Permanente afwesigheid het nie net 'n negatiewe invloed op die seun se identifikasie nie, maar dit het ook 'n invloed

wanneer die vader lang tye afwesig is of lang en ongereelde ure werk.

Vanweë bogenoemde afwesigheid deur die vader word daar aan die seun sekere verwagtings gestel waarvoor hy nie opgewasse is nie (Mayers, 1980:170). Die ondersoeker is van mening dat baie druk op 'n seun in 'n enkelouergesin geplaas kan word. Van hierdie kind word verwag om 'n rol te vervul wat so na as moontlik aan dié van sy vader is, sonder dat hy daarvoor opgewasse is. Sommige seuns eien aan hulself hierdie rol toe om die moeder te help. Die kind het ook nie 'n vaderlike identifikasiemodel waarmee hy kan identifiseer nie. Dit kan vir hom baie spanning meebring.

Watter ouer ook al afwesig is, elke kind het 'n ouer as 'n model nodig. Net so het elke kind 'n gelukkige huweliksverhouding as model nodig om ook in die toekoms 'n huwelik te sluit en selfstandig en gelukkig te kan funksioneer.

Megargee (1982:24) en Rech (1988:40) is van mening dat kinders wat gedurende hul kinderjare spanningsvolle skeiding weens gesinsonenigheid of ander gesinsprobleme ervaar het, in 'n groter mate vir gedragsprobleme vatbaar is. Misdaad kom ook meer by misdadigers voor wat deur ouers grootgemaak is wat voortdurend konflik beleef, as by misdadigers wat deur liefdevolle enkelouers groot gemaak is. Retief (1978:65) bevestig bogenoemde en noem dat

misdaad meer verband hou met die interne konflik, spanning en disharmonie in die gesin as met die egskeiding self.

Die ondersoeker stem met bogenoemde skrywers saam veral omdat die enkelouer baie keer soveel meer vir die kind probeer gee om te vergoed vir die gevolge van die egskeiding. Sommige ouers probeer 'n egskeiding verhoed, maar besef nie dat die onenigheid in die gesin groter skade kan aanrig nie.

Volgens Venter (1977:160) word die gevangene en/of sy ouers se huwelik feitlik deurgaans as ongelukkig bestempel. Die verhouding word gekenmerk deur onverskilligheid en neweverhoudings.

Daar word nie net alleen 'n swak verhouding tussen die ouers gevind nie maar ook tussen die ouers en kinders, veral die vader-seun verhouding (Venter, 1977:159). Vanweë hierdie swak verhoudings heers 'n nadelige uitwerking op die kind se opvoeding en dit kan tot baie gevoelens van bitterheid lei wat op sy beurt aanleiding gee tot impulsiewe gedrag, byvoorbeeld weglopery, gewelddadige botsings, dwelmmisbruik en misdaad.

Volgens Cronjé et al. (1978:105) het rusies en twis vroeg al 'n negatiewe uitwerking op die kind, maar die uitwerking vererger namate die kind ouer word en hy aan meer wangedrag blootgestel word. Hierdie kind internaliseer hierdie

antisosiale gedrag omdat hy nie kennis dra van enige ander alternatiewe gedragspatroon nie.

### 4.1.4 Die kind se reaksie op negatiewe ervarings

Die ondersoeker is van mening dat elke kind se gedrag 'n reaksie is op invloede en belewenisse wat gedurende sy kinderjare plaasgevind het. Wunderlich (1978:233-235) beweer dat die kind soms wangedrag openbaar en sodoende sy nood tot die uiterste verkondig. Hierdie kind het moontlik gevoelens van wraak omdat die lewe hom nog net sleg behandel het.

Volgens Tomaino (1969:26) het die meeste jeugoortreders gevoelens van wantroue teenoor die gemeenskap. Die ondersoeker beweer dat hierdie wantroue reeds in die kinderjare ontstaan het. Indien die ouer ongedissiplineerd en verwerpend is, kan die kind respek vir die ouer verloor en wantrouig teenoor gesag word.

Vanweë die kind se frustrasies omdat sy basiese behoeftes nie bevredig word nie, gee dit daartoe aanleiding dat hulle aggressief, opstandig en rebels optree. Retief (1978:65) is van mening dat die kind se opstand teen gesag dikwels 'n opstand is teen onbehoorlike en ontoereikende gesag. Vir die kind wat in arm omstandighede grootgeword het, word geld en die verkryging daarvan noodsaaklik. Dit is

Retief (1978:62) se mening dat geld die vernaamste medium word waardeur status verkry en gesimboliseer word. Die soeke na status en posisie word gevoer tot die punt waar alle geestelike en morele waardes daaraan ondergeskik gestel word. Dit word 'n lewenswyse wat lei tot individualisme en selfsug. Die ondersoeker is van mening dat veral ekonomiese misdade deur hierdie hebsug gekenmerk word.

Tomaino (1980:26) beweer dat die misdadiger die volgende gevoelens ervaar: "He is mistrustful. As a juvenile he sees no reason to feel good about his environment. He may even act out against it because he really has nothing to lose anyway. One cannot respect what one does not trust." Die jeugdige is in opstand teenoor alles wat in sy jong lewe skeef geloop het. Hy voel dat hy benadeel is en dat hy iets moet terugwen wat hy verloor het. Hy het net wantroue en teleurstelling geken en dit is moontlik 'n te groot risiko om iemand te vertrou.

Rech (1988:40) voer aan dat 'n kind se temperamentseienskappe 'n belangrike rol in die veroorsaking van misdaad speel. Volgens Cronjé et al. (1978:53) reageer kinders wat aan dieselfde soort behandeling en sosiale ervarings blootgestel word, nie almal dieselfde nie. Die een raak aggressief as hy verwerp word, terwyl 'n ander weer teruggetrokke raak en 'n derde kan ten spyte van hierdie negatiewe ervaring ontwikkel in 'n individu wat doeltreffend kan funk-

sioneer.

Die ondersoeker meen dat elke individu sy kinderjare, hoe problematies ook al, op 'n eie unieke wyse beleef. Soos reeds genoem, kan die mens se vermoë om te groei en te verander nooit onderskat word nie.

#### 4.1.5 Die kind se keuse

'n Verdere belangrike aspek wat vir die ondersoeker van belang is, is die mens se vermoë om keuses te doen. Elke mens in sy besondere omstandighede het op 'n tydstip in sy lewe 'n keuse gedoen ten opsigte van 'n werk, 'n huweliksmaat en ideale.

Samenow (1977:124-125) noem dat die misdadiger soms sekere keuses doen wat teenstrydig met sy portuurgroep se sienings is. Hy het misdaad gekies om sy eie identiteit as misdadiger te kan bepaal. Hy het verkies om leuens eerder as die waarheid te vertel. Hy het die idee dat sukses deur inspanning bereik word verwerp. Indien hy nie sukses behaal het nie, het hy onttrek en aggressief geraak.

Die ondersoeker is van mening dat 'n groot aantal misdadigers oortuig is dat die gemeenskap hul iets skuld. Hy het dan soveel ongerief in sy kinderjare beleef dat hy iets êrens moet terugwen, al moet hy steel. Sy ouers is nie instaat om in sy behoeftes te voorsien nie, daarom moet die gemeenskap aan hom vergoed. Clarke (1982:217) sê

dat die misdadiger sal evalueer wat sy kanse is om gevang te word of nie voordat die misdaad gepleeg word. Die misdadiger is baie keer bewus van die gevolge, maar gryp tog die geleentheid aan.

Vanweë bogenoemde is die ondersoeker van mening dat die feit dat die kind 'n keuse tydens die pleeg van 'n misdaad gehad het, die uitwerking van negatiewe gesinsomstandighede in die veroorsaking van misdaad geensins misken moet word nie. Tydens behandeling is dit belangrik om die motief vir die pleeg van misdaad vas te stel alvorens behandeling 'n aanvang kan neem.

Sommige kinders se wangedrag is moeilik in die ouerhuis waarneembaar, veral omdat hul in 'n beskermende geslote sisteem funksioneer. By die skool waar die kind self verantwoordelikheid vir sy gedrag moet aanvaar en hy nie daartoe in staat is nie, kom wangedrag na vore en dan veral in onbevredigende skoolvordering en stokkiesdraaiery.

## 4.2 DIE SKOOL

Die kind bring 'n groot deel van die dag by die skool deur en hou hom daarna met skoolverwante aktiwiteite besig. Jacobs (1988:67) is om hierdie rede die mening toegedaan dat die skool naas die gesin as die belangrikste sosialiseringsinstelling in die kind se lewe beskou word en dalk nog meer by die veroorsaking van misdaad betrokke kan wees. Verskeie kinders word uit 'n wye verskeidenheid

agtergronde byeengebring en word daar aan hulle kennis en vaardighede oorgedra wat hul moet aanleer.

Cicourel (1968:82) beweer dat wangedrag en kleiner oortredings begin wanneer die kind nie na wense op skool vorder nie. Retief (11978:65) is die mening toegedaan dat ondersoeke aan die lig gebring het dat die skool as faktor by misdaad nie verontagsaam kan word nie.

### 4.2.1 Skoolvordering

As gevolg van die ongunstige omstandighede by die huis het dit noodwendig 'n invloed op die kind se skoolvordering. Cronjé et al. (1978:192) beweer dat die kind ook sy huislike probleme skool toe bring wat daartoe lei dat hy nie sy aandag by sy skoolwerk bepaal nie. Dit gee daartoe aanleiding dat skoolvordering nie na wense is nie. Venter (1977:157) beweer dat druiping en herhaling van standerds 'n algemene verskynsel is onder kinders wat probleme by die huis ervaar. Gevoelens van mislukking, frustrasie en minderwaardigheid ontstaan en dit kan aanleiding gee tot misdadige gedrag as 'n vorm van kompensasie.

In aansluiting by bostaande noem Offord (1982:132) dat die kind in misdaad betrokke raak om sodoende sy siening van homself te verbeter en om 'n gevoel van belangrikheid en sukses te verkry. Die ondersoeker is van mening dat indien die kind onderpresteer en nêrens sukses behaal nie, hy maklik in die skool vergeet word, en dat daar meer aandag

aan die presteerders gegee word. Die kind ervaar dat hy weereens verwerp word en wend hom dan tot sy portuurgroep. In sy portuurgroep word daar nie veel van hom verwag nie; as hy net saam met hul byvoorbeeld dagga rook, word hy aanvaar.

Gevolglik verlaat hierdie kind die skool op 'n vroeë ouderdom omdat hy nie gelukkig is nie, wat weer daartoe aanleiding gee dat hy 'n heenkome in die ongeskoolde en minder lonende beroepe moet vind. Dit kan weer bevorderlik vir die verval in misdaad wees veral vanweë onvoldoende besoldiging. Die kind wat nie suksesvol in die skool kan aanpas nie, is meestal die kind wat uit 'n arm gesin kom of ouers het wat nie 'n navolgingswaardige voorbeeld stel nie. Hierdie ouers pas beperkte en inkonsekwente dissipline toe en maak hulself aan wangedrag skuldig. Bogenoemde veroorsaak dat die kind nie teen sy skoolwerk opgewasse is nie; dit lei tot 'n swak selfbeeld, frustrasies en wangedrag op skool.

### 4.2.2 Wangedrag op skool

Wangedrag op skool wissel van klein diefstalle en stokkiesdraai tot vandalisme. Volgens Retief (1978:65-66) is bogenoemde dikwels die voorloper van ernstige oortredinge. 'n Groot persentasie van alle misdadige loopbane begin gedurende die skooljare. Venter (1977:158) sê stokkiesdraai is 'n aanduiding van 'n swak verantwoordelikheidsbesef en

gebrekkige lewensdissipline. Die ledigheid en verveling wat daaruit spruit is die voorloper van antisosiale gedrag.

Bartol en Bartol (1986:111) beweer dat sommige kinders reeds tydens skooljare hul aan vandalisme, diefstal en weglopery skuldig maak. Die jeugmisdadiger raak opstandig teenoor gesag en maak hom aan leuens skuldig. Wanneer die kind die skool verlaat, tree hy tot die arbeidsmark toe wat ook weer 'n rol in die kind se misdadige gedrag kan speel. Die kind bly egter deel van die gemeenskap ten spyte daarvan dat hy 'n lid van die gesin is. Die gemeenskap is so 'n omvattende begrip en die invloed op misdaad so ingewikkeld dat die ondersoeker vervolgens net kortliks op die gemeenskap se bydrae in die veroorsaking van misdaad fokus.

## 4.3 DIE GEMEENSKAP

Die ondersoeker is van mening dat die gemeenskap 'n belangrike rol in die veroorsaking van misdaad speel. Tans word daar meer op die voorkoming van misdaad in die gemeenskap gefokus. Jacobs (1988:49-76), Lillyquist (1980:43) en Cronjé (1978:501) beklemtoon die gemeenskap se rol in die veroorsaking van misdaad asook dat misdaad deur middel van gemeenskapsprogramme voorkom kan word. Laasgenoemde skrywer voer aan dat die mens die gemeenskap se grootste bate en ook sy gewigtigste verantwoordelikheid is.

Cronjé et al. (1978:314) noem dat: "The highest test of the success of a society is the degree of self-actualization achieved by its members." Die gemeenskap het dus 'n verantwoordelikheid teenoor sy lede om aan hulle die geleenthede te gee om tot hul maksimum potensiaal te kan ontwikkel.

Vir die ondersoeker is dit van belang om vervolgens op die betekenis van die begrip gemeenskap klem te lê. Volgens Jacobs (1988:50-51) sluit die begrip "gemeenskap" die volgende aspekte in:

* bepaalde geografiese gebied, dit wil sê 'n buurt, dorp of stad;
* die saambinding van die mens deur assosiasies of onderlinge betrekkinge, byvoorbeeld ooreenstemmende opvoedkundige, sosiale en ekonomiese standaarde;
* wisselwerking tussen mense in verhouding met mekaar deurdat hul skole, kerke en byvoorbeeld ontspannings-geriewe deel.

Volgens die ondersoeker het elke gemeenskap sy eie unieke identiteit wat kenmerkend van daardie gemeenskap is. Die gesin en die skool is dus deel van die gemeenskap. Sonder hierdie instellings kan die gemeenskap nie bestaan nie. Indien die individu hom aan wanfunksionering skuldig maak, het dit noodwendig op die gemeenskap 'n invloed.

Die mens se toetrede tot die gemeenskap en deelname aan gemeenskapsaktiwiteite hou tans 'n groter gevaar in as in die eertydse gemeenskappe. Met die snelle ontwikkeling van kommunikasiemedia raak die gemeenskap minder geslote en speel invloede en verandering van buite 'n al hoe groter rol. Dit het tot gevolg dat die mens se lewensordening en -inhoud geraak word en dat die mens se blootstelling aan antisosiale invloede toeneem. Hierdie blootstelling waarvoor die kind nie altyd gereed is nie kan tot misdaad aanleiding gee (Cronjé, 1978:505-506).

Naudé (1988:19) is van mening dat die volgende faktore in die gemeenskap tot misdaad aanleiding kan gee, naamlik: "...swak sosio-ekonomiese omstandighede soos 'n lae opvoedingspeil en beroepsopleiding, swak behuising, oorbewoning, agterbuurttoestande, armoede, werkloosheid en 'n funksioneel ontoereikende gesinsopset aanleiding kan gee tot gebrekkige sosialisasie, gebrekkige tussenpersoonverhoudings en onvoldoende internalisering van gemeenskapsnorme en -waardes... ". Bogenoemde faktore speel ook 'n rol tydens die kind se funksionering in die gesin en die skool.

Die mens leef in 'n fyn balans met sy omgewing. Naudé (1988:76) is van mening dat hierdie transaksionele wisselwerking met die omgewing die individu beïnvloed. Die sukses wat die individu bereik sal die gemeenskap beïnvloed en bevoordeel. Volgens die ondersoeker is dit van groot belang dat die gemeenskap se houding teenoor sy

individue en dan ook die misdadiger positief sal wees. Die aanvaarding wat die misdadiger in die gemeenskap kry, sal sy verdere kriminele gedrag bepaal.

## 5. SAMEVATTING

Die pleeg van 'n misdaad is 'n onwettige handeling wat deur die oortreder uitgevoer is om sodoende sy selfsugtige behoeftes te bevredig. Ten spyte van die selfsug wat soms by misdaad betrokke is, is daar bepaalde faktore wat 'n rol in die veroorsaking van misdaad speel.

Die etiologiese faktore vir die misdaadverskynsel word onderskei in twee afdelings, naamlik die faktore wat met die misdaadsituasie verband hou, wat as die soorte misdadigers bespreek word en die wat met die misdadiger as mens verband hou, waar daar op die gesin, die skool en die gemeenskap gefokus word. Die belangrikheid van die identifisering van die etiologiese faktore vir misdaad kan nooit onderskat word nie. Die maatskaplike werker se kennis oor die gebeure tydens die misdaadsituasie stel haar in staat om te bepaal of die misdaad 'n impulsiewe daad was en of provokasie 'n rol gespeel het.

Die verskillende benaderings tot die etiologie van misdaad fokus elk op 'n beperkte aantal etiologiese faktore. Omdat misdaad 'n komplekse probleem en moeilik behandelbaar is, is dit vir die ondersoeker van groot belang dat daar van

die integrerende benadering gebruik gemaak word. Met behulp van hierdie benadering kan die misdaadverskynsel die sinvolste verklaar word.

Maatskaplike werkers kan van mening wees dat hulle selde die ware feite oor die misdaad sal aanhoor. Tog is die misdadiger se persepsie van die gebeure essensieel vir die verwerking van gevangenisstraf. Die maatskaplike werker kan hom van hulp wees om hierdie gebeure in perspektief te sien.

Etiologiese faktore wat met die misdadiger verband hou, verklaar die rede waarom hy misdaad gepleeg het. Dit lê die diep verborge indrukke en belewenis van die kinderjare en skooljare bloot. Dit verklaar sy reaksie op die gemeenskap en sy slagoffer.

Bogenoemde belewenisse van die kinderjare sal ook bepaal wat die gevangene se belewenis van gevangenisstraf gaan wees. Die misdadiger se reaksie op negatiewe gebeure in die gemeenskap word ook oorgedra op gebeure in die gevangenis. In hoofstuk vier word die korttermyngevangene se belewenis van gevangesetting bespreek en daar word op die subkultuur en die depriverende omstandighede gefokus. Elke gevangene het 'n unieke reaksie op hierdie belewenisse en dit het weer 'n invloed op die gevangene se selfbeeld en sy motivering vir behandeling.

# HOOFSTUK 4

## DEPRIVERENDE OMSTANDIGHEDE IN DIE GEVANGENIS EN DIE KORTTERMYNGEVANGENE SE REAKSIE OP HIERDIE OMSTANDIGHEDE

### 1. INLEIDING

Vanaf die misdadiger se arrestasie vir die misdaad wat hy gepleeg het tot die tydperk wat hy as verhoorafwagtende aangehou is, het die gevangene spanning en onsekerheid beleef. Die gevangenisstraf waartoe hy gevonnis is, is vir hom 'n skok. Hy, sy familie en sy regsverteenwoordiger het op 'n opgeskorte vonnis gehoop. Nou moet die gevangene aanvaar dat hy 'n geruime tydperk in 'n gevangenis aangehou sal word.

Vir die gevangene wat vir die eerste keer in die gevangenis opgeneem word om gevangenisstraf uit te dien, is dit 'n skokbelewenis. Ten spyte van die feit dat hy skuldig voel omdat hy sy naasbestaandes teleurgestel het, moet hy nou probeer aanpas en die beste van 'n slegte saak maak.

Die beeld wat rolprente oor die gevangenis skets, veral oorsee, is dié van 'n instelling waar geweld hoogty vier en onmenslike en onregverdige optredes deel van die gevangene se bestaan is. Hierdie beeld is skrikwekkend en behoort voornemende misdadigers finaal af te skrik. Tog is

die teendeel waar. Gevangenes het 'n metode of gedragswyse ontwerp om hierdie negatiwiteit te verwerk en tot voordeel van hulself te benut. Die ondersoeker beskou bogenoemde hantering van die gevangenis se invloed as die vorming van 'n subkultuur. Die ondersoeker is van mening dat hierdie subkultuur se invloed op sy lede 'n daadwerklike invloed op die geslaagdheid van die behandeling het. Om die gevangene as individu te kan verstaan, is dit belangrik dat die maatskaplike werker kennis van hierdie subkultuur in die gevangenis sal dra.

In die bespreking van die gevangenissubkultuur onderskei die ondersoeker tussen die twee modelle wat hierdie subkultuur se ontstaan probeer verklaar; daarna word die unieke kenmerke van die subkultuur kortliks bespreek.

Die ontstaan van die subkultuur is ook die gevangene se reaksie op die depriverende omstandighede wat hy beleef. Elke gevangene se belewing van gevangesetting is uniek, so ook hul ervaring van die depriverende omstandighede.

Wat ook al die aard van sy reaksie op hierdie ervaring, dit het weer 'n invloed op die gevangene se motivering, selfbeeld en samewerking. Die gevangene se belewenis van gevangesetting sal ook sy houding oor toekomstige misdaadpleging bepaal. Verskeie faktore is dus met mekaar in wisselwerking. Steeds bly die reaksie op hierdie belewenisse 'n handeling wat beheer kan word. Die mens het

'n keuse voordat hy optree.

## 2. DIE GEVANGENISSUBKULTUUR

Die mens in die gemeenskap het 'n keuse ten opsigte van sy doen en late binne die breë voorskrifte in die gemeenskap en met inagneming van sy materiële- en persoonlike vermoëns. Hierdie individu het waarskynlik 'n vrye wil, selfbeheer en selfrespek.

Die gevangenis as gemeenskap staan in skrille kontras met bogenoemde. Neser (1989:137) is van mening dat alle aktiwiteite in die gevangenis deur dieselfde gesag bestuur en beheer word. Alle aktiwiteite van elke gevangene vind in die geselskap van medegevangenes plaas. Dieselfde roetine vind elke dag plaas.

Roux (1975:66) beweer dat die gevangene soms impulsief handel deur meer emosioneel as rasioneel op te tree. Bogenoemde word veroorsaak deurdat die gevangene tydens opname baie onbevredigde behoeftes en onopgeloste konflik kan ervaar.

Elke gemeenskap word deur gevestigde lewenspatrone, tradisies, gewoontes, houdings, waardes en norme gekenmerk. Kultuur is die resultaat van mense se aanpassing by hul omgewing. Hierdie kultuur beheer gedrag en is uniek aan elke gemeenskap (Neser, 1989:138).

Roux (1978:287) is van mening dat 'n subkultuur meestal oorwegend 'n negatiewe en antisosiale gedragskode beklemtoon. Hierdie skrywer motiveer bogenoemde omdat hy van mening is dat hierdie kode saamgestel is deur elemente wat tot antisosiale gedrag geneig is.

Garofalo en Clark (1985:415) noem dat "...inmates show some degree of adherence to a normative order - an inmate code - that expresses their more or less collective opposition to prison authorities". Gevangenes onderwerp hul aan 'n gedragskode wat hul groepsgebondenheid en samehorigheidsgevoel versterk.

Volgens Bartol en Bartol (1986:298) behels hierdie subkultuur dat gevangenes mekaar se houdings, waardes en gevoelens deel en ondersteun. Bogenoemde skrywers noem verder dat: "The system creates a deviant culture where inmates form subgroups and develop friendships, loyalty, and commitment."

Die mate waartoe die gevangene aan hierdie norme en waardes in die subkultuur toegee, hang af van die lengte van sy vonnis en van die aard en kwaliteit van sy verhoudings met sy naasbestaandes (Garofalo & Clark, 1985:416). Samevattend is Bosch (1984a:126) van mening dat die antisosiale ontwikkeling van die gevangenissubkultuur die gevolg is van die gevangene se reaksie op die aspekte wat

hy tydens sy gevangesetting moet ontbeer, en sy aanpassing by die gevangenismilieu met inagneming van sy antisosiale gedrag. Bogenoemde dui op twee aspekte waaruit die subkultuur gevorm is; dit word vervolgens bespreek.

## 2.1 DIE ONTSTAAN VAN DIE GEVANGENISSUBKULTUUR

Garofalo en Clark (1985:416), en Neser (1988:138-139) onderskei die twee vernaamste modelle vir die ontstaan van die gevangenissubkultuur, naamlik die importasie- en deprivasiemodel wat vervolgens bespreek word.

### 2.1.1 Die importasiemodel

Bosch (1984a:119) is van mening dat oortreders die anti-sosiale gedragspatrone, houdings, normatiewe verwagtings en waardeoordele van die misdaadsubkulture waarvan hulle deel in die vrye gemeenskap was, na die gevangenis bring. Hierdie gedragspatrone en houdings word dan in die gevangenis voortgesit wat 'n gevangenissubkultuur tot gevolg het.

Garofalo en Clark (1985:416) beweer dat gevangenes sekere idees en houdings saam met hulle na die gevangenis bring. Die mens se gedrag word ook vanuit sy oortuigings geïmplementeer. Die ondersoeker is van mening dat hierdie oortuigings wat tot misdaad aanleiding gegee het, noodwendig

'n invloed op ander persone in sy onmiddellike omgewing moet hê.

Misdadigers beskik reeds oor negatiewe gedragspatrone wat geweld, drankmisbruik en dwelmgebruik kan insluit. Hierdie gevestigde gedragspatrone word ook in die gevangenis geïmplementeer net met groter beheer en kontrole deur die gevangenis. Vanweë verskeie negatiewe invloede is dit verstaanbaar dat van die gevangenes se norme en waardes in die gevangenis kan skade ly.

### 2.1.2 Die deprivasiemodel

Neser (1989:138) is van mening dat die deprivasiemodel fokus op die ontberings wat gevangenisstraf meebring asook die sosiale omstandighede waarby die gevangene moet aanpas. Hierdie ontberings hou met die depriverende omstandighede in die gevangenis verband wat in afdeling drie van hierdie hoofstuk breedvoerig toegelig word.

Elke mens het sekere basiese behoeftes waarna hy om vervulling streef. In die gevangenis word van hierdie behoeftes nie vervul nie; dit kan tot 'n subkultuur aanleiding gee. Hierdie subkultuur het ook sekere kenmerkende eienskappe.

## 2.2 KENMERKE VAN DIE GEVANGENISSUBKULTUUR

Bosch (1984a:131) en Neser (1989:143-164) onderskei die volgende kenmerke waaraan die gevangenissubkultuur gekenmerk word, naamlik kodes, groepvorming, rolverdeling, leierskap, bendes, onrus en opstande en ontvlugtings. Die ondersoeker is van mening dat ontvlugtings, onrus en opstande beslis deel uitmaak van die subkultuur, maar dat die voorkoms hiervan eerder met eksterne insidente verband hou. Bepaalde gebeure wat meestal individueel van aard is het ontvlugtings of onrus voorafgegaan en dit word nie verder bespreek nie. Die ondersoeker is van mening dat die voorkoms van bendes onder blanke gevangenes baie min voorkom en gevolglik nie 'n groot invloed op die vorming van die gevangenissubkultuur het nie.

### 2.2.1 Gevangenekodes

Hierdie kodes is oorwegend negatief en antisosiaal van aard en het ten doel om die lewenspatroon binne die gevangenis te rig. Bosch (1984a:131) is verder van mening dat hierdie kodestelsel deur sanksies uit die gevangenisgemeenskap gewaarborg word.

Neser (1989:143) se opinie is dat hierdie kodes soos enige ander reël slaafs nagevolg word of geïgnoreer kan word. Dié wat hierdie kodes ignoreer, kan deur medegevangenes aangerand, vermy, of verwerp word. Nie

alle gevangenes kom hierdie kodes met dieselfde oorgawe na nie. Afhangende van die bendebedrywighede en die aggressiewe aard van die gevangenes kan die ignorering van hierdie kodes ernstige aanranding tot gevolg hê.

Neser (1989:144) bespreek verskeie skrywers se voorbeelde van gevangenekodes. Die ondersoeker onderskei, na aanleiding van dienslewering aan gevangenes, die volgende kodes:

* moenie 'n medegevangene gaan verkla nie ("piemp" of in die oë sit nie);
* deel met medegevangenes wat jy het;
* moenie dissiplinelede vertrou nie;
* moenie by dinge inmeng wat jou nie aangaan nie;
* los jou eie probleme op, jy het nie die maatskaplike werkers nodig nie;
* moenie toelaat dat 'n dissiplinelid jou "rond order" nie.

Die basiese uitgangspunt in hierdie kodes is die feit dat gevangenes mekaar moet help en ondersteun. Vertroue in 'n medegevangene is belangriker as vertroue in byvoorbeeld die maatskaplike werker.

Die ondersoeker is van mening dat die benutting van hierdie kodes van individu tot individu verskil. Die gevangene wat 'n sterk selfbeeld het, gemotiveerd is om aan sy probleme te werk en in staat is om objektief te kan oordeel, kan

die nakoming van kodes as tydmors beskou.

### 2.2.2 Groepvorming

Bosch (1984a:131) voer aan dat groepvorming die gevangene se poging is om homself teen die aanslag van die gevangenismilieu te beskerm. Dit is 'n soeke na sekuriteit. Groepvorming en gevolglik groepskohesie laat die gevangenes ervaar dat hul saam die beproewinge deurmaak.

Neser (1989:146) onderskei die volgende faktore wat tot groepvorming aanleiding kan gee:

* Gevangesetting is vir die gevangenes 'n ervaring wat hul almal deel en waar hul almal dieselfde belange en behoeftes het wat hul moet verwerk;
* isolasie uit die gemeenskap bring gevoelens van sosiale verwerping na vore wat groepvorming stimuleer;
* "Gevangeskap bedreig die gevangene se manlikheid in die vorm van die ontneming van heteroseksuele verhoudings en die verlies van die rol as ekonomiese versorger van sy afhanklikes. Oorkompensasie vind in die vorm van aggressie plaas, en weerstand teen die dominering deur gevangenisdienslede, in die vorm van passiewe verset." (Neser, 1989:146.); en
* gevangenes word soms aan die invloed van gevaarlike misdadigers blootgestel. Hierdie gevoelens van vrees en onsekerheid stimuleer groepvorming omdat aanvaarding

deur gevangenes 'n veiligheidsmaatreël teen fisiese geweld kan wees.

In die gevangenis word groepvorming ook in gevangenes-terme 'n "skool" genoem. Volgens die ondersoeker word nie enige persoon sommer in 'n groep aanvaar nie. Gevangenes vorm baie keer groepe met medegevangenes wat:

* saam met hul op dieselfde tydstip gevonnis is;
* van dieselfde opname-gevangenis na 'n groter gevangenis oorgeplaas is;
* saam in dieselfde saak as medepligtige betrokke is;
* dieselfde belange het, byvoorbeeld die rook van dagga, dieselfde soort misdaad, naamlik seksuele misdade waar kinders betrokke is.

Die ondersoeker meen dat nie alle gevangenes by groepvorming betrokke is nie. Sommige, wat in die gemeenskap beperkte kommunikasievermoë openbaar het en veral dominerend is, vind dit moeilik om met medegevangenes te kommunikeer.

### 2.2.3 Rolverdeling

Neser (1989:152) is van mening dat die spesifieke rol wat die gevangene vervul by sy persoonlikheid en die wyse waarop hy in die gevangenis aanpas, aansluiting vind. Die gevangene neem òf die rol self aan òf dit word afgedwing.

Silver (1981:216-217) onderskei die volgende roltipes:

* Die prososiale gevangenes

Hierdie gevangenes het meestal aggressiewe misdade gepleeg, het berou oor die misdaad en handhaaf sterk bande met sy gesin en naasbestaandes. Hul is ook gemotiveerd om by behandelingsprogramme in die gevangenis in te skakel.

* Antisosiale gevangene

Hierdie gevangenes het ekonomiese misdade gepleeg, soos diefstal en huisbraak. Hulle is rebels voor en na gevangesetting. Hul rasionaliseer en ontken hul misdade om skuldgevoelens te onderdruk. Hegte familiebande kom voor. Hierdie gevangene skakel nie graag by behandelingsprogramme in nie.

* Asosiale gevangenes

Hierdie gevangenes pleeg verskeie misdade en openbaar ernstiger gedragsafwykings. Hul naasbestaandes het hulle reeds vanweë die herhaalde pleeg van misdaad verwerp en die gevangenissubkultuur is vir hierdie gevangene baie belangrik. Verder weier hy maatskaplikewerk-dienste.

* Pseudososiale gevangenes

Die ondersoeker is ook die mening toegedaan dat hierdie gevangene as die "modelgevangene" beskou kan word. Hy het gewoonlik in die gemeenskap 'n statusposisie beklee en bedrog gepleeg. Silver (1981:217) is van mening dat hierdie gevangenes dikwels inkonsekwent is omdat hul sekere waardes aanvaar, maar dit ter wille van status weer verwerp. Hul skakel meestal by behandelingsprogramme in, is verbaal baie betrokke, maar verandering vind nie altyd plaas nie. Hierdie gevangene beskik oor die vermoë om deur middel van manipulering by verskeie persone die indruk te laat dat hy goeie samewerking wil bied en gerehabiliteerd is. Daarom dan ook dat hy as 'n model gevangene aangespreek word omdat hy onder andere aan dissiplinelede se standaarde voldoen.

### 2.2.4 Leierskap onder gevangenes

Bosch (1984a:131-132) is van mening dat leiers meestal ernstige misdade gepleeg het. Hul het lang vonnisse en kan hulself deur geweld laat geld. Hul het ook 'n lang misdaadrekord en was al verskeie kere in die gevangenis.

Die ontstaan van leiers is deel van groepsdinamika. In samehang met Neser (1989:153) se verduideliking van die eienskappe van leiers onderskei die ondersoeker die volgende:

* leiers is soms die modelgevangenes;
* leiers is gewoonlik ouer en meer ervare;

* leiers het monitorsposte of is administratiewe klerke, en gevolglik meer beweeglik in die gevangenis;
* leiers het dominerende persoonlikhede;
* leiers manipuleer in so 'n mate dat hy gevangenes en dissiplinelede gelyktydig met sy voorbeeldige gedrag tevrede hou.

Samevattend is Neser (1989:144) van mening dat indien daar onsekerheid bestaan oor wat die gevangene se rol in die subkultuur is, die goue reël is om tussen medegevangenes voor te gee dat jy teen die beheer en norme van die gevangenis is en terselfdertyd moet jy die personeel van die gevangenis verseker dat jy verander het en jou nie weer aan misdaad sal skuldig maak nie.

## 2.3 FAKTORE WAT DIE ONTSTAAN VAN DIE GEVANGENISSUBKULTUUR KAN BEÏNVLOED

Bosch (1984a:134) en Neser (1989:156) onderskei die volgende faktore:

* die gevangene se persoonlikheidsamestelling;
* die aard en wese van die gevangene se sosialisering wat gevangesetting voorafgegaan het;
* die aard en kwaliteit van die gevangene se verhoudings voor en tydens gevangesetting;
* die gevangene se betrokkenheid by primêre groepe in die samelewing;

* die gevangene se plasing in die gevangenis, waar hy gaan slaap, en met watter tipe gevangene hy moet meng;
* sy vonnistydperk;
* die mate waarin die gevangene die gevangenekodes internaliseer;
* ouerdom, misdaadgeskiedenis en misdaadervaring;
* die gevangene se toekomsverwagting - het hy byvoorbeeld iemand wat vir hom wag?

Bogenoemde faktore hou ook onderling met mekaar verband. Die gevolge van die subkultuur en die gevangene se betrokkenheid hierby is omvattend. Neser (1989:157) beweer dat die internalisering van 'n misdaadoriëntasie die gevangene redelik immuun teen die invloed van die normale waardesisteem maak. Wanneer hierdie graad van institusionalisering bereik word, word sinvolle herinskakeling by die gemeenskap baie bemoeilik.

## 3. DEPRIVERENDE OMSTANDIGHEDE IN DIE GEVANGENIS

Gevangesetting behels meer as net die isolasie van die gevangene uit die gemeenskap waartydens vryheid ontbeer word. Verskeie ander aspekte is ook van belang en speel net so 'n groot rol in die gevangene se uiteindelike reaksie. Bosch (1984a:121-124) onderskei die volgende depriverende faktore in die gevangenis, naamlik die ontneming van

vryheid, die depersonalisering van die gevangene, sy afsondering, sy gebrek aan interpersoonlike verhoudings, gebrek aan sekuriteit en gebrek aan privaatheid. Die ondersoeker fokus slegs op enkele faktore omdat sekere van bogenoemde faktore oorvleuel.

## 3.1 ONTBERING VAN VRYHEID

Vryheid van beweging is sekerlik die mens se kosbaarste besitting. In hul daaglikse lewensaktiwiteite word gevangenes voortdurend aan beheermaatreëls en roetinesisteme onderwerp wat sodoende spontane gedrag beperk. Priestley et al. (1984:3-4) sê dat die ontbering van vryheid die fundamenteelste ontbering is wat die gevangene kan ervaar.

Bosch (1984a:122) beweer dat die feit dat die gevangene se vryheid hom ontneem word, tot gevolg het dat hy gevoelens van verwerping ervaar. Die gevangene kan ervaar dat die gemeenskap hom verwerp het omdat hy nie vertrou kan word nie en oor geen verantwoordelikheid beskik nie. Die ondersoeker is van mening dat die gevangene self hierdie gevoel van verwerping kan beleef omdat hy beperkte beweging het en nie van een seksie na 'n ander mag beweeg voordat hy goedkeuring het nie.

Hierdie gevoel van wantroue kan die gevangene se selfbeeld groot skade aandoen, en dan veral vir die eerste oortreder.

## 3.2 ONTBERING VAN GOEDERE EN DIENSTE

In die gevangenis word daar net in die gevangene se basiese behoeftes voorsien. Gevolglik besit die gevangene aanvanklik geen persoonlike besittings. Bosch (1984a:122) beweer dat alle persoonlike besittings soos horlosies en ringe tydens opname in bewaring geneem word. In 'n latere stadium ontvang die gevangene dit weer indien hy meer voorregte kan verkry.

Die verlies van materiële besittings is vir die gevangene 'n groot ontbering. Kassebaum et al. (1971:301) meen dat die verlies van status wat in die gemeenskap geniet is vir die gevangene 'n groot terugslag is. Die ondersoeker is van mening dat hierdie ontbering vir die gevangene wat tot hebsug geneig is, 'n verlies van waardigheid en respek kan impliseer.

Neser (1989:140) is van mening dat die ontbering van goedere en dienste 'n aanklag teen die basiese gevoel van eiewaarde is. Die ondersoeker is van mening dat sommige gevangenes meer besittings as ander tydens gevangesetting verloor.

Die belangrikheid en waarde wat die gevangene aan hierdie ontbering heg, sal die sukses van sy herinskakeling in die gemeenskap bepaal. Indien hy hom ten doel stel om weer status en roem na te jaag kan dit moontlik weer 'n

oortreding van bedrog beteken.

### 3.3 ONTBERING VAN HETEROSEKSUELE VERHOUDINGS

Die gevangene is van positiewe stabiliserende en samebindende invloed van gesonde en standvastige gesinsverhoudinge en bande ontneem (Bosch, 1984a:123). Soos die meeste mans soek die gevangene sy eie identiteit in homself, maar ook in die oë van die teenoorgestelde geslag. Wanneer dit ontbreek, bestaan die gevaar dat die gevangene se selfbeeld half voltooid, eenkleurig en sonder die skakering van die realiteit kan wees (Neser, 1989:141).

Die gevangene se selfbeeld word dus verder benadeel deur die feit dat sy gevoel van manlikheid bedreig kan word. Bosch (1984a:123) is van mening dat die gebrek aan heteroseksuele verhoudings tot frustrasie lei en spanning veroorsaak. Die gebrek aan liefde deur 'n gesin en of familie is sekerlik naas die verlies van vryheid die grootste ontbering wat die gevangene ervaar.

Volgens die ondersoeker ontbeer die gevangene ook die betrokkenheid en deelname ten opsigte van sy kinders se grootword en opvoeding.

### 3.4 ONTBERING VAN SEKURITEIT

Die gevangene word in 'n situasie geplaas waar sommige van die gevangenes 'n leeftyd van geweld en aggressie agter die rug het. Hierdie aspek kan angs en gevoelens van onveiligheid selfs by die gewoontemisdadiger meebring

(Neser, 1989:142). Indien die gewoontemisdadiger hierdie vrese koester, soveel te meer die korttermyngevangene tydens eerste gevangesetting.

Bosch (1984a:123-124) beweer dat 'n gebrek aan sekuriteit onsekerheid tot gevolg het en die gevangene se vermoë om prioriteite te bepaal, beïnvloed. Neser (1989:142) is van mening dat die gevangene altyd vrees dat iemand hom sal toets, om vas te stel hoe ver hy getreiter kan word. Die gevangene vrees dat indien hy sy persoon en besittings moet verdedig en hy verloor, hy die spot en minagting van medegevangenes moet verduur.

Die ondersoeker is van mening dat vanweë die feit dat die gevangene nie 'n keuse het saam met wie hy in 'n sel wil slaap nie, hierdie onsekerheid oor veiligheid verder versterk word.

## 3.5 ONTBERING VAN OUTONOMIE

Die geroetineerde bestel in die gevangenis impliseer dat weinig geleenthede of aanpassingsmoontlikhede vir die ontwikkeling van 'n verantwoordelikheidsin bestaan. Die ondersoeker is van mening dat gevangesetting die gevangene se vermoë om self besluite te neem, beperk. Daar word vir hom besluit oor wat hy sal aantrek, sy bewegings en kontak met sy naasbestaandes.

Bowker (1980:30) sê dat die gevangene geen keuse het saam met wie hy wil eet of sosiaal verkeer nie. Hy moet 'n badkamer deel met gevangenes wat nie altyd dieselfde waardes en norme handhaaf nie. Roux (1978:288) beweer ook dat hierdie geroetineerde bestaan die gevangene weining geleentheid bied om verantwoordelikheid vir sy daaglikse doen en late te aanvaar. Die ondersoeker is van mening dat die gevangene tog 'n verantwoordelikheid het om daagliks op te staan, werk te verrig en samewerking te gee as hy bepaalde voorregte wil ontvang.

## 4. DIE KORTTERMYNGEVANGENE SE BELEWING EN MOONTLIKE REAKSIE OP DIE DEPRIVERENDE OMSTANDIGHEDE

Vanweë die uniekheid van die mens verskil elke gevangene se belewing van die depriverende omstandighede in die gevangenis. Sephton (1978:267) is van mening dat gevangesetting vir een gevangene 'n onberekenbare en feitlik onherstelbare trauma kan beteken, terwyl vir 'n tweede kan dieselfde vonnis 'n verlies van 'n bordeel of kroeg beteken. Bogenoemde beklemtoon die uiteenlopende reaksies wat op die belewing van gevangesetting kan volg.

Die ondersoeker is van mening dat die woord belewenis op 'n subjektiewe beoordeling van die depriverende omstandighede in die gevangenis kan dui. Die reaksie op hierdie belewenis manifesteer in gedrag en gedrag is 'n

keuse. Die gevangene het dus 'n keuse om hierdie gedrag negatief of positief ten uitvoer te bring of nie.

Die doel met die bespreking is tweeledig: eerstens om die subjektiewe uitwerking van gevangenisstraf soos deur die gevangene beleef, te bespreek, en tweedens om die unieke reaksies te bepaal sodat die maatskaplike werker tydens behandeling die reaksies kan identifiseer en die gevangene kan help om dit positief te kanaliseer.

Die gevangene moet dus tydens gevangesetting òf aanvaar dat die gemeenskap hom as 'n misdadiger geëtiketteer het, òf hy moet met behulp van behandeling die teendeel probeer bewys (Ericson, 1975:2). Nie net moet die gevangene by medegevangenes en die omstandighede probeer aanpas nie, maar hy moet ook sy eie gevoelens van mislukking en teleurstelling hanteer. Die gevangene se belewenis van die depriverende omstandighede verskil na gelang sy gevangenistermyn vorder.

## 4.1 STADIUMS IN DIE BELEWING VAN GEVANGESETTING

Sephton (1978:268) onderskei die volgende stadiums in die tipiese reaksie van die gevangene, naamlik opname, die aanhoudingstydperk en na vrylating. Vir die doeleindes van die ondersoek word daar slegs op die opname en aanhoudingstydperk gefokus. Die gevangene se reaksie na vrylating word nie in die ondersoek bespreek nie, omdat die

nasorginstansie dan vir die vrygelate gevangene verantwoordelik is.

### 4.1.1 Opname

Alle gevangenes wat in die gevangenis opgeneem word, ervaar aanpassingsprobleme. Bean (1976:125) is van mening dat: "They need to accommodate themselves to other inmates, to the system of formal rules and formal relationships, and learn to translate their new environment into something meaningful." Bogenoemde is die realiteit waarmee die gevangene gekonfronteer word. Hierdie realiteit kan hy net aanvaar of verwerp.

Die gevangene ervaar ook verskeie ambivalente gevoelens. Sephton (1978:268) beweer dat die gevangene net na opname periodieke reaksies van neerslagtigheid en aggressie ervaar. Sy aanvaarding van gevangenisstraf of nie, word deur die gevangene se gevoelens ten opsigte van die regverdigheid van sy vonnis bepaal. Indien die gevangene voel dat hy regverdig gestraf is, sal dit tot positiewe gedrag en samewerking lei (Bartol & Bartol, 1986:288).

Ericson (1975:27-28) beweer dat gevangesetting vir die gevangene 'n keerpunt in sy lewe kan beteken. Hy doen selfondersoek om verdere misdaad te voorkom. Hierdie ondersoek behels die evaluering van gedrag in die verlede, die evaluering van verhoudings en kommunikasievermoëns en

die evaluering van die invloed van sy misdaad op sy naasbestaandes. Die ondersoeker is van mening dat indien gevangesetting geen ontbering sou inhou nie, die gevangene nooit sy eie gedrag sou ondersoek het nie.

### 4.1.2 Die aanhoudingstydperk

Die gevangene se reaksie op gevangesetting kan òf positief òf negatief wees. Hierdie keuse hang van verskeie faktore af. Die belangrikste is die gevangene se ervaring van berou oor sy misdaad en of hy sy vonnis as regverdig beskou.

Volgens die ondersoeker is daar verskeie gevangenes wat geen berou oor hul misdaad openbaar nie. Die ondersoeker onderskei twee aspekte wat die opregtheid van berou bepaal:

* berou oor die slagoffer en/of die gemeenskap se verlies, wat die gevangene deur die misdaad veroorsaak het;
* die berou wat die gevangene het omdat hy gearresteer, gevonnis is en nou sy vryheid ontbeer het.

Bogenoemde is belangrike aspekte in die evaluering van die gevangene se opregtheid en skuldgevoelens. 'n Gevangene met geen skuldgevoelens sal geensins huiwer om na vrylating moontlik weer misdaad te pleeg nie.

## 4.2 DIE REAKSIES VAN DIE KORTTERMYNGEVANGENE

Sommige gevangenes ervaar heelwat stres en ongemak na opname in 'n gevangenis. Vanweë die feit dat hul hanteringstrategieë soms nie voldoende is nie, het dit verskeie negatiewe reaksies tot gevolg. Die gevangene kan òf onttrek, ontken, aggressief optree of manipuleer, wat vervolgens bespreek word.

### 4.2.1 Onttrekking

Tydens die aanhoudingstydperk word die gevangene se belangstellingsveld tot die noodsaaklikste gereduseer. Al wat belangrik is, is die feit dat nog 'n dag verby is (Sephton, 1978:269). Gevangenisstraf kan dus as vervelig en nutteloos beleef word, waarop die gevangene ook nie veel doen om hierdie ervaring te verander nie.

Neser (1989:165) is van mening dat die belewing van gevangesetting tot gevolg het dat die gevangene kan onttrek. Hy bou 'n muur om homself en probeer sy menswees beskerm. Hierdie neiging om te onttrek in die omhulsel van apatie versprei soos 'n epidemie na elke nuweling se koms (Sephton, 1978:269). Indien die gevangene hierdie houding openbaar, is hy minder opmerklik en verdwyn tussen die menigte.

Hierdie gevangene reageer passief op die sisteem wat hy in elk geval nie kan beheer nie (Priestley et al., 1984:4). Hy beweeg saam met die stroom, maar raak nie by ernstige

wandade betrokke nie. Hy onttrek aan die gevangenesgemeenskap en raak net by die noodsaaklikste aktiwiteite betrokke.

Hierdie gevangene onttrek waarskynlik omdat hy gevoelens van sosiale verwerping deur die gemeenskap ervaar (Neser, 1989:146). Hy vertrou mense moeilik, ervaar skuldgevoelens en ontken enige problematiek. Die ondersoeker se opinie is dat die gevangene homself vanweë die volgende redes kan onttrek:

* skaamte oor die aard van die misdaad, byvoorbeeld skuldgevoelens oor seksuele misdade met kinders;
* vanweë sy ontoereikende kommunikasievermoë en konflikhanteringstyl, is die gevangene nie in staat om homself teenoor mans te handhaaf nie;
* hy is gevonnis vir 'n aggressiewe misdaad soos moord. Die gevangene onttrek omdat hy bang is dat hy weer beheer oor sy humeur kan verloor. Vanweë sy onbetrokkenheid by medegevangenes en aktiwiteite word kommunikasie tot cliché-gesprekke beperk; gevolglik kan sy samewerking en aanpassing as suksesvol beskou word, maar sy herinskakeling in die gemeenskap kan traumaties verloop.

### 4.2.2 Ontkenning

Die ondersoeker is van mening dat die meeste gevangenes skuld aan hul misdaad ontken. Hulle doen dit omdat hulle vir verdere verwerping bang is. Sommiges plaas die blaam op ander, wat ook 'n reaksie van ontkenning is.

Chamelin et al. (1979:403) sê dat sommiges skuld ontken en die sisteem blameer. Hul motiveer hul onskuld deurdat daar verskeie persone is wat erger misdade as hulle gepleeg het, maar hulle is gevonnis. Die gevangene beskou homself as die ongelukkige, en die een wat nie 'n regsverteenwoordiger kon bekostig nie.

Daar is ook gevangenes wat deur hul skuld te ontken probeer verduidelik dat hul dade geregverdig kan word. Aspekte wat gebruik word,is die kinderjare, provokasie, alkoholmisbruik en dwelmafhanklikheid. French (1988:34-36) is van mening dat die gevangene ook alternatiewe beskrywings vir die misdaadsituasie gee om dit sodoende te regverdig.

Samevattend is Lillyquist (1980:153) van mening dat gevangenes wat van ontkenning gebruik maak die volgende as motivering gebruik:

* Hy ontken skuld omdat hy siek of onder die invloed was;
* hy ontken dit omdat hy glad nie kan onthou wat tydens die misdaad gebeur het nie;
* hy ontken dit omdat eksterne invloede sy oordeel beïnvloed het;
* geen persoon het skade gelei nie, byvoorbeeld al die geld is teruggevind;
* gevangenes, volgens die ondersoeker, beweer ook soms dat probleme/misdaad altyd op hul pad kom. Met hierdie

stelling ontken hul eie verantwoordelikheid en insinueer dat die mens aan sy omstandighede uitgelewer is.

Indien die gevangene sy verantwoordelikheid ontken, kan dit daartoe aanleiding gee dat hy sy wangedrag in die gevangenis voortsit. Roux (1975:69) is van mening dat vanweë ontkenning die gevangene 'n houding openbaar wat van die volgende getuig: "...the prison-set-up suits them and therefore strengthens the pattern of I-need-not-accept-responsibility-for-my-behavior". 'n Algemene onverskillige houding lei tot verdere wangedrag en die bespreking van tegnieke om misdaadpleging verder te verfyn.

### 4.2.3 Aggressie

Die ondersoeker is van mening dat die gevangene skuldgevoelens probeer verbloem deur aggressiewe optrede. Deur hierdie houding kan hy konfrontasies vermy en moontlik in sy gekkeparadys voortleef.

Smith en Faubert (1990:150) is van mening dat die gevangene se aggressie moontlik teen die gemeenskap en sy ouers kan wees. Hy kan voel dat hy vanweë hul swak opvoeding nie geleenthede gehad het nie. Die gevangene kan die mens verwerp omdat hy voel dat hy niemand kan vertrou nie.

Hepworth en Larsen (1982:52) beweer dat die gevangene om die volgende redes aggressief kan optree:

* vanweë sy aggressie teenoor die regstelsel en die sisteem kan die aggressie op die maatskaplike werker oorgedra word omdat sy deel van die sisteem is, en ook uniform dra;
* vanweë frustrasie oor sy vonnis en omstandighede in die gevangenis;
* vanweë die maatskaplike werker en/of dissiplinelede se weiering om aan onredelike versoeke te voldoen.

### 4.2.4 Manipulering

Hofer (1989:91-92) beklemtoon dat die woord manipulering moeilik definieerbaar is, maar dat dit by gevangenes voorkom, kan nie misken word nie. Die ondersoeker ag dit van belang om die betekenis van manipulering verder toe te lig.

Allen en Bosta (1984:208) is van mening dat manipulering moeilik waarneembaar is. Hul beweer dat: "This ability to sense something has gone awry...." Bogenoemde skrywers beweer verder dat die ervaring van manipulering deur die maatskaplike werker bloot 'n gevoel is. Indien hierdie gevoel ervaar word, word dit meestal verwerp omdat die mens 'n natuurlike behoefte het om sy medemens te help. Allen en Bosta (1984:208) is van mening dat: "...feelings are an aspect of the business that should never be ignored or set

aside without strong analysis". Die ondersoeker is van mening dat wanneer die maatskaplike werker ondervind dat die gevangene manipuleer hierdie gevoel deeglik ontleed moet word.

Samevattend beskryf Hofer (1989:100) manipulering soos volg: "...the defense of manipulation emerges to compensate for failure to complete essential identity-affirming steps in the separation-individuation process". Manipulering is dus 'n reaksie van die gevangene op ontberinge wat hy beleef wat sy identiteit benadeel. Hierdie reaksie het ten doel om die gevangene te beskerm of dit dien as metode om die gemeenskap en alle individue buiten homself te straf.

Allen en Bosta (1984:8) noem dat die manipuleerder oor die volgende eienskappe beskik:

* hy gee net, met die doel om te ontvang;
* hy wil net ontvang, sonder om ooit aan iemand goed te doen;
* hy het geen doel of ideaal en het geen respek vir sy medemens se besittings en regte nie.

Manipulering is dus 'n oorlewings- en gedragswyse wat die misdadiger saam met hom na die gevangenis bring en waar hy dit net aanpas en verder gebruik.

## 4.3 DIE GEVOLGE VAN HIERDIE REAKSIES

Die gevangene se reaksie op die belewing van depriverende omstandighede het bepaald 'n invloed op verskeie aspekte. Smith en Faubert (1990:145) noem dat hierdie gevolge van die belewing van depriverende omstandighede tot die volgende gedrag kan lei: swak selfbeeld, ongevoeligheid teenoor die self en andere, behoefte aan mag, beïnvloedbaarheid, beïnvloeding van ander, irriteer andere, aggressie, diefstalle, alkohol- en dwelmprobleme, leuens en manipulering. Die ondersoeker onderskei die volgende gevolge: swak samewerking, wanfunksionering, gebrekkige kommunikasievermoë, gebrekkige selfhandhawing, onbevredigende gesinsverhoudinge en ongemotiveerdheid om by behandeling in te skakel.

Voordat die maatskaplike werker met behandeling kan begin, moet sy sekerheid oor die aard van die gevangene se selfbeeld hê, en of hy vir behandeling gemotiveerd is. Hierdie aspekte word nou bespreek.

### 4.3.1 Houding teenoor die self

Die ondersoeker is van mening dat die begrip selfbeeld uit drie aspekte bestaan: eerstens, die gevangene se siening van homself; tweedens, die gevangene se evaluering van hoe ander hom sien; derdens hoe hy wil hê ander hom moet sien. Davis en Slabbert (1985:2) is van mening dat die gevangene se gedrag deur die terugvoer wat hy van ander mense

ontvang, beïnvloed word.

Die gevangene se belewing van die depriverende omstandighede kan daartoe lei dat sy selfbeeld verswak. 'n Gevangene met 'n swak selfbeeld kan hom van sy medemens onttrek, kan aggressief raak en kan ontken. Reeds is genoem dat aggressie byvoorbeeld gebruik word om die selfbeeld te beskerm. Smith en Faubert (1990:144) is van mening dat 'n swak selfbeeld tot misdaad en wangedrag kan aanleiding gee.

'n Positewe selfbeeld word dus versterk of in stand gehou deur positiewe terugvoer wat jy van die omgewing en jou medemens kry. Dit is dus voor die hand liggend dat die ervaring van hoofsaaklik negatiewe omstandighede die gevangene se selfbeeld kan benadeel.

'n Negatiewe selfbeeld kan ook aanleiding daartoe gee dat die gevangene homself nie kan handhaaf nie. Gebrekkige selfhandhawing het twee alternatiewe gedragswyses, naamlik passiewe of aggressiewe gedrag. Indien die maatskaplike werker aan selfhandhawing aandag gee, kan die gevangene se selfbeeld verbeter. Die maatskaplike werker kan nie veel aan die depriverende omstandighede doen nie.

### 4.3.2 Houding teenoor behandeling

Die gevangene se houding teenoor behandeling kan òf positief òf negatief wees. Sy houding sal noodwendig met sy motivering vir behandeling verband hou. Die gevangene

se motivering is grootliks die gevolg van sy belewing van gevangesetting en die depriverende omstandighede. Daar is egter verskeie redes waarom gevangenes gemotiveerd of ongemotiveerd is; dit word breedvoerig toegelig.

4.3.2.1 Redes waarom gevangenes gemotiveerd is

Die blote feit dat gevangenes vir inskakeling by behandeling gemotiveerd is, is baie positief en gee daartoe aanleiding dat die terapeutiese proses gouer 'n aanvang kan neem.

Daar is egter verskeie motiewe waarom die gevangene gemotiveerd is, wat vervolgens bespreek word.

* Waarskynlik die grootste rede waarom gevangenes gemotiveerd is, is die feit dat hy werklik 'n noodbesef ervaar en graag sy probleme wil oplos.
* Daar is egter ook gevangenes wat gemotiveerd is omdat hul die maatskaplike werker as dié persoon beskou wat vir hulle parool kan gee. Ten spyte van die feit dat hierdie gedagte onrealisties is, kom dit voor omdat die maatskaplike werker 'n aanbeveling aan die vrylatingsraad maak. Die gevangene dink dus nie rasioneel nie.
* Schrink en Hamm (1989:136) is van mening dat gevangenes gemotiveerd is omdat hul krisisse in hul gesin nie kan hanteer nie. Vanweë sy gevangesetting ontstaan daar 'n krisis, maar as gevolg van sy swak selfbeeld kan hy nie die krisis hanteer nie. Hul onderskei die volgende krisisse:

* "Gatefever" - die gevangene is bang vir vrylating en voel onseker.
* "Homosexual panic" - die gevangene vrees dat hy aan homoseksuele versoeke sal toegee.
* "Admission fog" - die gevangene voel pas na opname gedisorienteer vanweë sy verlies van vryheid en beweging.
* Verskeie ander kan dienslewering versoek vanweë kommer oor 'n gesinslid of vriend se siekte, oor 'n dreigende egskeiding of finansiële krisis.
* Die gevangene kan ook met 'n onrealistiese versoek kom, soos hulp met 'n heraanpassing na 'n ander werkswinkel.

Bogenoemde is verskeie redes waarom gevangenes maatskaplikewerk-dienslewering kan versoek. Vanweë selftrots is dit soms vir die gevangene moeilik om te erken dat hy 'n probleem het en hulp nodig het. Daarom dan dat daar soveel bedekte motiewe is. Hierdie dieper motief kan net verder geëksploreer word waarna die gevangene by behandeling betrek kan word.

#### 4.3.2.2 Redes waarom gevangenes nie gemotiveerd is nie

Sommige gevangenes is vanweë hul eie beperkte vermoë nie in staat om negatiewe gebeure objektief te beoordeel en positief op te tree nie. Verskeie beweer dat hul ervaring in die gevangenes genoeg was om hulle te oortuig om nooit weer misdaad te pleeg nie. Die gevangene kan ook ambivalensie en aggressie ervaar teenoor die gevangenis en

alle moontlike instansies wat tot vonnisoplegging bygedra het.

Roux (1975:68) is van mening dat of hierdie negatiewe gevoelens geregverdig kan word of nie, hul is teenwoordig en is die gevangene geneig om te rasionaliseer om sy selfbeeld te beskerm. Bogenoemde maak dit baie moeilik om die mens agter die misdaad te identifiseer. Die gevangene is baie keer ongemotiveerd omdat hy sy belewenis van negatiwiteit tot rebelsheid, opstand en aggressie, herlei het.

Motivering is 'n aspek in die mens wat voortdurend kan wissel. Gevangenes is dus baie gemotiveerd, gemotiveerd, minder gemotiveerd of glad nie gemotiveerd nie. Die aantal gevangenes wat ongemotiveerd is, is beperk. Dit is egter belangrik dat die maatskaplike werker die ongemotiveerde gevangene as 'n uitdaging om te motiveer, sal beskou.

## 5. SAMEVATTING

Die problematiek van die korttermyngevangene is uiteenlopend, maar hou meestal verband met sy innerlike vermoëns asook die omstandighede in die gevangenis. Sy ervaring van die gevangenissubkultuur en die depriverende omstandighede in die gevangenis is uniek en eiesoortig.

Die ontstaan van die gevangenissubkultuur word aan die hand van twee modelle gemotiveer, die importasiemodel en die deprivasiemodel. Die gevangene word in die gevangenis opgeneem tesame met sy unieke gedragswyses, oortuigings, houdings en waardes en norme. Vanweë hierdie realiteit word 'n subkultuur gevorm wat deur sekere kodes, groepvorming, rolverdeling en leierskap gekenmerk word. 'n Subkultuur word ook gevorm na aanleiding van gevangenes se belewenis van gevangesetting en die depriverende omstandighede.

Gevangesetting gaan met sekere ontberinge gepaard, omdat gevangenisstraf 'n straf is en die gemeenskap beskerm moet word. Hierdie ontberinge behels die verlies van vryheid, goedere en dienste, heteroseksuele verhoudings, sekuriteit en outonomie.

Die belewing van hierdie ontberinge het sekere reaksies tot gevolg, soos onder andere aggressie, ontkenning, onttrekking en manipulering. Hierdie reaksies kan ook as verdedigingsmeganismes beskou word. Die intensiteit van hierdie reaksies en die langdurigheid hiervan het weer sekere houdings en ingesteldhede tot gevolg.

Bogenoemde kan tot verskeie manifestasies van negatiewe gedrag lei en dit hou verband met die gevangene se selfbeeld en sy motivering vir behandeling. Hierdie aspekte geniet ook voorkeur in die behandelingsproses.

Die gevangene wat nie 'n probleem het en gemotiveerd is nie, kan nie by maatskaplikewerk-behandeling betrek word nie.

Die ondersoeker is van mening dat die meeste gevangenes misdaad pleeg vanweë 'n swak selfbeeld wat tot verskeie negatiewe houdings, oortuigings en gedrag lei. Die swak selfbeeld is dus die kern van die probleem wat tydens behandeling aandag moet geniet. Selfhandhawing en die mens se optrede teenoor ander hou ook verband met selfbeeld, en word daar in hoofstuk vyf op die behandeling van die korttermyngevangene gefokus deur die implementering van 'n selfhandhawingsprogram.

# HOOFSTUK 5

# DIE BEHANDELING VAN DIE KORTTERMYNGEVANGENE DEUR 'N MAATSKAPLIKE WERKER

## 1. INLEIDING

Die gevangesetting van die gevangene is geen waarborg dat hy hom van verdere kriminaliteit sal weerhou nie. Verder moet in gedagte gehou word dat die meerderheid oortreders eers gevangenisstraf opgelê word nadat alternatiewe strafvorme soos opgeskorte vonnisse en boetes nie die gewenste uitwerking gehad het nie. Die ondersoeker is van mening dat die negatiewe en/of positiewe belewenisse wat die gevangene deurmaak nie genoeg is om misdaad te voorkom nie, en ook nie om sy funksionering as mens na vrylating te verbeter nie.

Volgens die ondersoeker ondervind die meeste persone wat misdaad pleeg maatskaplike probleme. Wanneer die gebeure tydens die misdaadpleging geëvalueer word is dit baie keer duidelik dat die persoon 'n probleem of leemte het wat hy self nie kon hanteer nie, byvoorbeeld alkoholmisbruik, beïnvloedbaarheid, swak selfbeeld, impulsiwiteit, verkeerde vriende en aggressiwiteit. In enkele gevalle is die misdaad op die ingewing van die oomblik gepleeg, en dit is onwaarskynlik dat hierdie situasie weer sal voorkom.

Dit is dus van groot belang dat gevangenes gemotiveer word om by behandeling in te skakel. Indien gevangenes nie behandeling ontvang nie sal die gevangene voortgaan met sy negatiewe gedrag omdat hy geen ander alternatiewe gedragswyse ken nie en dit moontlik die aanvaarbare norm in sy gemeenskap is.

In hierdie hoofstuk word die behandeling van die korttermyngevangene bespreek. Hierdie behandeling lê klem op die gevallewerkmetode. Die ondersoeker ontken nie die toepaslikheid van verskeie ander behandelingsmetodes. Die gevallewerkmetode is vir die korttermyngevangene die mees toepaslike veral vanweë die gevangene se kort vonnis en uniekheid van probleme.

Eerstens word die doelstellings van maatskaplikewerkbehandeling uit eengesit waarna die doelstellings soos in die gevangenis van toepassing bespreek word. 'n Belangrike aspek, naamlik die eienskappe van die maatskaplike werker, wat stremmende of instaatstellend op die terapeutiese verhouding kan inwerk word ook onderskei.

In die ondersoek is gevangenes eers geselekteer en daarna is die assessering gedoen. Bogenoemde is volgens die ondersoeker ook noodsaaklik veral wanneer die maatskaplike werker vir groot gevalleladings verantwoordelik is. Die intensiteit van assessering word deur die gevangene se

motivering bepaal. Indien hy ongemotiveerd is om by behandeling in te skakel word 'n verkorte weergawe van assessering gedoen.

Die behandeling van die korttermyngevangene word bespreek met die fokus op probleemidentifisering, -oplossing en programontwikkeling en implementering. Ontslagvoorbereiding word in hierdie ondersoek as die termineringsfase van behandeling onderskei. Nasorgdienste word bespreek waarna die bepaling van die geslaagdheid of mislukking van die behandeling verder toegelig word.

## 2. DIE DOELSTELLINGS VAN BEHANDELING

Die gevangene is tot gevangenisstraf gevonnis om onder andere verdere misdaad te voorkom, om die gemeenskap te beskerm en om te rehabiliteer. Skidmore en Thackeray (1982:251) is van mening dat die maatskaplike werker ten doel het "...to utilize the knowledge and skills of the profession in a corrective manner, to rehabilitate individuals, to help them to help themselves so that they can return to and become a part of society, and to guide them toward becoming comfortable with themselves and their associates". Die maatskaplike werker het ten doel om met behulp van haar professionale kennis die gevangene te help om te rehabiliteer sodat hy as 'n volwaardige lid na die gemeenskap kan terugkeer.

Dit is vir die ondersoeker van groot belang dat gevangenes gehelp word om hulself te help. Vanweë die gevangene se wantroue in sy medemens kan dit gebeur dat hy die maatskaplike werker vertrou en dan afhanklik raak. Gevolglik kan herinskakeling in die gemeenskap vir hierdie gevangene problematies wees.

Roux (1978:281) beweer die doel van behandeling is dat die gevangene na vrylating nie weer misdaad sal pleeg nie en gevolglik nie meer 'n las vir die gemeenskap sal wees nie. Die ondersoeker voer aan dat skrywers die doelstellings van behandeling aan die hand van hul verwysingsraamwerk formuleer. Die kriminoloog definieer behandeling aan die hand van die voorkoming van misdaad, die maatskaplike werker aan die hand van die verbetering in maatskaplike funksionering en die sosioloog aan die hand van die bevordering van die welsyn van die gemeenskap.

Die maatskaplike werker se bevordering van doeltreffende maatskaplike funksionering impliseer ook die voorkoming van misdaad en die bevordering van die welsyn van die gemeenskap. Hiermee word die bydrae van ander vakkundiges geensins misken nie. In die Departement van Korrektiewe Dienste word dit ten doel gestel dat vakkundiges in spanverband moet saamwerk. Bogenoemde realiseer ook en elke vakkundige het ruimte vir mekaar se werksterreine. Juis in die gevangenis bestaan die moontlikheid dat vanweë

die verskeidenheid opgeleide persone, daar in al die gevangenes se behoeftes voldoen kan word.

Die doelstellings van behandeling behoort 'n onderliggende motivering te hê. Afgesien van die opregte belangstelling in die mens en die behoefte om hom te help, is daar ook 'n verdere belangrike aspek. Bennet et al. (1978:15) is van mening dat die onderliggende motivering vir die implementering van behandeling die maatskaplike werker se oortuiging is dat elke mens oor die vermoë beskik om homself te verbeter. Samenow (1977:122) noem egter dat die oortuiging dat gevangenes kan verander, indien hul die geleentheid kry selde tot sy reg kom. Die miskenning van die mens se vermoë tot verandering het tot gevolg dat die misdadiger as gevolg van sy wandade die geleentheid om te kan verander, misken word.

Die maatskaplike werker moet dus hierdie persoon wees wat die gevangene weer 'n geleentheid, ten spyte van sy wandade, sal gee. Dit kan vir die maatskaplike werker ook moeilik wees, veral vanweë die feit dat gevangenes soms ondankbaar is. Lillyquist (1980:102) is van mening dat die maatskaplike werker in die gevangenis met gevangenes moet werk wat geen motivering tot verandering het nie, en ook geen insig in die verkeerdheid van hul dade nie. Die maatskaplike werker beleef daagliks mislukkings van gevangenes wat herhaaldelik gevangenisstraf uitdien. Ten spyte van bogenoemde negatiewe belewenisse moet die

maatskaplike werker haarself voortdurend motiveer. Die suksesse bestaan wel.

Volgens die ondersoeker kan die doelstellings van maatskaplikewerk-behandeling in die algemeen soos volg geformuleer word:

* om die gevangene te motiveer om homself van verdere misdaadpleging te weerhou;
* om suksesvol in die gemeenskap aan te pas;
* om vir sy afhanklikes te kan sorg;
* om meer selfhandhawend op te tree, sodat hy minder beïnvloedbaar is;
* om sy probleme te kan oplos sonder om alkohol te misbruik;
* om sy selfbeeld te verbeter wat 'n positiewe invloed op verskeie ander aspekte in sy lewe sal hê.

Die doelstellings van maatskaplikewerk-dienste in die gevangenis word vervolgens bespreek. Naudé (1988:104) omskryf die doelstellings van die maatskaplike werker se dienslewering in die Departement van Korrektiewe Dienste soos volg:

* "om die gevangene te help om sy posisie en verantwoordelikheid binne sy huidige situasie te begryp;
* om hom te help om verantwoordelikheid ten opsigte van homself en sy afhanklikes te aanvaar;
* om hom te help om sosiaal aanvaarde lewenswaardes sy eie

te maak sodat sy maatskaplike funksionering na ontslag vir die gemeenskap aanvaarbaar kan wees;

* om hom met behulp van die professionele verhouding tot aktiewe deelname aan sy behandeling en doelgerigte verandering op gesindheids-, verhoudings- en gedragsvlak te motiveer;
* om die gevangene behulpsaam te wees met sy herinskakeling by die gemeenskap deur middel van nasorgdienste;
* om daardie gevangenes met probleme buite die terrein van die maatskaplike werk na ander aangewese vakkundiges te verwys; en
* om deurlopend as deel van die behandelingspan 'n inset te lewer ten opsigte van die gevangene se verbetering en vordering by die inrigtingskomitee."

Die ondersoeker is van mening dat die maatskaplike werker ook 'n taak het om die gevangene vir sy vrylating voor te berei.

In die ondersoek is die volgende maatskaplikewerk-doelstellings vir behandeling geformuleer:

* die hantering van die gevangene se belewing van gevangesetting;
* die hantering van die reaksies op hierdie belewenisse;
* die hantering van die etiologiese faktore wat tot misdaadpleging bygedra het;

* die verbetering van die gevangene se selfbeeld; en
* die verbetering van die gevangene se gebrekkige selfhandhawingsmetodes.

Om bogenoemde doelstellings moontlik te maak, moet die maatskaplike werker oor sekere eienskappe beskik om behandeling te laat slaag. Veral in die gevangenisopset word besondere eienskappe verlang.

## 3. EIENSKAPPE VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER

In hierdie afdeling fokus die ondersoeker op die instaatstellende en stremmende eienskappe van die maatskaplike werker wat die gevangene en sy behandeling beïnvloed. Dit is vir die ondersoeker van groot belang dat die maatskaplike werker ook op die stremmende eienskappe sal let. Baie keer word daar net op die instaatstellende eienskappe gefokus, terwyl die stremmende eienskappe net so 'n groot rol speel.

### 3.1 STREMMENDE EIENSKAPPE

Omdat die maatskaplike werker in haar daaglikse aktiwiteite as maatskaplike werker ook mens bly, is die aanwesigheid van stremmende eienskappe normaal. Indien dit onbeheersd in gedrag en houdings manifesteer, kan die gevangene benadeel word. Nie net word die gevangene benadeel nie, maar dit speel 'n rol in die maatskaplike werker se beroepsbevrediging.

Francisco-La Grange en Joubert (1988:10-11), Pincus en Minahan (1973:115-116), en Strydom (1991:31) is van mening dat die volgende faktore stremmend op die terapeutiese verhouding kan inwerk:

* die organisasie wat sekere beperkings op behandeling en besluitneming plaas;
* die maatskaplike werker wat gevolgtrekkings maak voor alle relevante data ingesamel is;
* die maatskaplike werker se meting van die gevangene se motivering, behoefte en noodbesef op grond van ervaring;
* die maatskaplike werker se houding teenoor die gevangene;
* die maatskaplike werker se vooruitsig van 'n vakansie;
* die invloed van kulturele faktore - eksterne faktore;
* die invloed van modelle; en
* die invloed van die maatskaplike werker se eie behoeftes en probleme.

Die laaste drie faktore sal vervolgens kortliks bespreek word omdat die ondersoeker van mening is dat hierdie faktore die grootste rol in die gevangenis kan speel.

### 3.1.1 Die invloed van eksterne faktore

Eksterne faktore soos status, geslag en intelligensie beïnvloed maatskaplike werkers tydens behandeling (Francisco-La Grange & Joubert, 1988:10). Gevangenes wat 'n statusposisie in die gemeenskap gehandhaaf het, word

meestal as die gevangene beskryf wat meer behandelingsvatbaar is, of geen behandeling benodig nie. Hierdie sienswyse word ook teenoor die intelligenter gevangene gehuldig. Hierdie gevangene openbaar meestal insigontwikkeling en dit kan deur sommige maatskaplike werkers as voldoende vir die voorkoming van misdaad beskou word. In elk geval is behandeling en die insette deur die maatskaplike werker met die intelligente korttermyngevangene minder uitputtend as met die minder intelligente gevangene.

Die volgende faktore word verder deur Francisco-La Grange en Joubert (1988:11) onderskei:

* aantreklikheid of onaantreklikheid van die kliënt. Bogenoemde word bewustelik of onbewustelik die kriteria vir hulpverlening. Vanweë die feit dat vroulike maatskaplike werkers meestal aan manlike gevangenes maatskaplikewerk-dienste lewer, kan die invloed van hierdie faktor nie onderskat word nie;
* fisieke toestand of moegheid. Die ondersoeker is van mening dat veral die alkoholis soms moeg en verwaarloos voorkom wat daartoe lei dat die maatskaplike werker weerstand bied om hom by behandeling te betrek omdat hy nie baie energie openbaar nie.

### 3.1.2 Die invloed van modelle

Maatskaplike werkers word deur die modelle wat hul in hul opleiding ontmoet het, beïnvloed. Die indrukke wat hierdie model op die jong onervare maatskaplike werker gemaak het,

is van groot belang veral ten opsigte van haar eie benadering tot die kliënt en sy probleem. Behandeling van die gevangene is 'n unieke terrein omdat die gevangene unieke behoeftes en probleme ervaar. Vanweë bogenoemde is supervisie in die gevangenisopset van groot belang en behoort hierdie supervisors as modelle vir onervare maatskaplike werkers te dien.

### 3.1.3 Inbeslagneming van die self

Francisco-La Grange en Joubert (1988:11) is van mening dat maatskaplike werkers maklik deur hul eie behoeftes en probleme in beslag geneem word met die gevolg dat hul nie werklik na die kliënt luister nie en ook nie in staat is om hom met sy probleme te help nie. Hul onderskei die volgende faktore:

* besorgdheid oor eie probleme. 'n Argument met 'n huweliksmaat, geldelike probleme of ander persoonlike probleme kan die maatskaplike werker weerhou om objektief en aandagtig na die gevangene se probleem te luister;
* oorgretigheid om korrek op te tree. Bogenoemde het tot gevolg dat eie response soveel voorkeur geniet dat afleidings deur die maatskaplike werker geformuleer word voordat die gevangene die volle verhaal vertel. Volgens die ondersoeker is die sinvolle benutting van stiltes van groot belang in die teenwerking van oorgretigheid om korrek op te tree;

* ooreenstemming van eie probleme. Sommige maatskaplike werkers se probleme kan met die van die gevangene ooreenstem wat daartoe lei dat persoonlike oplossings eerder geformuleer word;
* bevooroordeeldheid. Hier word verwys na bevooroordeeldheid ten opsigte van ras, ouderdom en geslag wat daartoe lei dat die gevangene gekategoriseer word;
* afwesigheid van empatiese begrip weens verskille in leefwêrelde en ervarings. Die ondersoeker is van mening dat bogenoemde baie waarskynlik kan wees omdat die maatskaplike werker dit baie moeilik kan vind om onder andere haarself 'n lewe in die agterbuurtes voor te stel.

Hierdie vooroordele kom veral tydens die een-tot-een-verhouding in behandeling voor, en kan daartoe lei dat inligting selektief versamel word en die evaluering subjektief plaasvind.

In die ondersoek kon bogenoemde stremmende faktore 'n rol tydens die behandeling van die gevangene gespeel het. Vanweë die feit dat die ondersoeker kennis van hierdie faktore gedra het, kon die uitwerking beperk word. Die ondersoeker voer aan dat die maatskaplike werker voortdurend haar eie metodes en aanbieding van behandeling krities moet evalueer om voortdurend die beste moontlike insette te verseker.

## 3.2 INSTAATSTELLENDE EIENSKAPPE

Om 'n gevangene met sy probleme te kan help en steeds beroepsbevrediging te kan ervaar vereis dat die maatskaplike werker oor sekere instaatstellende eienskappe beskik. Die maatskaplike werker se vermoë om mense op hul gemak te laat voel en opregtheid en warmte uit te straal, sal grootliks tot die gevangene se motivering vir behandeling bydra. Enkele eienskappe wat volgens die ondersoeker van belang is, word bespreek.

### 3.2.1 Emosionele warmte

Indien 'n maatskaplike werker die verkryging van die gevangene se vertroue ten doel het, is dit van belang dat die maatskaplike werker emosionele warmte uitstraal. Van Rooyen en Combrinck (1985:98) noem dat die maatskaplike werker deur middel van emosionele warmte die kliënt laat besef dat sy in hom belangstel - nie uit pligsbesef nie, maar omdat sy in die kliënt as mens belangstel en by sy omstandighede, tot bevordering van sy welsyn, betrokke wil raak. Hierdie emosionele warmte moet ook uit die maatskaplike werker se houding straal.

Daar is egter gevangenes wat hierdie emosionele warmte as 'n bedreiging beleef, veral omdat hul in hul kinderjare geen emosionele warmte ervaar het nie of andersins al soveel kere deur hul medemens teleurgestel is. Die maat-

skaplike werker ondervind dan baie vrae deur die gevangene, naamlik: "Waarom gee jy om ... niemand het nog ooit nie." Weereens behoort die maatskaplike werker slegs aan die gevangene die versekering te gee dat haar belangstelling opreg is.

### 3.2.2 Opregtheid

Dit kan dalk vir die leser onnodig wees om hierdie aspek aan te raak, maar opregtheid is juis in die gevangenisopset van groot belang. Weereens soos vantevore genoem, is gevangenes in die opregtheid van sy medemens geskok. Volgens Van Rooyen en Combrinck (1985:99) moet die maatskaplike werker se belangstelling die indruk van geloofwaardigheid by die kliënt laat. Daar moet ook ooreenstemming tussen die maatskaplike werker se gedrag, woorde en houding wees, sodat sy opreg voorkom.

Die opregtheid van die maatskaplike werker kom ook duidelik na vore wanneer verskeie gevangenes met unieke behoeftes vir behandeling gemotiveer moet word. Gevangenes wat baie trauma in hul lewe beleef het, sal dus nie geloofwaardigheid vind in die maatskaplike werker wat nie opreg voorkom nie.

Indien die gevangene egter besef dat die maatskaplike werker opreg in hom as mens belangstel en nie 'n bepaalde front voorhou nie, sal hy gouer met die maatskaplike werker openhartig wees. Schrink en Hamm (1989:140) noem in

hierdie verband die volgende: "In the first stages of counselling I find that inmates often lie, minimize, and/or exaggerate everything they tell me. It is like a survival instinct. I do not take any of these things too seriously until I really get to know each client." Dit is dus van groot belang dat die maatskaplike werker begrip sal hê dat die gevangene trots is en daarom geduld sal openbaar totdat hy openhartiger is.

### 3.2.3 Empatie

Om empatie te openbaar behels dat jy as maatskaplike werker subjektiewe meelewing sal uitstraal, maar steeds objektief die gevangene en sy omstandighede sal evalueer. Verskeie gevare bestaan wanneer die maatskaplike werker nie objektief kan evalueer nie. Dit kan dan gebeur dat sy nie in staat is om die gevangene se onvermoë raak te sien nie, en hom by behandeling betrek sonder dat groei plaasvind. Die maatskaplike werker kan ook alleen verantwoordelik voel vir die oplossing van die gevangene se probleme en dan sy eie verantwoordelikheid misken.

Om bogenoemde te voorkom, noem Mayers (1980:170) dat: "He or she must at all times be a mature person able to offer help, comfort and advice but also able to say no when the need arises." 'n Belangrike aspek om altyd te onthou, is dat die gevangene self vir die oplossing van sy probleme verantwoordelik is.

Shaw (1974:4) is van mening dat vanweë die vertrouensverhouding tussen die maatskaplike werker en die gevangene, dit kan gebeur dat die gevangene die maatskaplike werker gebruik om van sy frustrasies te ontlaai. Wanneer die maatskaplike werker dit toelaat kan dit enersyds die verhouding versterk. Indien dit van die gevangene 'n metode is om nie by homself uit te kom nie, moet die maatskaplike werker standpunt inneem en die gevangene op sy eie verantwoordelikheid wys.

Schrink en Hamm (1989:140) is van mening dat "...the successful counselor must be able to put aside his own feelings and delve beyond the inmate's protective facade to discover each client's true feelings. It helps for the counselor to realize that appearance can be quite deceiving." Die meeste gevangenes is deur soveel trauma, soos onder andere gevangesetting dat hul dit moeilik vind om weereens iemand in hul vertroue te neem. Om hierdie rede moet die maatskaplike werker soveel meer geduld openbaar. Die maatskaplike werker moet ook bewus wees van die instaatstellende eienskappe waaroor sy moet beskik om sukses in die behandeling te kan bereik. Hierdie eienskappe bly egter net 'n instaatsteller om sukses te bereik, dit is nie vanselfsprekend nie.

## 4. SELEKTERING VAN GEVANGENES VIR BEHANDELING

Die selektering van gevangenes vir behandeling kan grootliks tot die geslaagdheid of mislukking van 'n behandelingsprogram bydra. Mathias et al. (1989:145) sê dat die selektering van gevangenes 'n ingewikkelde proses is. Hy noem in die verband die volgende: "It would be naive to believe that every prisoner is a candidate for therapy; it would be equally fallacious to assume that prison inmates cannot become productive participants in the therapeutic process."

Die ondersoeker onderskei twee faktore wat by die selektering van gevangenes vir behandeling van belang is, naamlik agtergrondsgegewens en motivering.

### 4.1 AGTERGRONDSGEGEWENS

Die ondersoeker is van mening dat die maatskaplike werker nie haar persoonlike voorkeure tydens selektering mag laat geld nie. Schrink en Hamm (1989:140) is van mening dat "...this can lead to limiting one's caseload to the so-called Yavis clients who are young, attractive, verbal, intelligent, and successful rather than attempting to work with clients who really need assistance". Die maatskaplike werker moet altyd so objektief moontlik bly. Vanweë jarelange ondervinding en verskeie teleurstellings kan die maatskaplike werker slegs by die gevangenes betrokke raak wat waarskynlik die potensiaal het. Die behoefte aan diens-

lewering word nie ontken nie, maar daar is verskeie ander gevangenes wat net meer eksplorasie en uitreiking vra.

Mathias et al. (1989:145) onderskei die volgende kriteria vir die selektering van gevangenes: die aard van die misdaad, die ouderdom van die gevangene, die lengte van die vonnis, die sosio-ekonomiese vlak, die ondersteuning deur familie en sy intellektuele en emosionele volwassenheid. Die ondersoeker is die mening toegedaan dat die gevangene ook oor die probleem wat in die behandelingsprogram hanteer gaan word, moet beskik. Die gevangene kan nie by 'n alkoholprogram inskakel as hy 'n probleem met dwelmmisbruik het nie.

Die volgende kriteria is tydens die selektering van gevangenes in die ondersoek gebruik:

* aard van huidige misdaad en 'n vonnis van tussen ses en drie en twintig maande;
* die gevangene moet vir die eerste keer in die gevangenis as 'n gevonniste persoon opgeneem wees;
* 'n beperkte aantal vorige veroordelings van 'n minder ernstige aard;
* misdade soos byvoorbeeld dronkbestuur en/of besit of handel in dagga word nie in die ondersoek betrek nie, omdat hierdie persone meestal weerstand teen behandeling asook sy vonnis bied;

* geen gevangenes met seksuele misdade teenoor kinders nie, omdat hierdie gevangenes meestal sielkundige terapie benodig;
* gevangenes moet van die manlike geslag wees en nie ouer as 45 jaar nie.

Nie net is agtergrondsgegewens van belang vir selektering nie, maar beslis ook die gevangene se motivering.

## 4.2 MOTIVERING

Ten spyte van die belangrikheid van agtergrondsgegewens vir die selektering van gevangenes is motivering sekerlik die belangrikste voorvereiste. Tydens gevangesetting is die gevangene in 'n situasie waar hy verskeie aktiwiteite moet uitvoer waarteen hy reeds in opstand is. Vanweë bogenoemde is dit belangrik dat behandeling nie afgedwing mag word nie. Verskeie gevangenes is nie vir behandeling gemotiveerd nie. Die maatskaplike werker moet dit ook so kan aanvaar.

Die ondersoeker is die mening toegedaan dat selfs die gevangenes wat weier nogtans gemotiveer moet word om inskakeling by behandeling te heroorweeg. Daar kan ook op die gevangene se verduideliking vir die oorsaak van die misdaad gefokus word. Met die oorsaak van die misdaad word die persoonlike dieperliggende motief vir die misdaad asook die oplossing vir sodanige probleem bedoel. Slegs die kennisname van die aard van die probleem is nie vir die

voorkoming van misdaad of die voorkoming van wangedrag voldoende nie. Alternatiewe optredes en gedrag moet deur die gevangene geïdentifiseer en geïmplementeer word.

Die blote weiering van behandeling mag ook nie deur die maatskaplike werker as 'n maklike uitweg vir haar verantwoordelikheid beskou word nie. Gevangenes het verskeie redes waarom hul behandeling weier en wanneer sy nie van hierdie redes kennis dra nie, kan heelwat gevangenes buite rekening gelaat word, terwyl hul tog 'n behoefte ervaar.

Die ondersoeker is van mening dat die volgende aspekte 'n aanduiding van die gevangene se negatiewe motivering kan wees, byvoorbeeld die Heimler- en Hudsonskaal wat geen probleme identifiseer nie, terwyl die agtergrondgegewens die teendeel bewys, die gebruik van leuentaal, daag nie vir onderhoude op nie en bied geen verskoning aan nie, het geen insig in eie negatiewe gedrag nie en 'n oordrewe verbalisering dat hy vir vrylating gereed is.

Schrink en Hamm (1989:139) voer aan dat: "The task for correctional counselors is to detect within each offender any seed of motivation no matter how small it may be and nourish it." Gevangenes wat gemotiveerd voorkom, kan dalk onderliggende motiewe hê, terwyl die wat ongemotiveerd is dalk slegs ondersteuning en empatie benodig. Dit is dus 'n groot fout om gevangenes wat ongemotiveerd voorkom te

etiketteer as nie geskik vir behandeling nie. Daarom is dit so belangrik dat die maatskaplike werker van die moontlike reaksies wat die gevangene kan openbaar bewus sal wees, veral vanweë sy eie unieke ervaring van gevangesetting.

Shaw (1974:97) is van mening dat vanweë die groot gevangenesbevolking in die gevangenis die alternatief vir die hantering van hierdie lading die lewering van dienste net aan die gemotiveerde gevangenes is. Shaw (1974:97) sê dat: "To concentrate only on those who present themselves to the welfare officer would be to collude with the men's stereotype of the welfare officer as someone who only helps you with the wife and kids, or writes letters to prospective employers." Die maatskaplike werker se terapeutiese insette moet dus verantwoordbaar wees. Indien behandeling doelgerig plaasvind, sal onnodige versoeke deur die gevangene tot die minimum beperk word. Die gevangene sal dus van sy eie verantwoordelikheid ten opsigte van sy probleme bewus wees en self ywerig probeer om dit op te los.

Die opregtheid wat die maatskaplike werker uitstraal, sal ook die gevangene se motivering grootliks beïnvloed. Hippchen (1978:382) is van mening dat: "...most offenders will respond to offers of help when they feel that staff-members genuinely are interested in them and their welfare, and that they are capable treaters". Die maatskaplike wer-

ker moet dus opreg wees in haar motiewe om die gevangene te betrek en sy moet oor die nodige vermoë en kennis beskik.

Schrink en Hamm (1989:139) meen dat verskeie kritici van mening is dat gevangenes teen hul goedkeuring by terapeutiese programme ingeskakel word. 'n Belangrike aspek om in ag te neem is dat motivering en die graad daarvan voortdurend wissel. Gevangenes is dus baie gemotiveerd of minder gemotiveerd. Daar is egter 'n beperkte aantal gevangenes wat totaal ongemotiveerd is. Die ondersoeker is van mening dat sommige gewoontemisdadigers totaal ongemotiveerd kan wees.

Dit is egter noodsaaklik dat die maatskaplike werker die ongemotiveerde gevangene as 'n uitdaging om te motiveer sal sien. Dit kan selfs 'n aantal onderhoude neem om die gevangene tot 'n noodbesef te lei. Hy mág egter nooit teen sy wil betrek word nie. Voordat 'n gevangene vir behandeling gemotiveer kan word, is dit van belang om deeglik kennis te dra van sy gesinsagtergrond en norme en waardes wat hy voor gevangesetting gehandhaaf het. 'n Volledige assessering is dus noodsaaklik.

In die ondersoek was die meeste gevangenes vir behandeling gemotiveerd. Omdat die gevangenes wat by die ondersoek betrek is almal vir die eerste keer in die gevangenis was, het hul 'n noodbesef ervaar en wou aan hul probleme werk. Een gevangene wou nie na die selfhandhawingsprogram verder

inskakel nie.

## 5. ASSESSERING VAN GEVANGENES

Die belangrikheid van assessering mag nooit onderskat word nie. Sonder assessering is behandeling nie moontlik nie en probleemoplossing totaal onbereikbaar. Pincus en Minahan (1973:103) is van mening dat assessering die volgende behels:

* die identifisering en formulering van die probleem;
* die analisering van die faktore wat met die probleem verband hou;
* die definiëring van doelstellings en doelwitte;
* die ontwikkeling van take en strategieë;
* die stabilisering van moontlike gevolge wat hierdie plan van aksie kan inhou.

Bogenoemde beskrywing sluit verskeie aspekte in en daarom word die doelstellings van assessering vervolgens bespreek.

### 5.1 DOELSTELLINGS VAN ASSESSERING

Assessering het volgens die ondersoeker hoofsaaklik ten doel om die oorsaak van misdaad en die oorsaak van die gevangene se probleem wat tot misdaad aanleiding gegee het, te bepaal.

Volgens Priestley et al. (1984:16) het assessering die volgende ten doel: "...to help the individual pinpoint those areas of social life in which a lack of confidence or an inability to act appropriately..." voorkom. Assessering is dus vir die gevangene 'n hulpmiddel om terreine te identifiseer waar hy 'n gebrek aan selfvertroue ervaar, asook situasies wat hy nie kan hanteer nie. Dit is dus nie net 'n hulpmiddel vir die gevangene nie, maar ook vir die maatskaplike werker om probleme wat die gevangene ervaar te identifiseer. Assessering het ook die waarneming en evaluering van die gevangene se reaksies en optredes ten doel. Hierdie waarneming moet in die lig van reeds opgedoende ervaring geëvalueer word.

Vir die ondersoeker is assessering ook 'n proses. Dit word nie afgesluit wanneer die assesseringsverslag voltooi is nie. Inligting kan voortdurend bygevoeg word namate die gevangene meer vrymoedigheid ervaar om inligting aan die maatskaplike werker mee te deel. Volgens Neser (1989:247) is assessering van die behoeftes van die gevangene 'n logiese proses wat op die identifisering van behoeftes volg. As assessering van behoeftes nie plaasvind nie, bly behoeftes abstrak en beperk tot die ernstigste.

Assessering het ook verder ten doel om die konteks te skep waarin die belangrikheid van die behoeftes beoordeel kan word. Die ondersoeker is van mening dat verbande tussen die verskillende oorsake ook geformuleer moet word om die

mens in sy totaliteit te kan evalueer. Ten einde die mens in sy totaliteit te kan assesseer, is daar verskeie werkswyses wat die maatskaplike werker kan benut om assessering so volledig moontlik te doen.

## 5.2 WERKSWYSES IN ASSESSERING

Assessering behels die ontleding, eksplorering en identifisering van die kliënt se probleem. Ericson (1975:15) is van mening dat assessering die evaluering en ontleding van die individu in sy rolfunksionering asook die evaluering van sy waardes en norme behels. Volgens Neser (1989:249) moet assessering ook ruimte laat vir veranderings deur die gevangene. Daar moet dus vir die gevangene se selfgroei en verandering geleentheid geskep word. Daarom word assessering as 'n deurlopende proses beskou. Hierdie proses maak van sekere werkswyses of metodes gebruik.

Francisco-La Grange en Joubert (1988:8-10), Hepworth en Larsen (1982:158-160), en Pincus en Minahan (1973:117-134) onderskei die volgende werkswyses waarvolgens assessering geïmplementeer kan word.

### 5.2.1 Onderhoudvoering

In onderhoudvoering is die maatskaplike werker se instaatstellende eienskappe van groot belang. Net so is haar toepassing en benutting van die vorme en tegnieke van hulpverlening belangrik. Die maatskaplike werker se vermoë

om die tegnieke haar eie te maak, sal haar vermoë bepaal om behandeling te laat slaag.

### 5.2.2 Vraelyste

Neser (1989:249) is van mening dat die beste beskikbare assesseringsinstrumente en informasiebronne gebruik moet word. Die Heimlerskaal en die Hudsonskale kan met groot sukses in die gevangenis benut word. Die ondersoeker is van mening dat vanweë die skale se wetenskaplike standaard dit baie moeilik vir die gevangene is om hierdie skale te manipuleer. Die resultate van hierdie skale is van 'n hoogs betroubare aard en kan na gesprekvoering met die gevangene meestal geverifieer word.

### 5.2.3 Direkte waarneming

Hepworth en Larsen (1982:158) meen dat die waarneming van die gevangene se kommunikasie met sy gesin en familie soms waardevolle inligting na vore bring. Die ondersoeker is van mening dat die maatskaplike werker se waarneming van die gevangene se optrede teenoor medegevangenes en dissiplinelede tot belangrike gevolgtrekkings kan lei. Hierdie waarneming reflekteer die gevangene se ervaring van groepsdruk, asook sy gevoelens teenoor gesag.

Pincus en Minahan (1973:134-140) is van mening dat indien die maatskaplike werker van bogenoemde werkswyses gebruik maak sy op die volgende moet let:

* dit is belangrik om 'n verskeidenheid werkswyses te benut om gevolgtrekkings so akkuraat moontlik te kan formuleer;
* identifiseer die werklike probleem en nie die aangebode probleem nie. Die gevangene se probleem kan met verskeie aspekte verband hou en die identifisering van die korrekte oorsaaklike faktor is van groot belang;
* bekom bevestiging van alternatiewe bronne oor die aard van die probleem;
* struktureer die wyse waarop die inligting bekom word. Die maatskaplike werker kan nie na voltooiing van die skale by 'n agtergrondsverslag begin nie. Die interpretering van die skale sal nie moontlik en effektief wees nie;
* neem die tekortkominge van die werkswyses in ag en maak die nodige aanpassings;
* die maatskaplike werker moet van haar eie vooroordele bewus wees.

Assessering gee 'n beeld van die gevangene se probleem waarna dit aan die teoretiese raamwerk wat van die probleem in die algemeen gehuldig word, gekoppel word (Francisco-La Grange & Joubert, 1988:11). 'n Bepaalde oplossing wat as alternatief vir die negatiewe gedrag dien,

word geselekteer en aan die gevangene voorgehou sodat hy dit kan implementeer.

In die ondersoek is die Heimlerskaal en die Hudsonskaal tydens assessering gebruik. Agtergrondgegewens is ook ingesamel om die resultate van die skale te verduidelik en aan te vul.

Die gevangene en die maatskaplike werker moet gelyke vennote in die proses van assessering wees. Dit kan die akkuraatste en effektiefste identifisering van die probleem moontlik maak en die oplossing van die probleem bereikbaarder.

## 6. DIE BEHANDELINGSPROSES

Gevangenes is waarskynlik die heterogeenste groep wat tegelyk in een instansie voorkom. Neser (1989:247) is van mening dat dit oneties en immoreel is om behoeftes by oortreders te identifiseer sonder om programme te voorsien wat hierdie behoeftes kan ondervang. Dit is dus noodsaaklik dat wanneer assessering afgehandel is daar op behandeling gefokus moet word.

Bennet et al. (1978:11) is van mening dat gevangenes unieke behoeftes het. Hulle het meer verskille as ooreenkomste wat dus ook volgens die ondersoeker 'n unieke behandelingsprogram impliseer. Roux (1975:61) noem in hierdie verband dat: "For the successful implementation of a treatment programme, it is necessary that it should be adaptable to the uniqueness of each individual." In hierdie afdeling word gefokus op die identifisering van die gevangene se probleme, kontraksluiting en probleemoplossing. In die bespreking van probleemoplossing word die implementering van die behandelingsprogram soos in die ondersoek benut, beklemtoon.

## 6.1 PROBLEEMIDENTIFISERING

Na deeglike assessering is probleemidentifisering moontlik. Die ondersoeker is van mening dat assessering en probleemidentifisering twee prossesse is wat ook kan oorvleuel. Tydens assessering word die gevangene se probleme geïdentifiseer en tydens probleemidentifisering word die gevangene se omstandighede ook geassesseer.

Bennet et al. (1978:80) noem dat dit soms gebeur dat 'n behandelingsprogram ontwerp word en daarna word gevangenes geselekteer om by die program in te skakel. Gevangenes moet eerder geselekteer word waarna daar vir hul 'n program opgestel word. Probleemidentifisering behels die kliënt se

verbalisering van hoe hy die probleem ervaar (Grobbelaar & Oelofsen, 1987:119). Dit bly steeds die gevangene se probleem en verantwoordelikheid om te identifiseer.

Tomaino (1969:69) beweer dat: "...if people can come to understand the effects their behavior has on themselves and others, they will want to change to some better manner of behaviour". Bogenoemde skrywer beklemtoon die feit dat sommige gevangenes dit moeilik kan vind om hul probleme te identifiseer. Om die gevangene te motiveer om bogenoemde insig te ontwikkel, impliseer dat die maatskaplike werker kennis sal dra van die redes waarom gevangenes nie hul probleme kan identifiseer nie.

### 6.1.1 Redes waarom gevangenes nie hul probleme kan identifiseer nie

Sommige gevangenes vind dit moeilik om hul probleme te identifiseer en wel om die volgende redes (Epstein, 1980: 171-172):

* Verwarde persone - sommige jong onervare gevangenes is verward. Hierdie persone is ook vanweë hul belewing van gevangesetting verward. Hul het ook nie genoeg ervaring om situasies korrek te evalueer nie en maak subjektiewe gevolgtrekkings.
* Uiters beangste persone - sommige gevangenes verplaas negatiewe ervaring oor die proefbeampte na die maatskaplike werker in die gevangenis.

Van Rooyen en Combrinck (1985:231) noem ook dat die gevangene mag ervaar dat sy probleem te gekompliseerd is om te definieer. Vanweë sy eie subjektiewe betrokkenheid by sy probleem kan hy dalk ook nie in staat wees om die probleem te identifiseer nie. Die ondersoeker het ondervind dat verskeie gevangenes nie kan insien dat hul probleme kan ervaar ten spyte van gevangesetting nie. Die pleeg van misdaad is nie vir hul 'n probleem nie. Hulle is dan reeds besig om hulle skuld te betaal.

Dit is dus noodsaaklik dat die maatskaplike werker sekere suggesties en afleidings maak om die gevangene die geleentheid te gee om die erns van die situasie te besef. Hierna kan 'n probleem geïdentifiseer word.

### 6.1.2 Stappe tydens probleemidentifisering

Dit is van belang dat enkele stappe voor die identifisering van 'n probleem gedoen word. Grobbelaar en Oelofsen (1987:121) noem die volgende:

* die teenwoordigheid van die gevangene se probleem, soos deur die gevangene ervaar, moet vasgestel word;
* inligting oor die gevangene en sy omstandighede wat met sy probleem verband hou, moet verkry word;
* die probleem moet volledig en duidelik omskryf word;
* die gedrag wat moet verander, moet geïdentifiseer word;
* die doelstellings om die gedrag te verander moet

geformuleer word.

Bogenoemde stappe is 'n eenvoudige en maklike riglyn vir die identifisering van die gevangene se probleem. Die maatskaplike werker moet in gedagte hou dat die gevangene se probleem deur verskeie faktore insluitend mense en omstandighede beïnvloed word.

Hepworth en Larsen (1982:164-177) gee 'n uiteensetting van moontlike vrae wat die maatskaplike werker moet beantwoord, naamlik:

* Wie is betrokke?
* Hoe is die betrokkenes by mekaar betrokke?
* Watter betekenis heg hy aan die probleem?
* Waar kom die wangedrag voor?
* Wanneer kom die wangedrag voor?
* Hoe lank is die probleem aanwesig?
* Hoe gereeld kom die wangedrag voor?
* Watter onbevredigde behoeftes en wense hou met die wangedrag verband?
* Wat is die gevangene se emosionele reaksies?
* Wat is die gevangene se hanteringstrategieë van die probleem?
* Wat is die gevangene se vermoë en vaardighede?
* Watter hulpbronne moet benut word?

Indien die maatskaplike werker bogenoemde vrae beantwoord het, behoort die gevangene se probleem duideliker te wees.

Wangedrag en misdaad en die oorsake daarvan is gekompliseerd. Reeds is genoem dat die gevangenes unieke behoeftes en probleme beleef. Hierdie probleme hou met hul gesinsagtergrond, hul belewenis van gevangesetting en die subkultuur en hul oortuigings verband.

Tomaino (1980:85) ontken nie die belangrikheid wat die gesinsagtergrond in misdaad speel nie, maar noem dat daar eerder op die huidige gedrag gefokus moet word omdat dit tog dié gedrag is wat verander kan word. Die ondersoeker is van mening dat juis in die gevangenis daar klem gelê moet word op gedrag voor en tydens misdaadpleging. Wanneer die gevangene in die gevangenis opgeneem word, is hy onder andere weg van alkohol, konflik, ekonomiese probleme en groepsdruk - aspekte wat in die gemeenskap 'n realiteit is wat hy moontlik nie kon hanteer het nie. Daarom dan ook dat die gevangene dit moeilik vind om probleme asook die ernstigheidsgraad van die probleem te erken. Hy voel dat omdat die probleme nie meer 'n realiteit is nie, hy geen verantwoordelikheid het om daaraan te werk nie.

Bartol en Bartol (1989:298) is van mening dat "...most human behavior is motivated and regulated in large part by personally adopted beliefs, values, and expectations". Vanweë hierdie negatiewe en verdraaide verwagtings en norme van die gevangene gee dit tot wangedrag en misdaad aanleiding. Die ondersoeker is van mening dat subjektiewe

vooroordele, verwagtings, norme en waardes meestal deur persone met 'n swak selfbeeld gebruik word.

Na die identifisering van die gevangene se probleme is die prioritisering van hierdie probleme belangrik. Die ondersoeker se opinie is dat die teikenprobleem die probleem is wat vir die gevangene die belangrikste is en waaraan hy die graagste wil werk. Indien die maatskaplike werker van die gevangene sou verskil, kan sy ook haar insette lewer en die verskille en ooreenkomste kan dan bespreek word.

Al die gevangenes wat in die ondersoek betrek is, het volgens die Hudsonskaal 'n selfbeeldprobleem ervaar. Hierdie selfbeeldprobleem het in verskeie gedragspatrone gemanifesteer, byvoorbeeld, gebrekkige selfhandhawing, aggressiwiteit, beïnvloedbaarheid en min selfvertroue.

Wanneer die definiëring van gevangenes se probleme voltooi is, kan die doelstellings om die probleem op te los geformuleer word. Hierdie stap behels die opstel van 'n kontrak.

## 6.2 KONTRAKSLUITING

Rankin (1985:25) is van mening dat 'n kontrak impliseer dat alle belangrike partye konsensus oor belangrike aspekte het en dat samewerking vir elke lid dieselfde betekenis inhou. Die belangrikste element in 'n kontrak is dat die betrokke partye konsensus het.

Om sinvol te kan beplan, moet beide die gevangene en die maatskaplike werker duidelikheid hê oor die aard van hulpverlening en wat bereik wil word. Die bereik van 'n ooreenkoms wat die nastreef van doelstellings ten doel het kan as 'n kontrak tussen die gevangene en die maatskaplike werker beskou word (Van Rooyen & Combrinck, 1985:135).

Kontraksluiting kan nie moontlik wees as die probleme nie gespesifiseer en geprioritiseer is nie. Tomaino (1969:67) is van mening dat: "...the best thing for an agent of change to do is to spell out the rules for people as clearly as he can and then let them make their own choices as to whether they are going to follow them or not. Where there are clear rules there are also pretty clear consequences spelled out for any failure to conform."

Kontraksluiting het ten doel om aan albei partye 'n gevoel van onmiddellike betrokkenheid en betekenisvolle deelname te gee en openbaar hul wedersydse aanvaarde verpligtinge en 'n bereidwilligheid om verantwoordelikheid vir die hulpverlenings- en hulpaanvaardingsproses te aanvaar.

Kontraksluiting fokus dus op die gevangene en die maatskaplike werker se verantwoordelikheid vir die oplossing van die probleem. Die ondersoeker is van mening dat die gevangene die grootste verantwoordelikheid het om sy pro-

bleem op te los. Die maatskaplike werker sal rigting gee aan die proses om sodoende 'n oplossing te bereik. Met bogenoemde word beklemtoon dat die maatskaplike werker se verbale insette minimaal moet wees. Volgens die ondersoeker word selfgroei by die gevangene gedeaktiveer indien die maatskaplike werker verbaal ernstig betrokke is.

Oelofsen en Grobbelaar (1986:15-16) identifiseer die volgende aspekte waaruit die kontrak kan bestaan:

* teikenprobleme;
* doelstellings;
* die maatskaplike werker se take;
* die gevangene se take;
* die soort take wat die gevangene moet verrig;
* hoe die take beplan kan word?
* tydsbeperking;
* die skedule waarvolgens onderhoude gevoer word;
* betrokke partye;
* die maatskaplike werker, die gevangene en die organisasie se verwagtings; en
* die organisasie se doel en funksie.

Die ondersoeker het slegs sekere aspekte vir die doeleindes van die ondersoek in die kontrak uiteengesit:

* betrokke partye se identifiserende besonderhede;
* datum waarop die kontrak opgestel is;
* duur van die behandelingsprogram - tentatief;
* aard van die behandelingsprogram;

* formulering van oorhoofse doelstellings;
* formulering van korttermyndoelwitte. Dit is belangrik dat die gevangene gemotiveer sal word om aan sy probleme te werk en dat die tydsduur vir die bereiking van doelstellings van homself sal afhang. Verwys na Bylae A.

## 6.3 PROBLEEMOPLOSSING

Du Plessis en Scott (1987:34-35) noem dat die implementering van behandeling uit die volgende stappe bestaan: probleemoplossing, programontwikkeling en programimplementering. Die ondersoeker is van mening dat probleemoplossing met programimplementering in die ondersoek verband hou en word probleemoplossing nie bespreek nie. Die ondersoeker meen dat programontwikkeling eerste prioriteit moet geniet, en dit word vervolgens bespreek.

### 6.3.1 Programontwikkeling

Programontwikkeling is eerder die maatskaplike werker se verantwoordelikheid, veral om duidelike riglyne te kan gee. Vir die doeleindes van die ondersoek is 'n program vanuit reeds bestaande programme deur die ondersoeker opgestel.

Dit is steeds in gedagte gehou dat 'n program nie ontwerp kan word en gevangenes hierna geselekteer word nie. Die gevangene se behoefte ten opsigte van die program kan nie deur die maatskaplike werker bepaal word nie.

In hierdie ondersoek is gevangenes eerstens gemotiveer en daarna geselekteer. Dit impliseer dus dat die gevangenes wat betrek is 'n relatiewe swak selfbeeld het wat deur die selfbeeldskaal van Hudson bevestig is. Volgens die Heimler-skaal vir maatskaplike funksionering was die meeste gevangenes volgens die uitslag van die skaal aangewese op professionele hulpverlening en dus nie in staat om selfstandig te funksioneer nie.

Slegs 'n riglyn vir 'n behandelingsprogram is saamgestel en die program is 7 weke lank geïmplementeer. Daar is hoofsaaklik op gevallewerk gefokus. Daar is besluit op 'n selfhandhawingsprogram omdat die meeste respondente tydens die basislynfase 'n swak selfbeeld ervaar het en negatief beïnvloedbaar was.

Du Plessis en Scott (1987:35) is van mening dat die kliënt die primêre stappe of hoofaktiwiteite moet formuleer ten einde sy doel te bereik. Elke hoofaktiwiteit word dan in detailstappe verdeel. Ten einde sukses te kan meet, moet wetenskaplik gefundeerde meetinstrumente gebruik word. Hierdie meetinstrumente is verskeie kere tydens behandeling benut. Die Heimlerskaal vir die meting van maatskaplike funksionering en die selfbeeldskaal van Hudson is benut.

Tydens behandeling is daar twee onderhoude van een uur elk per week met die gevangenes gevoer en word die eerste onderhoud as a en die tweede onderhoud asb onderskei.
Die selfhandhawingsprogram het aandag aan die volgende onderwerpe gegee:

* Week 2a: die identifisering van die gevangene se selfhandhawingstyl, bespreek passiewe en aggressiewe gedrag.
* Week 2b: bespreking van selfhandhawende gedrag, die eienskappe, gevolge, gevoelens en filosofie.
* Week 3a-b: bespreek kognitiewe herstrukturering en die omskrywing van irrasionele idees en oortuigings.
* Week 4a: bespreek die omskepping van irrasionele idees in rasionele oortuigings, gee skriftelike take.
* Week 4b: bespreek die hantering van konflik, verkeerde hanteringswyses.
* Week 5a: bespreek die korrekte hantering van konflik.
* Week 5b: bespreek elke gevangene se individuele kommunikasiestyl.
* Week 6a: bespreek die korrekte kommunikasiestyl en sekere tegnieke vir suksesvolle kommunikasie.
* Week 6b: bespreek die vorming van selfbeeld en die definisie daarvan.
* Week 7a: bespreek die gevangene se positiewe en negatiewe eienskappe.
* Week 7b: bespreek die verbetering van die gevangene se selfbeeld.

* Week 8a: bespreek probleemoplossing en enige ander versoeke.
* Week 8b: doen evaluering van die program en elke gevangene se deelname en groei; afsluiting.

Tydens die program word daar aan elke gevangene sekere skriftelike take gegee ter voorbereiding van die volgende sessie. Die voltooiing van skriftelike take het ook op die gevangene se motivering vir behandeling gedui. In die ondersoek het die ondersoeker selde probleme met gevangenes gehad wat nie hul skriftelike take gedoen het nie. Tydens die bespreking van die onderwerpe het die ondersoeker voortdurend op inskakeling in die gemeenskap gefokus. Tydens die selektering van oplossings moet die gevangene se waardes en norme in ag geneem word. Die oplossing wat dus die gunstigste deur die kliënt se persoonlike waardes ondersteun word, word gekies.

### 6.3.2 Programimplementering

Hierna volg programimplementering. Eerstens moet die gevangene oplossings implementeer. Die ondersoeker is van mening dat dit van groot belang is dat die gevangene oplossings vir probleme reeds tydens gevangesetting implementeer. Hoe gouer hy vertroud raak met alternatiewe gedragswyses hoe makliker sal implementering na vrylating wees.

Om die uitvoering van die genoemde stappe te ondersteun en homself te motiveer, ontwikkel die kliënt versterkings (Du Plessis & Scott, 1987:35). Die gevangene kan gemotiveer word om homself te motiveer, of kan ook beloning verkry deur die positiewe resultate van die meetinstrumente. Hierna is die gevangene gereed om tot aksie oor te gaan. Verskeie hulpmiddels kan tydens programimplementering benut word, naamlik rolspel, skriftelike take en vraelyste. Rolspel kan veral benut word wanneer die gevangene probleme ondervind om konflik sinvol op te los. Die ontslagvoorbereiding van die gevangene kan as die termineringsfase in die behandeling van die gevangene beskou word.

## 7. ONTSLAGVOORBEREIDING VAN DIE GEVANGENE

Nadat die behandelingsprogram afgehandel is, het die gevangene meestal 'n vrylatingsdatum wat goedgekeur is en voorbereidings vir ontslag word gedoen. Die gevangene ervaar egter verskeie behoeftes en onsekerhede wat die maatskaplike werker in ag moet neem voordat ontslagvoorbereiding gedoen kan word.

### 7.1 BEHOEFTES VAN GEVANGENES VOOR VRYLATING

In die gevangenis is die gevangene se beplanning grootliks op die hier en die nou gefokus en nie op die toekoms nie omdat dit te onseker is. Vir sommige gevangenes, veral langtermyngevangenes, is die gedagte aan vrylating dalk 'n

bedreiging. Vir die meeste korttermyngevangenes is vrylating egter 'n realiteit en die negatiewe belewenisse word slegs oor 'n kort tydperk ervaar. Daar word egter sedert opname aan vrylating gedink, en dit gee ook daartoe aanleiding dat die gevangene meer gemotiveerd is om aan sy probleme te werk.

Neser (1989:273) noem dat verskeie probleme die gevangene voor vrylating konfronteer. Die algemeenste en dringendste is die praktiese knelpunte wat op die terrein van verblyf, werk, finansies en persoonlike probleme insluitend gesins-, familie-, en vriendskapsverhoudings val.

### 7.1.1 Werk-, woonplek en finansiële probleme

Die eerste en belangrikste probleem waarmee die gevangene voor vrylating gekonfronteer word, is die feit dat hy 'n werk moet bekom. Kassebaum et al. (1971:227) is van mening dat gevangenes sonder werk makliker by misdaad betrokke raak. Die ondersoeker voel dat vanweë die hoë werkloosheidsyfer wat 'n realiteit in Suid-Afrika is, die gevangene se vrese vir werkloosheid nie ongegrond is nie. Ericson (1975:145) is van mening dat die gevangene vrese kan hê dat hy 'n werksgeleentheid vanweë sy misdaadrekord geweier kan word.

Die korttermyngevangene behou soms sy vorige werkplek en het dus soms geen bekommernis nie. Die gevangenes wat hul werk verloor het verkeer egter in 'n dilemma. Die moontlikheid om kwalifikasies te verbeter is ook skraal omdat die tydperk van gevangesetting soms te kort is om byvoorbeeld 'n ambag te bekom. Dit is egter moontlik om vir studie in te skryf en na vrylating te voltooi.

In die gevangenis is daar personeel wat permanent funksioneer as 'n gemeenskapsinskakelingslid. Hierdie persoon is soms in staat om as agent op te tree om vir die gevangene 'n werk te bekom. Dit is egter nie noodwendig dat hy 'n werk sal kry nie.

Die meeste kortermyngevangenes woon by hul gesin of familie. Indien die gevangene 'n woonplek naby sy werkplek wou bekom en naasbestaandes nie naby woon nie, kan hy probleme ondervind. Goedkoop behuising wat soms beskikbaar is, is partykeer vervalle en allesbehalwe gerieflik. Dit is dus vanweë bogenoemde aspekte belangrik dat die gevangene dit sou noem indien hy probleme voorsien sodat dit voor vrylating opgeklaar kan word.

Priestley et al. (1984:2-3) noem verder dat die gevangene probleme kan ondervind om finansies te bekom veral as hy geen bystand van familie ontvang nie. In hierdie verband noem Neser (1989:314) dat daar spesifieke materiële ondersteuningsprojekte is in die vorm van uitbetaling van gratifikasie. Die ondersoeker is van mening dat slegs enkele

korttermyngevangenes gratifikasie ontvang en indien hul sou ontvang, die bedrag wat hul sou kon spaar nie genoeg sou wees om 'n deposito vir woonplek te betaal nie. 'n Groot aantal korttermyngevangenes ontvang nie gratifikasie nie. Eerstens vanweë hul kort tydperk van gevangesetting en tweedens omdat hulle nie regtig 'n bydrae tot produktiwiteit in die werkswinkels kan maak nie. Sommiges word as skoonmakers benut.

### 7.1.2 Gesins- en familieverhoudings

Die gevangene se aanpassing na vrylating hou verband met dit wat met die gesin en met hom gebeur. Bekommernis en frustrasies ten opsigte van mekaar se blootgestelde posisies beïnvloed die aanpassing en funksionering van beide die gevangene en sy gesin wat noodwendig aanpassing na vrylating beïnvloed (Neser, 1989:277).

Priestley et al. (1984:2-3) noem dat ten spyte van werk- en woonplekbekommernisse, die belangrikste probleem die hervatting van sy verhoudings met familie, vriende en bure is. Ten spyte van bogenoemde huldig Ericson (1975:136) die mening dat gevangesetting die gevangene nader aan sy gesin bring. Hy beweer verder dat: "When the individual leaves the institution, he is optimistic that this closeness will persist, while at the same time he is anxious about the meaning of his experience as an inmate within the family context."

Beide die gevangene en sy gesin het 'n geïdealiseerde beeld van hul huweliks- en gesinsverhoudinge. Tydens gevangesetting het verlange 'n groot rol gespeel; elke besoek het ook goed afgeloop en rusies is tot die minimum beperk. Die gesin is ook optimisies in die hoop dat die gevangene baie verander het en as 'n beter mens vrygelaat sal word, wat deur die gevangene in mooi briewe versterk is. Hy is sterk ingestel op korrekte optrede en waardeer alles wat die gesin vir hom doen. Dit laat die gevangene ook goed voel ten spyte van sy gevangesetting.

### 7.1.3 Die realiteit

Ten spyte van bogenoemde behoeftes wat deur die gevangene ervaar word, word hy ook gekonfronteer met die realiteit, naamlik inskakeling by die gemeenskap en aanvaarding van die gemeenskap se verwagtings en verwerpings.

Eerstens impliseer dit dat die gevangene hom van sy vriende in die gevangenis moet distansieer. Hy moet dus fokus op inskakeling by die gemeenskap en wat die gemeenskap se verwagtings is (Neser, 1989:157).

'n Verdere belangrike aspek is dat vrylating 'n realiteit is en dat deeglike toekomsbeplanning noodsaaklik is. Ericson (1975:126) is van mening dat die gevangene genoeg selfvertroue moet herwin om met selfrespek in die gemeenskap te kan funksioneer. Die gevangene kan vrees dat hy met

'n konfliksituasie gekonfronteer sal word en dan verkeerd sal optree. Dit kan daartoe lei dat hy die onskuldige persoon is en na aanleiding van 'n misdaadrekord die beskuldige word. Die gevangene se misdaadrekord is dus die grootste realiteit wat hy moet verwerk, veral wanneer dit by aansoeke vir werk kom. Deurentyd ervaar die gevangene dat hy moet bewys dat die teendeel waar is, teenoor dit wat die misdaadrekord spesifiseer.

Vanweë die onaanvaarbaarheid en onregverdigheid van die gemeenskap teenoor die gevangene is hy geneig om in reaksie op hierdie negatiewe gevoelens soms onrealisties optimisties te wees. Bogenoemde is ook in die ondersoek bevestig. Na aanleiding van bostaande behoeftes wat die gevangene net voor vrylating ervaar, is dit van belang dat hierdie aspekte tydens ontslagvoorbereiding hanteer sal word.

## 7.2 DOELSTELLINGS VAN ONTSLAGVOORBEREIDING

Ontslagvoorbereiding het die volgende ten doel. Smith en Berlin (1979:91) noem dat: "Throwing a parolee into the community without some kind of psychological preparation for the problems he will encounter is merely preparing him for failure." Die belangrikheid van ontslagvoorbereiding word deur bogenoemde stelling gemotiveer.

Chamelin et al. (1979:442) is van mening dat ontslagvoorbereiding ten doel het om die gevangene voor te berei vir vrylating om hom te help om sinvol by die gemeenskap in te skakel. Probleme met inskakeling by die gemeenskap moet dus deur middel van ontslagvoorbereiding verminder word.

Ontslagvoorbereiding behels daarom die hantering van die behoeftes wat die gevangene ervaar soos in die vorige afdeling bespreek. Dit is ook die maatskaplike werker se taak om die gevangene te help om realisties oor die toekoms en besluite te dink. Om die gevangene te help om realisties te wees, behels onder andere die hantering en oplossing van sy probleme.

## 7.3 DIE INHOUD VAN DIE ONTSLAGVOORBEREIDINGSPROGRAM

Priestley et al. (1984:14) sê dat die ontslagvoorbereidingsprogram aandag moet gee aan sosiale vaardighede. Kalis (1988:37) evalueer bogenoemde program soos volg: Die program fokus op selfbesluitneming, inisiatief en aanvaarding van verantwoordelikheid. Die gevangenes se behoeftes is geïdentifiseer en hul kry die geleentheid om deur middel van selfwerksaamheid sosiale vaardighede te oefen en te ontwikkel. Houdingsverandering vind ook as gevolg van groepsdinamika plaas.

Die ondersoeker is van mening dat bogenoemde program van groot waarde kan wees. Dit is egter 'n groot risiko om eers voor vrylating aan sosiale vaardighede aandag te gee.

Die ondersoeker wil eerder saam met Neser (1989:278) stem wanneer hy noem dat ontslagvoorbereiding 'n aanvang behoort te neem die dag wat die gevangene opgeneem word, en dit behoort na goedkeuring van 'n vrylatingsdatum afgerond te word. Ontslagvoorbereiding behoort dus 'n deurlopende proses te wees en daar moet tydens behandeling voortdurend op vrylating klem gelê word. Sodoende bly vrylating vir die gevangene 'n realiteit waarop hy voorbereid kan wees.

In die ondersoek is daar tydens ontslagvoorbereiding gedurende week 10 en week 11 aan die volgende aspekte aandag gegee:

* hantering van die stigma en etikettering deur die gemeenskap;
* benutting van vrye tyd op 'n konstruktiewe wyse;
* aansoek vir werk en optrede in werksverhoudinge;
* verhoudings, byvoorbeeld huwelik, gesin, vriende en die gemeenskap;
* hantering van finansies, indien 'n behoefte ervaar word;
* dienslewering deur die eksterne welsynsorganisasies soos Nimro;
* verduideliking van paroolvoorwaardes en nasorgdienste.

Ontslagvoorbereiding is die termineringsfase van die gevangene se behandeling. Verskeie ander aspekte kan ook aandag geniet - slegs die ooreenstemmende behoeftes soos

vanuit die ondersoek waargeneem, is genoem.

## 7.4 PAROOL EN NASORGDIENSTE

Vir die gevangene is sy vrylating 'n droom wat werklikheid word. Die gevangene het sy skuld betaal en ook die wetlike verpligtinge nagekom. By vrylating word daar bepaalde vereistes aan die gevangene gestel, byvoorbeeld om 'n nuwe lewe in vryheid voort te sit en dat hy bepaalde verantwoordelikhede moet nakom soos onder andere sy paroolvoorwaardes.

Parool is volgens Chamelin et al. (1979:336) ..."a form of release under supervision after the prisoner has served some time in an institution". Hagan (1985:301-302) noem dat parool 'n verdere tydperk van toesig impliseer wat daarop dui dat die strafmotief van gevangesetting steeds geld. Die ondersoeker is van mening dat bogenoemde wel so kan voorkom, maar dat die Departement van Korrektiewe Dienste ook 'n verantwoordelikheid teenoor die gemeenskap het.

Parool vir die korttermyngevangene kan ook oneffektief funksioneer omdat daar gevalle is wanneer die gevangene slegs een of twee maande parool het. Die nasorgwerker kan slegs enkele onderhoude met die vrygelate persoon voer en kan beslis nie 'n sinvolle evaluasie ten opsigte van aanpassing in die gemeenskap doen nie.

Smith en Berlin (1979:127) is van mening dat die doel van parool die volgende is: "...to improve the offender's self image, ameliorate his relationship to his spouse and family, improve his social interaction with his peers and achieve job stability and satisfaction". Indien die parooltydperk minder as drie maande is, kan bogenoemde doelstelling geensins bereik word nie.

Paroolvoorwaardes impliseer meestal die volgende: "...working steadily, supporting the family, meeting obligations, violating no laws, and keeping reasonable hours" (Chamelin et al., 1979:444). Voorwaardes kan ook wees dat die persoon nie gedurende sy parooltydperk die land mag verlaat sonder die toestemming van die nasorginstansie en die hoof van die gevangenis nie. Die belangrikste voorwaarde is egter dat die persoon op parool nie sonder toestemming van woon- en werksadres sal verander nie, en hom nie aan die pleeg van misdaad sal skuldig maak nie.

Gevangenes wat op parool vrygelaat word, moet ook samewerking aan 'n spesifieke nasorginstansie verleen. Voor vrylating word die gevangene se persoonlike besonderhede tesame met 'n afsluitingsverslag en 'n vorm waarop die paroolvoorwaardes aangedui is, aan die spesifieke nasorginstansie voorsien wat die nasorgdienste lewer. Onduidelikheid bestaan ook by die ondersoeker of nasorg 'n toesig, ondersteunings- of terapeutiese funksie het. Die ondersoeker is van mening dat nasorg en parool slegs 'n

ondersteuningsfunksie het. Die gevangene behoort voor vrylating in so 'n mate selfstandig te kan funksioneer dat hy geen toesig nodig het nie, maar slegs ondersteuning. Vanweë die nasorgwerkers se hoë gevalleladings is dit onmoontlik om te verwag dat hul meer as net ondersteuningsdienste kan lewer.

Shaw (1974:102) noem dat die maatskaplike werker in die gevangenis 'n groter geleentheid het om 'n verhouding met die gevangene op te bou en terapeutiese insette te lewer as die nasorgwerker. Die ondersoeker huldig die mening dat nasorgdienste sinvoller kan realiseer indien die Departement van Korrektiewe Dienste self vir sekere gevangenes se nasorgdienste verantwoordelik is.

Nasorgdienste is dus 'n verlengstuk van rehabilitasiedienste en ontslagvoorbereiding is 'n uiters belangrike afronding in die behandelingsproses. Dit het ten doel die geslaagde herinskakeling van die gevangene in die gemeenskap na 'n tydperk van aanhouding in 'n gevangenis.

## 8. DIE EVALUERING VAN DIE GESLAAGDHEID OF MISLUKKING VAN BEHANDELING

Die ondersoeker is van mening dat die aanbieding van behandelingsprogramme aan gevangenes wat dit verlang nie noodwendig daartoe sal lei dat hul nie weer in die toekoms misdaad sal pleeg nie.

Dit is onrealisties om te verwag dat die maatskaplike werker sukses met elke gevangene op haar gevallelading moet bereik. Hagan (1985:309) noem dat: "It is clear that far more intensive and extensive interventions will be required if rehabilitation is to be possible; even then there is no guarantee of success."

## 8.1 KRITERIA VIR DIE BEPALING VAN MISLUKKING

Om te bepaal of die resultate van behandeling positief of negatief is, kan verskeie maatstawwe gebruik word. Vir die mislukking van behandeling word die volgende aspekte meestal as kriteria gebruik, naamlik terugval in misdaad en onsuksesvolle inskakeling by die gemeenskap.

### 8.1.1 Terugval in misdaad

Eerstens kan mislukking van behandeling deur die aantal gevangenes wat weer misdaad pleeg, gemeet word. Smith en Berlin (1979:128) noem egter dat: "Recidivism is not a good criterion of success because it overlooks those who are better adjusted and whose offenses therefore are less serious." Die gevangene se herhaaldelike pleeg van misdaad is nie 'n betroubare kriterium nie. Die ernstigheidsgraad van die misdaad speel ook 'n rol. Verval in misdaad is veral duidelik wanneer langtermyngevangenes se misdaadrekord geëvalueer word. Dit is ook duidelik dat

verskeie langtermyngevangenes vantevore korttermyngevangenisstraf uitgedien het, wat die afskrikkingseffek van korttermyngevangenisstraf bevraagteken.

### 8.1.2 Onsuksesvolle inskakeling by die gemeenskap

Indien die gevangene sy paroolvoorwaardes verbreek, sou dit moontlik blyk dat sy inskakeling by die gemeenskap problematies verloop het. Die pleeg van 'n misdaad is egter die gevolge van wanfunksionering. Verbreking van paroolvoorwaardes sal gewoonlik deur die nasorginstansie gerapporteer word. Daar is egter gevangenes wat funksioneer sonder dat paroolvoorwaardes verbreek is. Gevolglik is dit moeilik om te bepaal of behandeling suksesvol was.

Sommiges ondervind probleme om suksesvol by hul gesin of familie in te skakel. Party is tydens gevangesetting van hul huweliksmaats geskei wat dit na vrylating moeilik vind om verhoudings met die kinders op te bou.

## 8.2 STRUIKELBLOKKE IN DIE BEREIKING VAN SUKSES

Verskeie struikelblokke in die bereiking van sukses bestaan, anders sou behandeling en gevolglik rehabilitasie maklik bereikbaar wees. Die ondersoeker onderskei die volgende struikelblokke:

### 8.2.1 Verskil in lewenswêrelde tussen die maatskaplike werker en die gevangene

'n Belangrike struikelblok is die soms onoorbrugbare verskil tussen die gevangene en die maatskaplike werker se waardes en norme. Norme en waardes is so deel van 'n mens dat dit meestal baie opmerklik in verbale en nie-verbale kommunikasie is. Om die gevangene te motiveer om 'n lewenstyl aan te neem waarvan hy geen kennis dra nie, kan vir die gevangene baie moeilik wees. Nichols (1977:219) noem dat: "As they make progress in treatment they receive no rewards except the awareness of change in themselves, which certainly cannot be discounted." Ten spyte van bogenoemde positiewe verandering by die gevangene moet hy steeds na 'n onvriendelike gemeenskap, waarvan hy in elk geval 'n produk is, terugkeer. Hier word hy aanvaar soos hy is en niks meer word van hom verwag nie. Hier moet jy drink om "in" te wees. Jy as maatskaplike werker kan onmoontlik veg teen 'n gemeenskap waarin misdaad hoogty vier. Die meeste gevangenes word aangetref in die middel- tot lae sosio-ekonomiese klasse.

### 8.2.2 Die gemeenskap

Die gemeenskap bly steeds antagonisties teenoor die gevangene veral ten opsigte van werk, verblyf en geleenthede. Tomaino (1969:45) beweer dat: "He may have all the motiva-

tion and all the capacity which you desire but unless he also has the opportunity to carry things out, we have only compounded the problem." Die gemeenskap behoort die geleenthede te skep, maar dit gebeur nie.

### 8.2.3 Ander faktore

Redes waarom sukses moelik meetbaar is, is soos Roux (1975:70) tereg opmerk; ..."one should rather think in terms of degrees of rehabilitation rather than absolute cures". Om te bepaal of 'n persoon gerehabiliteer is, is onmoontlik.

Schrink en Hamm (1989:137) is van mening dat: "Counselling may change inmate attitudes toward criminal behavior, but it cannot be expected to produce a high school diploma to provide a marketable skill, to erase a criminal record, or to lessen the stresses of debilitating factors in the offender's home community." Rehabilitasie en die sukses daarvan bly moeilik behaalbaar omdat 'n kombinasie van faktore tot kriminele gedrag bydra.

Die nadele wat gevangesetting inhou, kan ook nie misken word nie. Hierdie nadele is reeds in hoofstuk drie bespreek. 'n Verdere belangrike aspek is dat die gevangenisopset negatiewe gedrag kan versterk, veral ten opsigte van verantwoordelikheid vir eie gedrag. Die gevangene se leefwyse is so geroetineerd en gedissiplineerd dat die

meeste verantwoordelikheid vir gedrag by die gevangenisowerheid berus. Daar is egter tugmaatreëls wat toegepas word om orde en dissipline te handhaaf.

Daar is ook verskeie negatiewe invloede deur medegevangenes wat die gevangene beïnvloed. Bartol en Bartol (1986: 298) is van mening dat: "Research continually reveals that, in general, the longer one spends in prison the more likely one is to reoffend." Gevangenes behoort egter meer gedifferensieer te word om na aanleiding van motivering die positiefste impak op mekaar te verseker. Tans word eerste oortreders saam met gewoontemisdadigers aangehou, wat heelwat frustrasies vir albei partye inhou.

Wright (1978:195) noem dat sukses moontliker is indien programme ontwerp word wat gevangenes volgens hul keuse betrek, en die motiewe van die maatskaplike werker opreg is. Gevallewerk kan suksesvol wees omdat die gevangene die geleentheid kry wat hy in die gemeenskap nie sou raak gesien het nie. Motivering is wel van belang maar dan moet die gevangene oor die vermoë asook die deursettingsvermoë beskik om positiewe gedrag te implementeer en vol te hou.

Du Plessis en Scott (1987:32) sê dat die bevredigende funksionering van een individu as die kleinste eenheid van die samelewing ook behoort by te dra tot die bevredigende funksionering van ander sisteme waarvan die individu deel is. Die persoon kan miskien steeds aggressief raak maar hy

kan dalk eerder 'n bord breek as om sy eggenote aan te rand.

Sukses kan behaal word, maar verdere uitgebreide navorsing is nodig om suksesvolle behandelingsprogramme te inisieer. Die maatskaplike werker moet self voortdurend haar eie metodes en aanbieding van behandeling krities evalueer om steeds te verseker dat sy professioneel optree. Die belangrikste is die benutting van gemotiveerde gevangenes as agente in hul eie hulpverlening en nie as slagoffers nie.

## 9. SAMEVATTING

Die behandeling van die gevangene fokus hoofsaaklik op die verbetering van sy maatskaplike funksionering. Indien sy maatskaplike funksionering verbeter, kan misdaad voorkom word. Die gevangene wat nie doeltreffend funksioneer nie en misdaad pleeg, het meestal 'n selfbeeldprobleem en kan homself gevolglik nie doeltreffend handhaaf nie.

Na die assessering van die gevangene se probleem kan programontwikkeling en programimplementering volg. In die uitvoering van die behandelingsprogram is dit van belang dat die maatskaplike werker van sekere stremmende faktore wat 'n invloed op die vertrouensverhouding het, bewus sal wees. Sy moet ook kennis dra van die instaatstellende eienskappe, dit benut en deel van haar terapeutiese

insette maak.

Die geslaagdheid van die behandeling van die korttermyngevangene word deur verskeie faktore beïnvloed. Hierdie faktore is: die omstandighede in die gevangenis wat die gevangene moet aanvaar; die gevangene se unieke persoonlikheid; die etiologiese faktore wat met die misdaad verband hou; die gevangene se reaksie op die depriverende omstandighede; die gevangene se selfbeeld; sy motivering; die interne en eksterne maatskaplike werker se vermoë en die aard van die behandelingsprogram. Al hierdie faktore is interafhanklik van mekaar. Ten spyte van hierdie faktore in die gevangenis, speel die gemeenskap ook 'n groot rol. Die gemeenskap kan aan die gevangene 'n werksgeleentheid bied of nie. Die gemeenskap kan die gevangene aanvaar as 'n individu wat 'n fout gemaak het en dit wil regmaak, of die gemeenskap kan die gevangene as 'n geharde misdadiger etiketteer en verwerp.

Dit is die taak wat die maatskaplike werker in die gevangenis het om te verrig. Dit is die realiteit wat die gevangene, maar ook die maatskaplike werker, moet aanvaar. Behandeling en die geslaagdheid daarvan word deur verskeie faktore bepaal.

# HOOFSTUK 6

# EMPIRIESE BEVINDINGS

## 1. INLEIDING

Die implementering van 'n behandelingsprogram en die benutting van metingskale het geen doel as die resultate nie geëvalueer word nie. Die meting van die geslaagdheid van behandeling al dan nie, kan alleenlik met behulp van gestandaardiseerde metingskale bepaal word.

In hierdie hoofstuk fokus die ondersoeker op die bevindings van die empiriese navorsing. Nie net word die bevindings weergegee nie, maar dit word geëvalueer, sekere interpretasies word geformuleer en moontlike verbande word getrek.

Die enkelstelselontwerp is as navorsingsprosedure benut en word enkele kenmerke van hierdie ontwerp bespreek. Die teoretiese basis van die Heimler- en die Hudsonskaal word ook weergegee. Die ondersoeker fokus hierna op die stappe van die enkelstelselontwerp en word slegs enkele stappe wat spesifiek op die ondersoek van toepassing is breedvoerig bespreek. Omdat sommige stappe en kenmerke van die enkelstelselontwerp oorvleuel, is dit nie sinvol om tydens die bespreking die inligting te herhaal nie.

Met die bespreking van die ontleding van gegewens word die resultate wat met die metingskale verkry is in grafieke en tabelle uiteengesit. Sodoende word die waarneming van die resultate vergemaklik. Elke gevangene se meting van sy selfbeeld en funksionering word op een grafiek voorgestel, waarna die gemiddelde tellings van die gevangenes se meting van frustrasies en globale persepsie oor die toekoms afsonderlik voorgestel word. In die laaste deel van die hoofstuk word sekere interpretasies geformuleer.

## 2. KENMERKE VAN DIE ENKELSTELSELONTWERP

Ten einde die behandelingsprogram te kan evalueer, is die enkelstelselontwerp benut. Strydom (1986:216) is van mening dat die enkelstelselontwerp die bestudering van 'n enkele subjek op 'n herhalende grondslag behels. Die meting van groei of agteruitgang met behulp van 'n behandelingsprogram is dus moontlik. Die kenmerke van die enkelstelselontwerp word aan die hand van Bloom en Fischer (1982:8-9), en Strydom (1986:217-218) bespreek. Hul onderskei die volgende kenmerke, naaamlik: spesifiseer die probleem, meting van die probleem, herhaalde metings, basislyn, ontwerp, omskrywing van die behandeling en ontleding van inligting. Slegs enkele kenmerke word bespreek, omdat sekere kenmerke met die stappe van die enkelstelselontwerp oorvleuel. Die stappe word in afdeling drie van hierdie hoofstuk bespreek.

## 2.1 SPESIFISEER DIE PROBLEEM

Die gevangene se probleem wat tydens die behandelingsprogram aandag moet geniet, moet duidelik geformuleer word. Die gevangene en die maatskaplike werker moet albei oor die spesifieke probleem saamstem.

Vanweë die korttermyngevangene se unieke belewenis van gevangesetting en die aanleidende oorsaak tot sy misdaad-pleging, het die maatskaplike werker en die gevangene gesamentlik maatskaplike wanfunksionering geïdentifiseer wat ook 'n swak selfbeeld en gebrekkige selfhandhawing insluit. Hierdie aspekte is met behulp van 'n self-handhawingsprogram hanteer. Die resultate van die Heimler- en die selfbeeldskaal het onderskeidelik maatskaplike wanfunksionering en 'n swak selfbeeld bevestig. Die definiëring van die probleem is duidelik in 'n kontrak uiteengesit (Bylaag A).

## 2.2 BASISLYNFASE

In die basislynfase vind geen terapie plaas nie. In die ondersoek is daar tydens die basislynfase die volgende take verrig:

* die ontmoeting en oriëntering van die gevangene;
* die benutting van die metingskale;
* die insameling en evaluering van agtergrondsinligting ten einde assessering af te handel;
* die opstel van die kontrak;

* die finalisering van administratiewe reëlings voor vrylating, soos die voltooiing van paroolvoorwaardes.

In die ondersoek is week 1, week 9 en week 12 as die basislynfases benut.

## 2.3 METING VAN DIE PROBLEEM

Strydom (1986:217) beweer: "Meting is bloot 'n meer geformaliseerde wyse van oordeel as dit wat in die alledaagse praktyk gedoen word." Meting impliseer dus nie net die evaluering van 'n probleem nie. Dit sluit ook die benutting van gestandaardiseerde meetinstrumente in.

In die ondersoek is die Heimlerskaal vir die meting van maatskaplike funksionering en die selfbeeldskaal van Hudson benut. Bogenoemde skale word vervolgens kortliks bespreek.

### 2.3.1 Die Heimlerskaal

Die ondersoeker het gedurende 16 tot 18 Januarie 1989 'n kursus te Pretoria bygewoon, wat deur dr. Riaan van Zyl aangebied is. Die doel van die kursus is om die benutting en interpretering van die skaal aan maatskaplike werkers bekend te stel. Die bespreking van die benutting van die Heimlerskaal is gedoen aan die hand van 'n inligtingstuk soos deur die aanbieder opgestel, en word vervolgens verder toegelig.

Die Heimlerskaal is deur 'n psigiatriese maatskaplike werker, Eugene Heimler, gedurende die tydperk 1953 tot 1967 in Groot Brittanje ontwikkel. Die skaal neem tien tot vyftien minute om te voltooi en kan deur die gevangene self voltooi word. Die maatskaplike werker gee enkele instruksies, naamlik:

* Hierdie skaal het 'n aantal vrae wat mense gewoonlik help om hul lewe beter te verstaan;
* antwoord die vrae soos u vandag daaroor voel;
* antwoord die vrae so eerlik moontlik.

Die maatskaplike werker mag geen vrae aan die gevangene verduidelik nie. Sy interpretasie van die vraag is die antwoord wat hy moet merk.

Die Heimlerskaal kan vir die volgende gebruik word:

* As 'n assesseringshulpmiddel in die bepaling van die vlak van maatskaplike funksionering;
* vir die identifisering van spesifieke probleem- en positiewe areas;
* die vasstelling van ander inligting, soos die mate van risiko in krisissituasies, die mate van angs en onsekerheid wat die gevangene ervaar en die gevangene se benutting van sekere aanpassingsmeganismes;
* die evaluering van die effektiwiteit van intervensie deur die benutting van 'n voor- en nameting;
* die skaal kan as 'n kort, nuttige gevallerekord dien.

Bogenoemde gebruike is almal in die ondersoek benut.

Die skaal kan deur persone van 18 jaar en ouer met 'n goeie begrip van Engels voltooi word. Die Heimlerskaal is 'n instrument wat die gevangene van hulp kan wees. Die resultate stel hom in staat om na die verwerking deur die maatskaplike werker sekere positiewe en negatiewe areas te identifiseer. Na voltooiing behoort elke gevangene die geleentheid te kry om sy interpretasie van die vrae en antwoorde te verduidelik.

Die Heimlerskaal bestaan uit drie subskale, naamlik die satisfaksie-, frustrasie- en sinteseskaal, wat vervolgens bespreek word.

2.3.1.1 Die satisfaksieskaal

Die satisfaksieskaal bestaan uit vyf hoofafdelings, naamlik werk, finansies, vriendskap, gesin en persoonlik. Die voltooiing van elke afdeling word vervolgens bespreek.

* Werk - Die gevangenes het vir die doeleindes van die ondersoek die afdeling vir werkende persone voltooi. Hierdie afdeling is voltooi omdat al die gevangenes by 'n spesifieke werk aangepas is. Die resultate wat verkry is kon nie altyd sinvol benut word nie omdat die werk wat die gevangenes in die gevangenis verrig het meestal drasties met sy soort werk voor opname verskil.
* Finansies - die toepaslik gedeelte wat met werkende

persone verband hou, is voltooi.

* Vriendskap - word deur almal voltooi.
* Familie - twee afdelings word onderskei, naamlik primêr en sekondêr. Die ondersoeker onderskei dit as die kinderjare en huidige verhoudings. Indien die gevangene nie getroud is of 'n saamwoonverhouding het nie, voltooi hy net die kinderjare of primêre afdeling.
* Persoonlik - twee afdelings word onderskei en die gevangene voltooi die deel soos van toepassing op die gedeelte wat hy by familie voltooi het. Verwys na bylae C vir meer duidelikheid oor die afdelings.

2.3.1.2 Die frustrasieskaal

Die frustrasieskaal bestaan uit die volgende afdelings: energie, gesondheid, persoonlike invloed, emosies, gewoontes. Al die vrae van die frustrasieskaal moet deur die gevangene voltooi word. Die antwoorde van hierdie skaal en die moontlike interpretasies maak dit moontlik om die gevangene se gemoedstoestand te bepaal en of hy onder andere as 'n selfmoordrisiko beskou kan word.

2.3.1.3 Die sinteseskaal

Die sinteseskaal bestaan uit vyf vrae waar die gevangene 'n spesifieke getalwaarde as antwoord moet gee, wat nie meer as die getal 20 moet wees nie. Die sinteseskaal gee vir die maatskaplike werker 'n aanduiding van die gevangene se gevoelens oor die toekoms en die verlede en of hy

geleenthede gehad het en dit benut het of nie. Die sinteseskaal se antwoorde word ook met die gevangene se ouderdom vergelyk. Die gevangene se ouderdom gee 'n aanduiding van die persoon se suksesse wat hy al kon bereik het en of die persoon aan die begin van sy loopbaan staan.

2.3.1.4 Die verwerking van die skale

Die verwerking word kortliks weergegee. Antwoorde op die vrae bestaan uit drie moontlikhede, ja, onseker en nee, wat onderskeidelik 'n punt van 4, 2 en 0 tel. 'n Aanvangspunt (totaal van 4's) en 'n bruto punt (4's + 2's) word verkry. Hierdie totale punte kan wissel van 0 tot 100. Die sinteseskaal bestaan uit vrae waarvan die gevangene 'n waarde van 1 tot 20 moet toeken. Hierdie totaal varieer van 5 tot 100. Nadat verwerkings voltooi is, is daar sekere norme vir elke waarde. Slegs die waardes wat in die ondersoek benut is, word bespreek:

* PGP - algemene funksionering

  72-79 - die meeste persone se belewing van satisfaksie

  60-72 - in staat om selfstandig te funksioneer

  36-60 - benodig ondersteuning van ander

  0-36 - benodig intensiewe hulp

* Frustrasies

  20% - 33% of 0,2 - 0,33 - optimale funksionering

  Gevangenes met 'n telling groter as 0,33 het te veel frustrasies. Minder as 0,2 het te min frustrasies.

* Sintese

+8 tot -8 globale persepsie binne funksionele grense van realisme. Meer as +8 dui op 'n onrealistese optimistiese persepsie. Minder as -8 dui op 'n onrealisties pessimistiese persepsie.

Met die verwerking van die gegewens kan die gevangene se angs, onsekerheid en ambivalensie ook gemeet word, asook sy funksionering in slegte en goeie tye. Vir die doeleindes van die ondersoek word met bogenoemde inligting volstaan.

### 2.3.2 Die selfbeeldskaal van Hudson

Die Hudsonskaal het die meting van die aard van 'n probleem ten doel en nie die bepaling van die oorsaak, oorsprong of definiëring van 'n probleem nie. Die skaal het instruksies wat die gevangene, voor hy met die voltooiing begin, kan lees. Die gevangene het 'n keuse van vyf moontlike antwoorde wat elk 'n sekere betekenis het.

1 - "rarely or none of the time,

2 - a little of the time,

3 - some of the time,

4 - a good part of the time,

5 - most or all of the time" (Bloom & Fischer, 1982:153).

Die ondersoeker het die skaal benut soos hy opgestel is en die vrae is nie in Afrikaans vertaal nie. Al die gevangenes het oor 'n redelike begrip van Engels beskik en kon dus die vrae verstaan. Elke gevangene is gemotiveer om alle vrae te

beantwoord. Indien nie al die vrae beantwoord word nie, vereis dit 'n veranderde berekening wat interpretasie bemoeilik en dan kan die resultate nie noodwendig met die ander vergelyk word nie. Verwys na bylae B.

Vir elke skaal is daar 'n getal vrae waar die antwoorde verander moet word. Vir die selfbeeldskaal is die volgende vrae se antwoorde verander, naamlik vrae 3, 4, 5, 6, 7, 14, 15, 18, 21, 22, 23 en 25. Die antwoorde is soos volg verander:

5 word 1

4 word 2

3 bly 3

2 word 4

1 word 5 (Bloom & Fischer, 1982:149).

Die totaal van die omgekeerde antwoorde en die res van die vrae se antwoord is verkry. Die getal vyf-en-twintig is van hierdie totaal afgetrek wat die betrokke afhanklike veranderlike, naamlik selfbeeld, se waarde is. Die afsnypunt is die norm 30. 'n Telling hoër as 30 dui op 'n selfbeeldprobleem en 'n telling laer as 30 op geen probleem.

Die ondersoeker het die volgende afsnypunte na afhandeling van die ondersoek geïdentifiseer:

0 - 30 geen selfbeeldprobleem

30 - 45 geringe selfbeeldprobleem

45 - 60 bepaalde selfbeeldprobleem

60 - 75 ernstige selfbeeldprobleem

Indien die resultate 'n verandering van tussen vyf en ses punte toon, dui dit op geen beduidende verandering. 'n Verskil van meer as vyf tot ses punte dui op groei en verandering.

## 2.4 HERHAALDE METINGS

Die kern van die enkelstelselontwerp is die herhaalde meting van die vordering van intervensie. Die metings word voor, tydens en na intervensie gedoen (Strydom, 1986:218).

Die ondersoeker het die Heimlerskaal vier keer benut, naamlik gedurende week 1, week 9, week 12 en week 20. Die selfbeeldskaal is gedurende week 1, week 12 en week 20 benut. Laasgenoemde skaal is slegs drie keer benut omdat die moontlike manipulering van die skaal redelik groot is. Geen duidelik definieerbare verskille is in die vooronderso ek tussen metings gedurende week 9 en week 12 verkry nie.

## 3. STAPPE VAN DIE ENKELSTELSELONTWERP

Bloom en Fischer (1982:16-18), en Strydom (1986:219) onderskei die volgende stappe van die enkelstelselontwerp, naamlik die formulering van die probleem, die raadpleging van literatuur, die ontwikkeling van doelstellings, die formulering van hipoteses, die opstel van die ontwerp, die omskrywing van die afhanklike veranderlike, en die

onafhanklike veranderlike, die identifisering van moontlike hindernisse, die basislynfase, die intervensiefase, die ontleding van data en die opstel van 'n verslag. Die ondersoeker bespreek slegs enkele stappe wat nog nie in die ondersoek bespreek is nie. Die oorblywende stappe het met die kenmerke oorvleuel en is dit reeds bespreek.

## 3.1 OMSKRYWING VAN DIE AFHANKLIKE VERANDERLIKE

Die afhanklike veranderlike is die area of probleem waarin die navorser verandering en groei verwag (Strydom, 1986:219). Die afhanklike veranderlik moet duidelik en spesifiek geformuleer word. Beide gevangene en maatskaplike werker moet 'n volledige begrip van die afhanklike veranderlike hê. In hierdie ondersoek is die afhanklike veranderlike die gevangene se maatskaplike funksionering wat ook deur die aard van die selfbeeld bepaal word.

## 3.2 DIE OMSKRYWING VAN DIE ONAFHANKLIKE VERANDERLIKE

Die onafhanklike veranderlike is dit wat verwag word om 'n moontlike uitwerking op die afhanklike veranderlike te hê. Die onafhanklike veranderlike is die behandelingsprogram (Bloom & Fischer, 1982:17). Die onafhanklike veranderlike moet ook in duidelik en meetbare terme omskryf word. In die ondersoek is die selfhandhawingsprogram die onafhanklike veranderlike.

## 3.3 DIE INTERVENSIEFASE

In hierdie fase word die behandelingsprogram toegepas. Die onafhanklike veranderlike word benut om te bepaal of dit 'n invloed op die afhanklike veranderlike het. Die volgende hipotese is geformuleer: Indien sekere korttermyngevangenes aan 'n maatskaplikewerk-behandelingsprogram onderwerp word, kan maatskaplike funksionering verbeter word. Hierdie hipotese is dus in die ondersoek getoets. Die selfhandhawingsprogram is deur die ondersoeker opgestel. Daar bestaan dus vir elke maatskaplike werker ruimte om ook eie unieke insette by te werk.

## 3.4 DIE OPSTEL VAN 'N VERSLAG

Die opstel van 'n verslag is belangrik, eerstens om die resultate van die ondersoek op skrif te stel en tweedens om inligting aan kollegas bekend te maak. Die opstel van 'n verslag is belangrik omdat inligting wat geen interpretasies, gevolgtrekkings en aanbevelings bevat nie, nie baie sinvol kan wees nie.

## 4. DIE ONTLEDING VAN GEGEWENS

Nadat hulpverlening afgehandel is, ontleed die navorser die gegewens ten einde te kan bepaal of verandering in die afhanklike veranderlike plaasgevind het. Die navorser evalueer of daar verbande tussen veranderlikes getrek kan word en of die onafhanklike veranderlike die verandering in

die afhanklike veranderlike teweeggebring het (Strydom, 1986:219).

Met die benutting van die Heimlerskaal het die ondersoeker hoofsaaklik die gevangene se maatskaplike funksionering gemeet. Enkele ander aspekte is ook gemeet, naamlik graad van frustrasies en persepsie oor die toekoms. Hierdie twee aspekte hou met die aard van sy funksionering verband en is elkeen afsonderlik met behulp van staafdiagramme grafies voorgestel.

Die resultate van die Heimlerskaal en die selfbeeldskaal is gesamentlik vir elke gevangene grafies voorgestel waarna die gemiddelde tellings ook voorgestel is.

## 4.1 TABELLE EN GRAFIESE VOORSTELLINGS

In hierdie afdeling word die resultate wat met die metingskale verkry is, grafies en in tabelvorm voorgestel.

Tabel 1 : Opsomming van die resultate van die Heimlerskaal

| Gevangene | PGP | | | | FRUSTRASIE | | | | SINTESE | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 ste Meting Week 1 | 2 de Meting Week 1 | 3 de Meting Week 1 | 4 de Meting Week 1 | 1 ste Meting Week 1 | 2 de Meting Week 1 | 3 de Meting Week 1 | 4 de Meting Week 1 | 1 ste Meting Week 1 | 2 de Meting Week 1 | 3 de Meting Week 1 | 4 de Meting Week 1 |
| A | 27 | 37 | 58 | 60 | 0.7 | 0.4 | 0.5 | 0.6 | -20 | -14 | +10 | -6 |
| B | 37 | 38 | 59 | 65 | 0.6 | 0.4 | 0.5 | 0.55 | -19 | -13 | +9 | -7 |
| C | 40 | 43 | 64 | 68 | 0.5 | 0.3 | 0.4 | 0.48 | -16 | -11 | +12 | +8 |
| D | 57 | 58 | 63 | 73 | 0.37 | 0.35 | 0.38 | 0.4 | -10 | -9 | +12 | +5 |
| E | 50 | 53 | 60 | 69 | 0.39 | 0.39 | 0.36 | 0.45 | -12 | -10 | +12 | +2 |
| F | 48 | 53 | 60 | 63 | 0.4 | 0.3 | 0.35 | 0.5 | -20 | -12 | +19 | -8 |
| G | 53 | 59 | 64 | 73 | 0.38 | 0.35 | 0.33 | 0.75 | -11 | -10 | +8 | -10 |
| H | 59 | 62 | 68 | 74 | 0.35 | 0.4 | 0.43 | 0.1 | -10 | +9 | +12 | +10 |
| I | 43 | 50 | 59 | 61 | 0.46 | 0.43 | 0.5 | 0.6 | -18 | -12 | -7 | -15 |
| J | 46 | 59 | 64 | 72 | 0.43 | 0.4 | 0.48 | 0.5 | -14 | -9 | +1 | -17 |
| Gemiddelde telling | 46 | 51 | 61 | 67 | 0.45 | 0.37 | 0.42 | 0.49 | -15 | -9 | +8 | +3 |

PGP - meting van funksioneringsvlak

Frustrasies - meting van frustrasievlakke

Sintese - meting van globale persepsie oor toekoms


Volgens die gemiddelde tellings is dit duidelik dat elke gevangene se maatskaplike funksionering verbeter het. Frustrasies het toegeneem en algemene persepsie is realistieser.

**Tabel 2 : Opsomming van die resultate van die selfbeeldskaal van Hudson**

| Gevangene | Basislynfase A1 Meting gedurende Week 1 | Basislynfase A3 Meting gedurende Week 12 | Basislynfase D Meting voor Week 20 |
|---|---|---|---|
| A | 44 | 35 | 36 |
| B | 53 | 36 | 38 |
| C | 61 | 31 | 33 |
| D | 54 | 35 | 37 |
| E | 50 | 28 | 36 |
| F | 60 | 39 | 40 |
| G | 65 | 45 | 67 |
| H | 45 | 25 | 32 |
| I | 55 | 36 | 49 |
| J | 57 | 41 | 43 |
| Gemiddeld van elke meting | 54 | 35 | 37 |


Uit hierdie tabel is dit duidelik dat elke gevangene se telling gedurende week 12 drasties in vergelyking met die eerste meting gedaal het. Die gemiddelde daling is met 19 punte wat op 'n verbetering in die selfbeeld dui. Die verhoging van die telling na 37 het geen duidelike betekenis nie. Die ondersoeker is van mening dat hierdie daling met heraanpassing in die gemeenskap verband hou. Die grafiese voorstelling van die opsomming van elke gevangene se tellings sien soos volg daaruit:

Grafiese voorstelling 2: Benutting van Hudson se selfbeeldskaal vir die meting van selfbeeld





Volgens hierdie voorstelling het gevangene G se selfbeeld na vrylating baie verswak sodat dit dui op 'n groter probleem as net voor die aanvang van behandeling. Verwys ook na grafiese voorstelling 9 wat meer duidelikheid hieroor gee. Uit bogenoemde voorstelling is dit duidelik dat die meeste gevangenes se selfbeeld verbeter het, wat daarop kan dui dat behandeling suskesvol was.

Grafiese voorstelling 3 : Meting van gevangene A se selfbeeld en maatskaplike funksionering





Hierdie gevangene se selfbeeld het met 9 punte verbeter wat op groei dui. Die styging van die punte na 36 het min betekenis. Hierdie gevangene se maatskaplike funksionering het drasties verhoog van intensiewe terapie tot 'n vlak waar hy selfstandig kan funksioneer.

Grafiese voorstelling 4: Meting van gevangene B se selfbeeld en maatskaplike funksionering





Hierdie gevangene se selfbeeld het op 'n bepaalde probleem gedui. Dit verbeter met 17 punte. 'n Geringe selfbeeldprobleem is nou teenwoordig wat normaal kan wees. Sy funksionering verhoog van 'n behoefte aan intensiewe terapie tot selfstandige funksionering. Hierdie gevangene se selfbeeld en funksionering het na behandeling drasties verbeter.

Grafiese voorstelling 5 : Meting van gevangene C se selfbeeld en maatskaplike funksionering





Uit die grafiese voorstelling het die gevangene se telling vir selfbeeld met 30 punte verbeter wat 'n uitstaande verbetering is, en op geen selfbeeldprobleem dui. Sy funksionering het met 28 punte tot selfstandige funksionering verbeter. Hierdie gevangene het tydens die ondersoek besonder gemotiveerd voorgekom en het goeie samewerking gebied.

**Grafiese voorstelling 6 : Meting van gevangene D se selfbeeld en maatskaplike funksionering**





**Volgens die gevangene se antwoorde op die vraelyste het sy selfbeeld met 19 punte verbeter en sy maatskaplike funksionering met 16 punte. Sy funksionering is gelyk aan die meeste persone se funksionering.**

Grafiese voorstelling 7 : Meting van gevangene E se selfbeeld en maatskaplike funksionering





Volgens die grafiese voorstelling het gevangene E se selfbeeld na behandeling met 22 punte verbeter wat geen selfbeeldprobleem bevestig. Na vrylating het sy selfbeeld weer verswak, sodat hy 'n geringe probleem ervaar het. Sy funksionering het met 19 punte verbeter. Na vrylating was hy steeds in staat om selfstandig te funksioneer.

**Grafiese voorstelling 8 : Meting van gevangene F se selfbeeld en maatskaplike funksionering**





Hierdie gevangene se telling vir selfbeeld het met 21 punte verbeter. Sy maatskaplike funksionering het met 15 punte verbeter. Hierdie verbetering het geleidelik met elke meting plaasgevind.

Grafiese voorstelling 9 : Meting van gevangene G se selfbeeld en maatskaplike funksionering





Die grafiese voorstelling toon dat sy selfbeeld met 20 punte verbeter het, maar met 22 punte na vrylating verswak het, wat op 'n wesenlike probleem dui. Die rede hiervoor is volgens die ondersoeker die gevangene se probleme wat hy ondervind het om 'n werk te bekom. Hierdie gevangene is ook geneig om impulsief op te tree en het na vrylating sy werk bedank en kon nie weer 'n werk kry nie. Sy funksionering dui op optimale funksionering, wat daarop kan dui dat hy die skaal gemanipuleer het. Sy frustrasie is baie hoog, verwys na grafiese voorstelling 14 vir duidelikheid oor sy intense belewing van frustrasies.

Grafiese voorstelling 10 : Meting van gevangene H se selfbeeld en maatskaplike funksionering





Uit die grafiese voorstelling van gevangene H het sy selfbeeld met 20 punte verbeter, maar met 7 punte na vrylating verswak. Hierdie gevangene was net voor vrylating onrealisties optimisties en het vrylating as traumaties beleef. Sy funksionering het verhoog tot die hoogste telling van al die gevangenes, wat kan bevestig dat hy meer optimisties as realisties is. Verwys na grafiese voorstelling 15.

**Grafiese voorstelling 11 : Meting van gevangene I se selfbeeld en maatskaplike funksionering**





**Hierdie gevangene se selfbeeld het met 19 punte verbeter, maar na vrylating weer verswak. Hy is in staat om selfstandig te funksioneer. Sy persepsie oor die toekoms is onrealisties pessimisties, verwys na grafiese voorstelling 15, wat meestal deur 'n swak selfbeeld bevestig word.**

Grafiese voorstelling 12 : Meting van gevangene J se selfbeeld en maatskaplike funksionering





Uit die grafiese voorstelling het gevangene J se selfbeeld met 16 punte verbeter en na vrylating met 3 punte verswak. Sy maatskaplike funksionering het na behandeling met 13 punte verbeter wat daarop kan dui dat hy by die program baat gevind het. Sy funksionering was gelykstaande aan die meeste persone se vlak van funksionering.

Grafiese voorstelling 13 : Gemiddelde meting van gevangenes se selfbeeld en maatskaplike funksionering





Uit voorafgaande grafiese voorstelling met behulp van staafdiagramme is dit duidelik dat die gevangenes se selfbeeld na behandeling met 19 punte gemiddeld verbeter het. Na vrylating het dit met 2 punte verswak, wat op geen noemenswaardige betekenis dui nie, behalwe dat vrylating en herinskakeling in die gemeenskap meer inspanning vereis. Die gevangenes se maatskaplike funksionering het na meting twee met 5 punte verbeter en na ontslagvoorbereiding met 10 punte. Dit kan daarop dui dat die gevangene se strewe na vrylating groot is en dat dit sy algemene funksionering na goedkeuring van 'n vrylatingsdatum verbeter.

Grafiese voorstelling 14: Meting van gevangenes se belewing van frustrasies met behulp van die Heimlerskaal




Uit hierdie grafiese voorstelling het die meeste gevangenes baie frustrasies voor behandeling beleef. Na voltooiing van die behandelingsprogram het agt gevangenes se frustrasie afgeneem, een se frustrasies het dieselfde gebly en een gevangene se frustrasies het toegeneem. Die behandelingsprogram het dus die meeste gevangenes se frustrasies laat afneem. Die meeste se frustrasie het egter weer voor vrylating toegeneem wat kan dui op bekommernis by gevangenes oor werk en inskakeling by gesinne. Die laaste meting dui op 'n verdere toename in frustrasies, afgesien van gevangene H wat te min frustrasies beleef het, naamlik 0,1. Die norm is 0,2 tot 0,33. Hierdie gevangene het moontlik frustrasies ontken.

Grafiese voorstelling 15 : Meting van gevangenes se globale persepsie oor die toekoms met behulp van die Heimlerskaal




Volgens hierdie grafiese voorstelling het die gevangenes meestal onrealisties pessimisties oor die toekoms gevoel, veral tydens assessering. Hierdie tellings het na ontslagvoorbereiding drasties verander. Sekere gevangenes het onrealisties optimisties gevoel. Die telling het na vrylating meer gestabiliseer en die gemiddelde telling was binne die norm.

Tabel 3 : Verskille in gemiddelde tellings tydens elke meting van die selfbeeld, maatskaplike funksionering, frustrasies en sintese

| FASE | SELFBEELD | PGP | FRUSTRASIES | SINTESE |
|---|---|---|---|---|
| A1 | 54 | 46 | 0.45 | -15 |
| Verskil | | -5 | -8 | -6 |
| A2 | / | 51 | 0.37 | -9 |
| Verskil | -19 | -10 | -5 | -1 |
| A3 | 35 | 61 | 0.42 | +8 |
| Verskil | -2 | -6 | -7 | -5 |
| D | 37 | 67 | 0.49 | +3 |

Vanuit bogenoemde tabel is dit duidelik dat die grootste verskille/veranderings net na behandeling, voor vrylating plaasgevind het. Die gevangenes se selfbeeld het na vrylating met twee punte verswak en hul frustrasies het met 7 punte toegeneem. Hul maatskaplike funksionering het van benodig ondersteuning, naamlik 46 tot 'n telling van 67, selfstandige funksionering gestyg. Frustrasies het oor die algemeen verhoog en hou met herinskakeling in die gemeenskap verband. Algemene persepsie oor die toekoms het van onrealisties pessimisties na realisties verbeter. Vanuit bogenoemde het die behandelingsprogram/onafhanklike veranderlike die gevangene se maatskaplike funksionering/afhanklike veranderlike duidelik beïnvloed en verbeter.

## 4.2 INTERPRETASIE

Uit die tabelle en grafiese voorstellings is dit duidelik dat die gevangenes se maatskaplike funksionering verbeter het. In samehang met hul maatskaplike funksionering het hul selfbeeld ook verbeter wat die verhoging in maatskaplike funksionering ondersteun.

Die eerste metings het oorwegend wanfunksionering en 'n swak selfbeeld bevestig. Al die gevangenes het ondersteuning van professionele persone en familie benodig. Namate behandeling gevorder het, het hul funksionering selfstandiger en onafhankliker geword. Na vrylating was al die gevangenes in staat om selfstandig te funksioneer. Dit dui op die effektiwiteit van die behandelingsproses wat oor twaalf weke geïmplementeer is.

Die meeste gevangenes het vrylating as 'n aanpassing beleef en dit kan deur die volgende inligting gestaaf word:

* 'n mate van verswakking van die vrygelate persone se selfbeeld;
* die toename in die ervaring van frustrasies.

## 5. SAMEVATTING

Die doel van die enkelstelselontwerp is die integrering van teorie en praktyk. In die enkelstelselontwerp is die doel om die implementering van 'n behandelingsprogram te evalueer, te ontleed en statisties te verwerk. Om die verwerking duidelik uiteen te sit, is tabelle en grafiese voorstellings gebruik.

In hierdie hoofstuk is die unieke kenmerke en stappe van die enkelstelselontwerp met die implementering van die ondersoek geïntegreer. Die hipotese wat vir die ondersoek geformuleer is, is dat die gevangene se maatskaplike funksionering met behulp van 'n intensiewe behandelingsprogram verbeter kan word.

In die uiteensetting van resultate met behulp van grafiese voorstellings, is die gevangenes se maatskaplike funksionering, in so 'n mate verbeter dat hul selfstandig kon funksioneer. Gelyktydig met die verbetering in maatskaplike funksionering, het die gevangenes se selfbeeld ook verbeter wat tot die gevangenes se selfstandige funksionering bygedra het.

# HOOFSTUK 7

# SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

## 1. SAMEVATTING VAN DIE ONDERSOEK

### 1.1 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die primêre doel van hierdie ondersoek was om aan te toon dat maatskaplikewerk-behandeling benut kan word om die korttermyngevangene se maatskaplike funksionering te verbeter.

Om bogenoemde doelstelling te bereik is die volgende doelwitte nagestreef:

* Om die motivering van straf en dan in die besonder, gevangenisstraf te bepaal;
* om die etiologiese faktore wat met misdaad en die misdadiger verband hou te identifiseer;
* om die problematiek van die korttermyngevangene as gevolg van die belewing van die depriverende omstandighede te beskryf;
* om die maatskaplike werker se behandeling, en spesifiek die toepassing van gevallewerk met die korttermyngevangene te bespreek; en
* om resultate van behandeling te kan bepaal.

## 1.2 DIE METODES VAN DIE ONDERSOEK

Ten einde die doelstellings van die ondersoek te bereik, is 'n literatuurstudie en enkelstelselontwerp benut.

### 1.2.1 Literatuurstudie

Deur middel van 'n literatuurstudie is die motiewe vir gevangenisstraf nagevors, waarna die unieke omstandighede in die gevangenis bestudeer is. Hierdie omstandighede is bestudeer om die gevangene se belewing en reaksies ten opsigte van hierdie omstandighede te kan identifiseer. Die etiologiese faktore wat met misdaad verband hou en wat 'n belangrike rol in behandeling speel, is verder bestudeer. Die behandeling van die gevangene soos in die literatuur beskryf, is met die toepassing van die behandelingsprogram in die ondersoek geïntegreer.

### 1.2.2 Enkelstelselontwerp

In die toepassing van die enkelstelselontwerp is tien korttermyngevangenes, elk oor 'n tydperk van twaalf weke, by twee behandelingsprogramme ingeskakel. Hierdie selfhandhawingsprogram het onder andere aan die gevangene se selfhandhawingsvermoë en selfbeeld aandag gegee. Die hantering van hierdie aspekte tydens die program het die verbetering van die gevangenes se maatskaplike funksione-

ring ten doel gehad.

Die ontslagvoorbereidingsporgram het ten doel gehad om die gevangene vir vrylating voor te berei, sodat hy suksesvol in die gemeenskap kan inskakel.

Twee metingskale is herhaaldelik tydens die korttermyngevangenes se behandeling benut. Die doel van die benutting van die skale is om op 'n wetenskaplike wyse die resultate van die behandeling te bepaal.

## 2. GEVOLGTREKKINGS

### 2.1 LITERATUURSTUDIE

#### 2.1.1 Die problematiek van die korttermyngevangene

Uit die literatuur wat bestudeer is, is dit duidelik dat die oplegging van gevangenisstraf nie 'n onbeplande en impulsiewe besluit is nie. Elke oortreder se individuele omstandighede word krities geëvalueer. Die oorweging vir die oplegging van gevangenisstraf word ook geregverdig volgens sekere motiewe vir gevangenisstraf, naamlik afskrikking, voorkoming, vergelding en rehabilitasie.

Die korttermyngevangene beleef eerste gevangesetting as 'n krisis veral vanweë die ervaring van die depriverende omstandighede en verskeie antisosiale invloede. Die gevangene beleef dus verskeie negatiewe ervarings in die

gevangenis en gevolglik, stigmatisering deur die gemeenskap. Vanweë bogenoemde en die baie kort tydperk van gevangesetting wat sinvolle behandeling benadeel, word dit betwyfel of die motiewe van korttermyngevangenisstraf tot sy reg kom.

Korttermyngevangenes met 'n vonnis van minder as 'n jaar kan weinig baat vind by rehabilitasie en afskrikking as motief vir gevangenisstraf. Na die toekenning van strafvermindering, is die gevangene slegs enkele maande in die gevangenis. Na die goedkeuring van 'n vrylatingsdatum word die gevangene se motivering vir maatskaplikewerkbehandeling verder beïnvloed.

Die rede waarom korttermyngevangenes misdaad pleeg, kan deur verskeie faktore gemotiveer word. Die etiologiese faktore vir misdaad en die herhaling daarvan hang van vier faktore af: naamlik eerstens die gevangene se ervarings tydens die pleeg van die misdaad; sy ervarings gedurende sy kinder- en skooljare en in die gemeenskap; sy belewenis van gevangesetting en sy inskakeling by behandeling en dan in die besonder maatskaplikewerk-behandeling.

Dit is belangrik dat die maatskaplike werker van die omstandighede rondom die pleeg van misdaad bewus sal wees. Die rol wat provokasie byvoorbeeld gespeel het, sal ook 'n aanduiding gee van die behoeftes en probleme wat die gevangene ervaar.

Die korttermyngevangene se belewing van sy kinder- en skooljare is aspekte wat 'n belangrike rol in die vorming van sy persoonlikheid speel. Hierdie ervarings het sekere vooroordele en aannames tot gevolg waarvolgens gedrag gerig kan word.

Sy belewenis van gevangesetting speel 'n belangrike rol in die voorkoming van misdaad, al dan nie. Hierdie ervarings het weer unieke reaksies tot gevolg wat weer die gevangene se selfbeeld en motivering vir behandeling bepaal.

### 2.1.2 Die teorie van maatskaplike gevallewerk

Maatskaplike gevallewerk het ten doel die benutting van vaardighede, tegnieke en ander hulpmiddels om die maatskaplike funksionering van die individu te bevorder.

Die deeglike selektering van gevangenes, deur te fokus op hul agtergrond en motivering sal grootliks die sukses van behandeling bepaal. Die assessering van elke korttermyngevangene se probleme, behoeftes en potensiaal stel die maatskaplike werker in staat om 'n volledig kontrak op te stel, voordat die behandelingsprogram geïmplementeer kan word.

Met behulp van 'n behandelingsprogram wat vir elke korttermyngevangene individueel benut is, kan sy maatskaplike funksionering verbeter word. Na aanleiding van die eie unieke aard van die korttermyngevangene se

problematiek kan maatskaplike gevallewerk as die geskikste metode vir die behandeling van die gevangene beskou word.

## 2.2 DIE ENKELSTELSELONTWERP

### 2.2.1 Die toepassing van die behandelingsprogram

Die selfhandhawingsprogram waarby die korttermyngevangenes ingeskakel het, het voorsiening gemaak vir die gevangene se ontwikkeling van sy selfbeeld, sy selfhandhawingsvermoëns en sy konflikhanteringsvermoëns. Die program het ook die gevangene se eie verantwoordelikheid ten opsigte van die oplossing van sy probleme beklemtoon en dus sinvolle betrokkenheid genoodsaak.

Die ontslagvoorbereidingsprogram het die gevangenes in staat gestel om met groter vertroue weer in die gemeenskap in te skakel en sekere problematiese aspekte te kan hanteer. Die selfhandhawingsprogram het dus as 'n grondslag vir die doelstellings van die ontslagvoorbereiding van die gevangenes gedien, naamlik die sinvolle herinskakeling in die gemeenskap.

### 2.2.2 Metingskale

Met die herhaaldelike toepassing van die metingskale tydens behandeling en ook na vrylating, was dit duidelik dat die korttermyngevangenes se selfbeeld en maatskaplike funksionering aansienlik verbeter het. Die resultate van

die metingskale na vrylating is met die resultate na behandeling en tydens assessering geëvalueer.

Volgens die enkelstelselontwerp is die hipotese en sub-hipoteses bewys, naamlik:

* Die oplegging van gevangenisstraf het sekere positiewe doelstellings wat in die motiewe vir gevangenisstraf na vore kom;

* korttermyngevangenes beleef die eerste gevangesetting as 'n krisis en die meeste gevangenes is gemotiveerd om by maatskaplikewerk-behandeling in te skakel;

* die gevangenis het verskeie depriverende omstandighede. Maatskaplikewerk-behandeling kan die korttermyngevangene help om gevangenisstraf positief te benut;

* Maatskaplikewerk-behandeling het positiewe resultate tot gevolg wat betref die verbetering van die korttermyngevangene se selfbeeld en maatskaplike funksionering;

* die bereiking van die sub-hipoteses het meegebring dat die hipotese van die ondersoek bewys is, naamlik dat die benutting van maatskaplikewerk-behandeling die korttermyngevangene se maatskaplike funksionering kan verbeter.

## 3. AANBEVELINGS

### 3.1 LITERATUURSTUDIE

#### 3.1.1 Die problematiek van die korttermyngevangene

Die baie kort tydperk wat die gevangene in die gevangenis deurbring na die toekenning van strafvermindering, laat die vraag ontstaan of die motiewe van gevangenisstraf tot sy reg kom. Ten spyte hiervan kan die maatskaplike werker se terapeutiese insette gejaagd en tot die dringendste probleme beperk wees, omdat sy reeds vir 'n te groot gevalleleding verantwoordelik is.

Dit word dus aanbeveel dat die oplegging van korttermyngevangenisstraf in heroorweging geneem moet word.

Dit het deeglike beplanning van die ondersoeker geverg om elke gevangene se inskakeling by die behandelingsprogram moontlik te maak. Gevangenes met 'n vonnis van minder as ses maande kon nie sinvol by die behandelingsprogram betrek word nie. Hierdie oortreders kan eerder vir korrektiewe toesig as alternatiewe vonnis oorweeg word.

Weinig kan gedoen word om misdaad by die gevangene wat traumatiese kinder- en skooljare beleef het, te voorkom. Hy kan gehelp word om hierdie belewenisse te verwerk. Dit kan egter aanbeveel word dat korttermyngevangenes veral dié wat

vir die eerste keer in die gevangenis opgeneem is, waar moontlik van medegevangenes geskei moet word om sodoende negatiewe beïnvloeding en ervaring tot die minimum te beperk.

Vroegtydige inskakeling by maatskaplikewerk-behandeling kan daartoe lei dat die gevangene positief georiënteer word, negatiewe reaksies beperk word en hy gevangesetting positief benut.

3.1.2 Die teorie van maatskaplike gevallewerk

Aangesien maatskaplike gevallewerk sinvol en met welslae ten opsigte van korttermyngevangenes benut is, kan die maatskaplike groepwerk-metode ook aanbeveel word. Verskeie administratiewe probleme kan ontstaan omdat daar selde dieselfde aantal gevangenes vir dieselfde tydperk en probleem in die gevangenis is. Daar is voortdurend nuwe opnames en vrylatings.

Dit word aanbeveel dat deur die benutting van die groepwerk-metode die maatskaplike werker die oop groep sinvol kan gebruik.

## 3.2 DIE ENKELSTELSELONTWERP

### 3.2.1 Die toepassing van die behandelingsprogram

Die volgende aanbevelings word ten opsigte van die toepassing van 'n behandelingsprogram met korttermyngevangenes gedoen:

* Dit word aanbeveel dat korttermyngevangenes wat vir die eerste keer in die gevangenis opgeneem word, so gou moontlik na vonnisoplegging by maatskaplikewerk-behandeling betrek moet word. Hierdie gevangene is ook baie keer gemotiveerd om by behandeling in te skakel.

* Die benutting van 'n alkohol- en/of dwelmprogram kan ook sinvol deur korttermyngevangenes benut word.

* Die tydperk van twaalf weke, met twee onderhoude elke week, kan sinvol vir die behandeling van die korttermyngevangene benut word. 'n Korter tydperk vir die implementering van behandeling, vir veral gevangenes met 'n vonnis van minder as ses maande kan moontlik beplan word. Daar kan egter enkele nadele wees, soos insette wat afgejaag word, slegs krissise wat hanteer word en die maatskaplike werker se waarneming wat nie geverifieër kan word nie. Bogenoemde dui weer daarop dat korttermyngevangenisstraf as 'n geskikte vonnis, heroorweging moet geniet.

* Dit kan verder aanbeveel word dat die inhoud van die ontslagvoorbereidingsprogram grootliks by die inhoud van die selfhandhawingsprogram geïnkorporeer kan word, waarna slegs enkele aspekte individueel opgevolg kan word.

* Die riglyn vir die selfhandhawingsprogram moet die behoeftes van die gevangene in ag neem en nie onbuigsaam nagevolg word nie. Die toepassing van die program bly 'n riglyn en daar behoort na mate die gevangene vorder en die maatskaplike werker verder ondervinding en naslaanwerk doen, verdere aanpassings aangebring te word.

* Dit word aanbeveel dat die korttermyngevangene self vir die oplossing van sy probleme verantwoordelik bly. Die maatskaplike werker is slegs die instaatsteller en behoort die program na aanleiding hiervan geïmplementeer te kan word.

### 3.2.2 Metingskale

Dit word aanbeveel dat die korttermyngevangenes hul skale in die maatskaplike werker se teenwoordigheid voltooi en dat die bespreking van die interpretasies van die vrae en antwoorde hierna moet volg. Die ander skale van Hudson, soos byvoorbeeld die meting van die verhouding tussen die gevangene en sy eggenote, sy vader, moeder en portuurgroep kan ook sinvol tydens behandeling benut word.

## 3.3 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

Die volgende aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing kan gedoen word:

* Navorsing is veral nodig om die sinvolheid van korttermyngevangenisstraf te bepaal en/of korrektiewe toesig 'n alternatief kan wees.

* Navorsing kan ook onderneem word om die unieke reaksies van die gevangene op die belewing van gevangesetting en die depriverende omstandighede te bepaal.

* Navorsing is nodig om die resultate van maatskaplike groepwerk met korttermyngevangenes te bepaal. Die effektiwiteit van die benutting van 'n oop groep kan nagevors word.

* Navorsing is verder nodig om te bepaal of maatskaplikewerk-behandeling 'n invloed op die gevangene se alkohol- en dwelmmisbruik kan hê.

* Navorsing kan ook onderneem word om die invloed van maatskaplikewerk-behandeling op gevangenes te bepaal wat vir die tweede en derde keer gevangenisstraf uitdien.

## 4. SLOTOPMERKINGS

Die unieke belewing van die depriverende omstandighede in die gevangenis, tesame met die gevangene se eie problematiek, kan tot verskeie gevolge aanleiding gee. Die gevangene kan weer misdaad pleeg, of homself van verdere misdaadpleging en wangedrag weerhou. Vanweë die feit dat die voortsetting van ou gevestigde gedragspatrone minder inspanning vereis, is misdaad die logiese en bekende gevolg. Met behulp van die maatskaplike werker se doelgerigte insette kan die gevangene gehelp word om gevestigde gedragspatrone te wysig en deur nuwe aanvaarbare gedragspatrone te vervang. Dit is 'n proses wat die korttermyngevangene baie moeilik alleen kan regkry.

Met die benutting van 'n behandelingsprogram word die korttermyngevangene se selfbeeld en gevolglik sy maatskaplike funksionering verbeter. Hierdie verbetering in maatskaplike funksionering het noodwendig die voorkoming van misdaad tot gevolg wat tot 'n gesonde gemeenskap aanleiding gee.

BIBLIOGRAFIE

ALLEN, B. & BOSTA, D. 1984. Games criminals play: how you can profit by knowing them. Sacramento, Calif. : Rae John Publishers.

AMOR, J.C., HEAD, D.W., BLACKBURN, J.V., & SLONE, C. D. 1989. Amenability to rehabilitation among prison inmates. **Journal of offender counselling, services and rehabilitation**, 14(2):137-142.

BARTOL, C.R. & BARTOL, A. M. 1986. Criminal behavior a Psychosocial approach. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall.

BASSO, R. 1989. Intervening with young offenders : The Canadian case. **International journal of offender therapy and comparative criminology**, 33(2):121-130, Sept.

BEAN, P. 1976. Rehabilitation and deviance. London : Routledge & Kegan Paul.

BENEKOS, P.J. 1986. Supervising prerelease offenders : Clarifying expectations. **Journal of offender counselling, services and rehabilitation**, 10(4):71-77, Summer.

BENNET, L.A., ROSENBAUM, T.S. & MCCULLOUGH, W.R. 1978. Counselling in correctional environments. New York : Human Sciences.

BLOOM, M. & FISCHER, J. 1982. Evaluating practice: guidelines for the accountable professional. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall.

BOSCH, J.G.S. 1984a. Penitensiêre penologie. Potchefstroom : Pro Rege.

BOSCH, J.G.S. 1984b. Inleiding tot die kriminalistiek. Potchefstroom : Pro Rege.

BOWKER, L.H. 1980. Prison victimization. New York : Elsevier.

BRIDGES, G.S. & STONE, J.A. 1986. Effects of criminal punishment on perceived threat of punishment : toward an understanding of specific deterrence. **Journal of research in crime and delinquency**, 23(3):207-239, Aug.

BRODSKY, S. L. & SMITHERMAN, O. 1983. Handbook of scales for research in crime and delinquency. New York : Plenum.

CAMPBELL, A. & MUNCER, S. 1990. Causes of crime : uncovering a lay model. **Criminal justice and behavior : an international journal**, 17(4):410-419, Dec.

CHAMELIN, N.C., FOX, V.B., WHISENAND, P.M. 1979. Introduction to criminal justice. New York : Prentice-Hall.

CICOUREL, A.V. 1968. The social organization of juvenile justice. New York : Wiley.

CILLIERS, S.P. 1973. Maatskaplike navorsing : metodologie, prosedures, tegnieke. Stellenbosch : Kosmo Uitgewery.

CLARKE, R.V.G. 1982. Crime prevention through environmental management and design. (In Gunn, J. & Farrington, D.P., eds. Abnormal offenders, delinquency, and the criminal justice system. Chichester : Wiley. p.213-230.)

CONRAD, J.P. 1982. Delinquent youth in the obsolete environment. (In Dutile, F.N., Foust, C.H. & Webster, D.R., eds. Early childhood intervention and juvenile delinquency. Toronto : Lexington Books. p.65-76.)

CRONJÉ, G. 1978. Die benadering van die gemeenskap tot die voorkoming van misdaad. (In Van der Walt, P.J., red. Misdaad en die gemeenskap. Pretoria : Sigma Press. p.499-508.)

CRONJÉ, G., VAN DER WALT, P.J., NAUDÉ, C.M.B., & RETIEF, G.M. 1978. Die jeugoortreder in die gemeenskap. Pretoria : HAUM.

DAVIS, D. & SLABBERT, M. 1985. Crime & power in South Africa : critical studies in criminology. Cape Town : David Philip.

DEPARTEMENT van Gevangenisse
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Gevangenisse.

DEFINIëRENDE WOORDEBOEK VIR MAATSKAPLIKE WERK. 1984. Pretoria : Staatsdrukker.

DU PLESSIS, M.J.M. & SCOTT, M. M. 1987. Die Carkhuff-hulpverleningsmodel : wyse van maatskaplike werk hulpverlening aan individue. **Social work/Maatskaplike werk,** 23(1):32-36, Mrt.

EHLERS, D.M.M. 1987. Die gebruik van statistiese tegnieke vir die ontleding van gegewens in maatskaplike-werk-navorsing. Pretoria. (Verhandeling (MA) - Universiteit van Pretoria.)

EPSTEIN, L. 1980. Helping people : the Task-centered approach. London : CV Mosby Company.

ERICSON, R.V. 1975. Young offenders and their social work. Westmead : Saxon House.

FRANCISCO-LA GRANGE, F. & JOUBERT, H.F. 1988. Assessering in maatskaplike werk. **Social work/Maatskaplike werk,** 24(1):5-12, Mrt.

FRASER, M. & NORMAN, M. 1988. Chronic juvenile delinquency and the suppression effect : an exploratory study. **Journal of offender counselling, services and rehabilitation,** 13(1):55-73.

FRENCH, D.D. 1988. Distortion and lying as defense processes in the adolescent child molester. **Journal of offender counselling, services and rehabilitation**, 13 (1):27-37.

GAROFALO, J. & CLARK, R.D. 1985. The inmate subculture in jails. **Criminal justice and behavior : an international journal**, 12(4):415-434, Dec.

GOLDSMITH, H.R. 1987. Self-esteem of juvenile delinquents : findings and implications. **Journal of offender counselling, services and rehabilitation**, 11(2):79-85, Spring/Summer.

GROBBELAAR, S.W.P. & OELOFSEN, H.J. 1987. Die hulpverleningsproses by die aanwending van die Taakgesentreerde benadering in Maatskaplike werk. **Social work/ Maatskaplike werk**, 23(2):116-130, Jun.

HAGAN, J. 1985. **Modern criminology : crime, criminal behavior and its control.** New York : McGraw-Hill.

HEPWORTH, D.H. & LARSEN, J.A. 1982. **Direct social work practice : theory and skills.** Homewood, Ill. : The Dorsey Press.

HIPPCHEN, L.J. 1978. A model for community programs dealing with antisocial persons. (In Hippchen, L.J., ed. Ecologic-biochemical approaches to treatment of delinquents and criminals. New York : Van Nostrand Reinhold. p.371-388.)

HOFER, P.W. 1989. The role of manipulation in the antisocial personality. **International journal of offender therapy and comparative criminology**, 33(2):91-101, Sept.

HOGHUGHI, M. 1983. **The delinquent : directions for social control.** London : Burnett Books.

HUGO, E.A.K. & HULME, C.J. 1984. Eksplorasie : die kern van die terapeutiese proses. **Social work/Maatskaplike werk**, 20(3):142-152, Aug.

HUGO, E.A.K. & SLABBERT, L. 1990. Die benutting van vrywilligers binne 'n organisasie soos Nimro. **Social work/Maatskaplike werk**, 26(3):251-259, Aug.

HURFORD, S. 1985. The social scientist in a court of law : society's demands and the need for the service of the legal social scientist : present size and future needs. **Social work/Maatskaplike werk**, 21(4):268-284, Oct.

JACOBS, J.J. 1988. Gemeenskapsprogramme ter voorkoming van misdaad. (In Naudé, C.M.B. & Stevens, R., reds. Misdaadvoorkomingsstrategieë. Pretoria : HAUM. p.49-77.)

JONES, R. & KERSLAKE, A. 1979. Intermediate treatment and social work : community care practice handbook. London : Heinemann.

JORDAAN, C.T. 1976. Die doel van maatskaplike groepwerk met gevangenes met besondere verwysing na die aanwending van doelformulering in enkele blanke gevangenes groepe. Pretoria. (Verhandeling (MA) - Universiteit van Pretoria.)

JOUBERT, H.F. & FRANCISCO-LA GRANGE, F.H. 1988. Assessering en diagnose : meer as 'n semantiese verskil. Social work/Maatskaplike werk, 24(3):141-145, Aug.

KALIS, A.C. 1987. Die invloed van gevangesetting op sekere aspekte van die gesinslewe van 'n groep blanke, manlike raadgevangenes. Bloemfontein. (Verhandeling (MSS.) - UOVS.)

KALIS, A.C. 1988. Die ontslagvoorbereiding van gevangenes : 'n Literatuurverkenning van buitelandse programme. Pretoria : RGN.

KASSEBAUM, G., WARD, D. & WILNER, D. 1971. Prison treatment and parole survival : an empirical assessment. New York : Wiley.

KOTZÉ, D.M. 1986. Godsdienstige versorgingsprogramme. (In Sephton, A.C., red. Gevangenispastoraat/Prison ministry. Bloemfontein : Pro Christo. p.119-125.)

LILLYQUIST, M.J. 1980. Understanding and changing criminal behavior. Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall.

LOUW, D.A., reds. 1983. Inleiding tot die psigologie. Johannesburg : McGraw-Hill.

MACKENZIE, D.L. & GOODSTEIN, L. 1985. Longterm incarceration impacts and characteristic of longterm offenders : an empirical analysis. **Criminal justice and behavior : an international journal**, 12(4):400-434, Dec.

MATHIAS, R.E., MATHEWS, J.W. & SINDBERG, R.M. 1989. Programs for prisons : nihilism or pragmatic planning. **International journal of offender therapy and comparative criminology**, 33(2):141-148, Sept.

MAY, M.J. 1975. Die rol van die departement van Gevangenisse met betrekking tot rehabilitasie. **Rehabilitasie in Suid-Afrika**, 19(3):3-8, Sept.

MAYERS, M.O. 1980. The hard-core delinquent. Westmead : Saxon House.

MAYS, J.B. 1975. The social treatment of young offenders. London : Longman.

MCCARTHY, J. 1982. Preventing juvenile delinquency through provision of family-support services. (In Dutile, F.N., Foust, C.H. & Webster, D.R., eds. Early childhood intervention and juvenile delinquency. Toronto : Lexington Books. p.143-148.)

MCCORD, J. 1982. A longitudinal view of the relationship between paternal absence and crime. (In Gunn, J. & Farrington, D.P., eds. Abnormal offenders, delinquency, and the criminal justice system. Chichester : Wiley. p.113-128.)

MEGARGEE, E.I. 1982. Reflections on psychology in the criminal justice system. (In Gunn,J. & Farrington, D.P., eds. Abnormal offenders, delinquency, and criminal justice system. Chichester : Wiley. p.9-35.)

MONAHAN, J. 1982. Childhood predictors of adult criminal behavior. (In Dutile, F.N., Foust, C.H. & Webster, D.R., eds. Early childhood intervention and juvenile delinquency. Toronto : Lexington Books. p.17-18.)

NASIONALE RAAD VIR GEESTESGESONDHEID. 1990. Lewensvaardighede vir selfontwikkeling. Johannesburg: RGN.

NAUDÉ, C.M.B. 1988a. Benaderings tot misdaadvoorkoming. (In Naudé, C.M.B. & Stevens, R., reds. Misdaad-voorkomingstrategieë. Pretoria : HAUM. p.1-31.)

NAUDÉ, C.M.B. 1988b. Behandelingsprogramme in die gevangenis ter voorkoming van misdaad. (In Naudé, C.M.B. & Stevens, R., reds. Misdaadvoorkomingstrategieë. Pretoria : HAUM. p.79-123.)

NDABANDABA, G.L. 1978. The consequences of crime.(In Van der Walt, P.J., red. Misdaad en die gemeenskap. Pretoria : Unisa. p.89-103.)

NESER, J.J., red. 1989. Penitensiêre penologie : perspektief en praktyk. Johannesburg : Lexicon.

NICHOLS, F.L. 1976. Release and community co-operation. **International journal of offender therapy and comparative criminology**, 20(3):217-220, Dec.

OFFORD, D.R. 1982. Family backgrounds of male and female delinquents. (In Gunn, J. & Farrington, D.P., eds. Abnormal offenders, delinquency, and the criminal justice system. Chichester : Wiley. p.129-151.)

PEPINSKY, H.E. 1980. Crime control strategies : an introduction to the study of crime. New York : Oxford University Press.

PIEK, J.P. 1984. Die kleutertydperk. (In Louw, D.A., Gerdes, L.C., Meyer, W.F., **reds.** Menslike ontwikkeling. Pretoria : HAUM. p.220-277.)

PINCUS, A. & MINAHAN, A. 1973. Social work practice : Model and method. Itasca : Peacock.

PRIESTLEY, P., MCQUIRE, J., FLEGG, D., HEMSLEY, V., WELHAM, D. & BARNITT, R. 1984. Social skills in prison and the community: problem solving for offenders. London : Routledge & Kegan Paul.

RABIE, A. 1976. Die strafteorieë: 'n oorsig. **Misdaad, straf en hervorming,** 5(2):33-48, Jun.

RANKIN, P. 1985. Die aard en wese van die kontrak in maatskaplike werk. **Social work/Maatskaplike werk,** 21 (1):24-31, Mrt.

RECH, L. 1988. Gedragsversteurings by kinders : identifikasie en behandeling. (In Naudé, C.M.B. & Stevens, R., **reds.** Misdaadvoorkomingstrategieë. Pretoria : HAUM. p.33-47.)

RETIEF, G.M. 1978. Sosiokriminogene faktore in misdaad. (In Van der Walt, P.J., **red.** Misdaad en die gemeenskap. Pretoria : Sigma Press. p.59-68.)

ROGERS, J.W. 1977. Why are you not a criminal? Englewood Cliffs, N.J. : Prentice-Hall.

ROSS, R.R. & McKAY, H.B. 1976. A study of institutional treatment programs. International journal of offender therapy and comparative criminology, 20(2):165-173, Sept.

ROUX, J.P. 1975. The treatment of offenders. **Misdaad, straf en hervorming**, 4(2):59-72, Jun.

ROUX, J.P. 1978. Rehabilitasieverwagtings. (In Van der Walt, P.J., red. Misdaad en die gemeenskap. Pretoria : Sigma Press. p.279-293.)

SAHAKIAN, B.J. 1981. The neurochemical basis of hyper-activity and aggression induced by social deprivation. (In Lewis, D.O., ed. Vulnerabilities to delinquency. New York : Medical & Scientific Books. p.173-186.)

SAMENOW, S.E. 1977. The challenge of habilitation. (In Barnett,R.E. & Hagel, J., eds. Assessing the criminal : restitution, retribution, and the legal process. Cambridge : Ballinger. p.121-132.)

SCHRINK, J. & HAMM, M.S. 1989. Misconceptions concerning correctional counseling. **Journal of offender counselling, services and rehabilitation**, 14(1):133-147.

SEPHTON, A.S. 1978. Strafbelewenis. (In Van der Walt, P.J., red. Misdaad en die gemeenskap. Pretoria : Sigma Press. p.265-278.)

SHANOK, S.S. & LEWIS, D.O. 1981. Medical histories of delinquent children. (In Lewis, D.O., ed. Vulnerabilities to delinquency. New York : SP Medical & Scientific books. p.221-240.)

SHAW, M. 1974. Social work in prison. London: Her Majesty's Stationery Office.

SILVER, I. 1981. Criminology : an introduction. New York : Harper.

SINCLAIR, I. & CLARKE, R. 1982. Predicting, threating, and explaining delinquency : the lessons from research on institutions. (In Feldman, M.P., ed. Developments in the study of criminal behavior : the prevention and control of offending. New York : Wiley. p.51-78.)

SKIDMORE, R.A. & THACKERAY, M.G. 1982. Introduction to social work. Englewood Cliffs, N. J. : Prentice-Hall.

SMITH, A.B. & BERLIN, L. 1979. Introduction to probation and parole. Los Angeles : West Publishing.

SMITH J.A. & FAUBERT, M. 1990. Programming and process in prison rehabilitation : a prison mental health centre. Journal of offender counselling, services and rehabilitation, 15(2):131-153.

SNYMAN, S.A. 1984. Die navorsingsproses. (In Universiteit van Pretoria, Departement Maatskaplike Werk. Opknappingskursus in Maatskaplikewerk-navorsing.

Pretoria. p.39-61.)

SNYMAN, H.F. 1984. Straftoemeting en wetgewing. (Lesings vir studente in Kriminologie aan die PU vir CHO.) Potchefstroom. p.46. (Ongepubliseer.)

SNYMAN, I. 1987. Time-limited intervention: a guide for the helping professions. Pretoria : RGN.

STEELE, B.F. 1982. Discovery of chidren at risk for juvenile delinquency. (In Dutile, F.N., Foust, C.H. & Webster, D.R., eds. Early childhood intervention and juvenile delinquency. Toronto : Lexington books. p.93-102.)

STEYL, J.P. 1986. Die korttermyngevangene. (In Sephton, A.C., red. Gevangenispastoraat. Bloemfontein : Pro Christo Publikasies. p.135-140.)

STRYDOM, C. 1990. Die gebruikmaking van maatskaplike groepwerk in die uitbouing van die adolossente dogter se selfbeeld. Potchefstroom. (Verhandeling (MA) - PU vir CHO.)

STRYDOM, H. 1984. Die vooronderSoek in Maatskaplike-werk-navorsing. (In Universiteit van Pretoria, Departement Maatskaplike werk. Opknappingskursus in maatskaplikewerk-navorsing. Pretoria. p.25-38.)

STRYDOM, H. 1986. Die enkelstelselontwerp in Maatskaplikewerk-navorsing en Maatskaplikewerk-praktyk. **Social work/Maatskaplike werk**, 22(4):216-221, Okt.

STRYDOM, H. EHLERS, D.M.M. 1988. Die doelstellings, gebruike en misbruike van navorsing in maatskaplike werk. **Social work/Maatskaplike werk**, 24(1):19-24, Mrt.

SUID-AFRIKA (Republiek). Departement van Gevangenisse. 1990. Verslag vir die tydperk 1 Julie 1989 tot 30 Junie 1990. Pretoria : Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1979. Wet op Gevangenisse, no. 8 van 1979. Pretoria : Staatsdrukker.

SWART, C.J. 1981. Maatskaplike werk met die psigopatiese gevangene. Potchefstroom. (Verhandeling (MA) - PU vir CHO.)

TERBLANCHE, W. 1984. Nasorgdienste aan die Blanke parolee : die rol van die eksterne maatskaplike werker. Port Elizabeth. (Verhandeling (MA) - UPE.)

TEXTOR, M.R. 1989. Models of abnormal behavior and treatment approaches : a call for an integrative theory. **Social work/Maatskaplike werk**, 25(1):58-64,69, Mrc.

THORPE, D.H., SMITH, D., GREEN, C.J. & PALEY, J.H. 1980. Out of care : the community support of juvenile offenders. London: George Allen.

TOCH, H., ed. 1980. Therapeutic communities in corrections. New York : Praeger Publishers.

TOMAINO, L. 1969. Changing the delinquent : a practical approach. Texas/Austin : Hogg Foundation for Mental health.

VAN DER HOVEN, A.E. 1981. Die ontwikkeling van voorspellers vir paroolsukses aan die hand van persoonlikheidstoetsing en kliëntgesentreerde onderhoude. Pretoria. (Verhandeling (MA) - UNISA.)

VAN DER WESTHUIZEN, J. & OOSTHUIZEN, H. 1983. Prediction of parole failure and maladjustment. Pretoria : Unisa.

VAN DER WALT, P.J., CRONJE, G. & SMIT, B.F. 1982. Criminology : an introduction. Pretoria: HAUM.

VAN ROOYEN, I.J.J. & COMBRINK, M.J. 1985. Gevallewerk : 'n integrerende benadering. Pretoria : Academica.

VAN WYK, J.T. 1978. Die benadering van die onderwys aangaande voorkoming van misdaad. (In Van der Walt, P.J., red. Misdaad en die gemeenskap. Pretoria : Sigma Press. p.475-498.)

VAN ZYL, M. A. 1989. Die Heimlerskaal van maatskaplike funksionering - instruksies. (Lesing gelewer op 16 tot 18 Januarie 1989 om die benutting en interpretering van die Heimlerskaal aan maatskaplike werkers bekend te stel.) Pretoria. 7 p. (Ongepubliseer.)

VENEZIANO, C. & VENEZIANO, L. 1988. Knowledge of social skills among institutionalized juvenile delinquents: an assessment. Criminal justice and behavior : an international journal, 15(2):152-171, Jun.

VENTER, H. 1977a. Jeugmisdaad. Pretoria : Van Schaik.

VENTER, H. 1977b. Kriminologie. Pretoria : Van Schaik.

WALTER, J.A. 1978. Sent away : a study of young offenders in care. Westmead : Saxonhouse.

WETTE
kyk
SUID-AFRIKA (Republiek)

WILMOT, R. 1976. What is rehabilitation. International journal of offender therapy and comparative criminology, 20(3):246-254, Dec.

WRIGHT, M. 1978. Strategies for innovation. (In Tutt, N., ed. Alternative strategies for coping with crime.

London : Oxford University Press. p.186-202.)

WUNDERLICH, R.C. 1978. Neuroallergy as a contributing factor to social misfits : Diagnosis and treatment. (In Hippchen, L.J., ed. Ecologic - biochemical approaches to treatment of delinquents and criminals. New York : Van Nostrand Reinhold. p.229-253.)

BYLAE A

**WERKSOOREENKOMS/KONTRAK**

Hierdie kontrak word gesluit tussen.............maatskaplike werker in diens van die Departement van Korrektiewe Dienste te.................... en ............ gevangene.

Daar word soos volg ooreengekom:

1. TEIKENPROBLEME

1.1 .................................................

1.2 .................................................

1.3 .................................................

1.4 .................................................

2. DOELSTELLINGS

2.1 .................................................

2.2 .................................................

2.3 .................................................

2.4 .................................................

3. DIE GEVANGENE SE TAKE

3.1 .................................................

3.2 .................................................

3.3 .................................................

3.4 .................................................

4. DIE MAATSKAPLIKE WERKER SE TAKE

4.1 .................................................

4.2 .................................................

4.3 .................................................

4.4 .................................................

5. DUUR VAN HULPVERLENING

........................................................

6. SKEDULE VAN ONDERHOUDE

.........................................................

7. BETROKKE PARTYE

.........................................................

8. WEDERSYDSE VERWAGTINGE

8.1 Ten opsigte van die gevangene

......................................................

8.2 Ten opsigte van die maatskaplike werker

......................................................

Hierdie kontrak is bindend vir die duur van die hulpverleningsproses. Alle betrokkenes stem dus saam dat die doeltreffendheid van die kontrak van tyd tot tyd geëvalueer sal word. Wysigings geskied slegs met die toestemming van alle betrokke partye.

Geteken te............................... op hierdie...... dag van................ 19....

.................... ....................

gevangene maatskaplike werker

*****************

BYLAE B

**INDEX OF SELF-ESTEEM (ISE)**

NAME..................................

BOARDNUMBER...........................

This questionnaire is designed to measure how you see yourself. It is not a test, so there are no right or wrong answers. Please answer each item as carefully and accurately as you can by placing a number by each one as follows:

1- rarely or none of the time, 2- a little of the time

3- some of the time, 4- a good part of the time

5- most or all of the time

1. I feel that people would not like me if they really knew me well ....
2. I feel that others get along much better than I do ....
3. I feel that I am a beautiful person ....
4. When I am with other people I feel they are glad I am with them ....
5. I feel that people really like to talk with me ....
6. I feel that I am a very competent person ....
7. I think I make a good impression on others ....
8. I feel that I need more self-confidence ....
9. When I am with strangers I am very nervous ....
10. I think that I am a dull person ....
11. I feel ugly ....
12. I feel that others have more fun than I do ....
13. I feel that I bore people ....

14. I think my friends find me interesting ....

15. I think I have a good sense of humor ....

16. I feel very self-conscious when I am with strangers....

17. I feel that if I could be more like other people I would have it made ....

18. I feel that people have a good time when they are with me ....

19. I feel like a wallflower when I go out ....

20. I feel I get pushed around more than others ....

21. I think I am a rather nice person ....

22. I feel that people really like me very much ....

23. I feel that I am a likeable person ....

24. I am afraid I will appear foolish to others ....

25. My friends think very highly of me ....

3, 4, 5, 6, 7, 14, 15, 18, 21, 22, 23, 25.

Bloom & Fischer (1982:153)

**BYLAE C**

## HEIMLER SCALE OF SOCIAL FUNCTIONING

I **WORK** (a) (full & Part-time earners) ring your answer

a) Do you like the work you are doing? No/Yes/Perhaps

b) On the whole do you like the people you work with? No/Yes/Perhaps

c) Do you feel you are in the right kind of work? No/Yes/Perhaps

d) Have you any really satisfying hobbies or interests outside work? No/Yes/Perhaps

e) Have you enough opportunity for getting on in your work? No/Yes/Perhaps

II **FINANCIAL** (a) (Full and part-time earners and unemployed)

a) Do you live more comfortably than you did two years ago? No/Yes/Perhaps

b) Are you able to save? No/Yes/Perhaps

c) Do you feel at ease about spending? No/Yes/Perhaps

d) Are you reasonably secure financially? No/Yes/Perhaps

e) Do you feel financially secure? No/Yes/Perhaps

III **FRIENDSHIP**

a) Have you a close friend in whom you can confide? No/Yes/Perhaps

b) Outside your family, do you feel there are

people who care about you? No/Yes/Perhaps

c) Do you enjoy making acquaintances? No/Yes/Perhaps

d) Would you want your friends to turn to you with their problems? No/Yes/Perhaps

e) Do you enjoy entertaining or treating people? No/Yes/Perhaps

IV **FAMILY** (a) Primary (i.e. parents, guardians, sibs)

a) When you look back do you feel happy about your childhood? No/Yes/Perhaps

b) Did you have a secure childhood? Yes/No/Perhaps

c) Did you feel that there were people in your childhood who really cared? Yes/Perhaps/No

d) On the whole, do you think your childhood was a good preparation for adult life? No/Yes/Perhaps

e) Would you want your family to turn to you with their problems? Yes/Perhaps/No

(b) Secondary (spouse and children if married or cohabiting)

a) Are you interested in your partner's hobbies and/or activities? Yes/No/Perhaps

b) Do you discuss your money, work or other problems with your partner? Yes/Perhaps/No

c) Do you enjoy family life? No/Perhaps/Yes

d) Do you feel that your partner understands you? Yes/Perhaps/No

e) Do you feel that you understands your partner? No/Yes/Perhaps

V PERSONAL (a) (Married or cohabiting)

a) Are you really satisfied with your marriage? Perhaps/Yes/No

b) Do you feel that your partner really cares about you? Yes/No/Perhaps

c) Does sex bring you much enjoyment in your marriage? Yes/Perhaps/No

d) Do you like to be with children? No/Perhaps/Yes

e) Can you relax? Perhaps/Yes/No

(b) (Single, widowed, divorced, separated)

a) Do you like being single? No/Yes/Perhaps

b) Do you like the company of the opposite sex? Perhaps/No/Yes

c) Do you like children? Yes/Perhaps/No

d) Does sex bring you much enjoyment? Perhaps/Yes/No

e) Can you relax? Yes/Perhaps/No

GENERAL NEGATIVE INDEX

I ENERGY

a) Do you feel overworked? No/Yes/Perhaps

b) Do you feel too tired to work? Yes/No/Perhaps

c) Do you find that your mind is under-active? Perhaps/Yes/No

d) Do you feel too tired to enjoy life? Perhaps/No/Yes

e) Do you feel frustrated because you are prevented from doing things properly? Perhaps/Yes/No

II HEALTH

a) Do you have frequent headaches? Yes/No/Perhaps

b) Do you suffer from aches and pains? No/Perhaps/Yes

c) Is sex an unwelcome activity in your life? Yes/no/Perhaps

d) Are you concerned about your health? No/Perhaps/Yes

e) Is your imagination painful to you? Perhaps/Yes/No

III PERSONAL INFLUENCE

a) Do you often feel dissappointed by people you trust? Yes/No/Perhaps

b) Do you often find that people like being hurtful to you? No/Yes/Perhaps

c) Do you feel that circumstances are often against you? Yes/Perhaps/No

d) Do you find that people are often against you? Perhaps/No/Yes

e) Would you like to have more power and influences? Yes/Perhaps/No

IV MOODS

a) Are you at times very depressed? Perhaps/Yes/No

b) Do you often feel vaguely insecure? Yes/Perhaps/No

c) Do you feel unduly guilty at times? No/Yes/Perhaps

d) Do you ever wish you were dead? Perhaps/Yes/No

e) Do you find that people are often unappreciative of your efforts? Yes/Perhaps/No

**V HABITS**

a) Are you inclined to drink too much? Perhaps/Yes/No

b) Do you take drugs or medicine to help you to relax? Yes/Perhaps/No

c) Do you tend to get over-active or over-excited? No/Yes/Perhaps

d) Do you tend to eat too much or too little? Yes/Perhaps/No

e) Are you driven to do things which cause trouble to yourself or others? Perhaps/No/Yes

**OVERALL VIEW OF LIFE** SYNTHESIS

Score each question out of 20 points — Points

1. How far do you feel you have achieved your ambition in life? .........
2. How far do you feel hopeful for your future? .........
3. How far do you feel your life has meaning? .........
4. How far has life given you enough scope for self-expression? .........
5. When you look back how far do you feel that life was worth the struggle? .........